

**DIE BENUTTING
VAN DIE
ENKELGEVALSTUDIEMETODE
IN SUID-AFRIKA**

Deur

Annalie Pauw

Skripsie voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad
MAGISTER ARTIUM
(Kliniese Sielkunde)

in die
FAKULTEIT SOSIALE WETENSKAPPE
(Departement Sielkunde)

aan die
UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE VRYSTAAT
(Bloemfontein)

Studieleier: Dr M.C. Fourie

Mei 1997

DANKBETUIGING

Ek spreek opregte dank en waardering uit teenoor die volgende persone en instansies wat die studie moontlik gemaak het:

- James en my ouers vir hul volgehoue ondersteuning en onderskraging
- Al my vriende wat nie opgehou het om in my te glo nie
- Dr. M.C. Fourie vir haar studieleiding en geduld
- Die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling (SWO) vir geldelike bystand.

***Menings in hierdie studie uitgespreek en
gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die
outeur en moet nie noodwendig aan die Sentrum
vir Wetenskapsontwikkeling toegeskryf word nie.***

INHOUDSOPGAWE

OPSOMMING	x
SUMMARY	xi
HOOFSTUK 1	
INLEIDING	1
1.1 ORIËNTASIE	1
1.1.1 Die navorser-praktisyn-skeiding	2
1.1.2 Termomskrywing	3
1.2 DOEL VAN DIE STUDIE	4
1.2.1 Onsekerheid oor enkelgevalstudies	4
1.3 MOTIVERING VIR DIE STUDIE	5
1.4 SAMESTELLING VAN DIE STUDIE	6
HOOFSTUK 2	
HISTORIESE OORSIG	8
2.1 ORIËNTASIE	8
2.2 DIE ONTWIKKELING VAN ENKELGEVALSTUDIENAVORSING ASOOK DIE GROEPVERGELYKINGSBENADERING	9
2.2.1 Enkelgevalstudiesnavorsing in die fisiologie en eksperimentele sielkunde	9
2.2.1.1 Fechner	10
2.2.1.2 Wundt en ander leerteoretici	11
2.2.1.3 Pavlov	11
2.2.2 Die groepvergelykingsbenadering	12
2.2.2.1 Inleiding	12
2.2.2.2 Ontwikkeling van statistiese prosedures	12
2.2.2.3 Uitsonderings op die tydsgees	14
2.3 MEDIËSE ENKELGEVALSTUDIES	15
2.3.1 Pinel	16
2.4 TOEGEPASTE NAVORSING	16
2.4.1 Enkelgevalnavorsing	16
2.4.1.1 Watson en Rayner	17
2.4.1.2 Freud	17
2.4.2 Groepvergelykingsnavorsing	19
2.4.2.1 Die effektiwiteit van psigoterapie	19
2.4.2.2 Beperkings van die groepvergelykingsraamwerk	20
2.4.3 Nuwe aanbevelings	21
2.4.4 Die navorser-praktisyn-skeiding	22
2.4.5 Eksperimentele enkelgevalstudies	24
2.4.5.1 Shontz	25
2.4.5.2 Shapiro	25
2.4.5.3 Chassan	26
2.5 SAMEVATTING	26

HOOFSTUK 3

NAVORSINGSDOELSTELLINGS	28
3.1 ORIËNTASIE	28
3.1.1 Navorsingsdoelwitte	28
3.2 BESKRYWENDE NAVORSING	29
3.2.1 Verkennend beskrywende navorsing	30
3.2.2 Gefokusd beskrywende navorsing	30
3.3 TEORIESKEPPENDE OF HEURISTIESE NAVORSING	31
3.3.1 Daarstelling van voorspellingsmoontlikhede	32
3.3.2 Daarstelling van beheer	32
3.3.3 Die waarde van gevallewaarneming	33
3.3.4 "Grounded theory"	33
3.3.5 Hermeneutiese navorsing	35
3.3.5.1 Die hermeneutiese sirkel	35
3.4 TEORIETOETSENDE NAVORSING	36
3.4.1 Stappe van hipotesetoetsende navorsing	36
3.4.1.1 Formulering van die navorsingsvraag	36
3.4.1.2 Opstel van die navorsingsontwerp	37
3.4.1.3 Die insameling van data	38
3.4.1.4 Ontleding en interpretasie	38
3.4.1.5 Dokumentering	38
3.5 SAMEVATTING	39

HOOFSTUK 4

TIPES ENKELGEVALSTUDIES: KWANTITATIEF	40
4.1 ORIËNTASIE	40
4.2 KWANTITATIEWE ENKELGEVALSTUDIES	40
4.2.1 A-B-ontwerp	41
4.2.2 A-B-A-ontwerp	42
4.2.3 A-B-A-B-ontwerp	44
4.2.4 B-A-B-ontwerp	45
4.2.5 Uitbreidings van die A-B-A-ontwerp	46
4.2.5.1 Die A-B-A-B-A-B-ontwerp	46
4.2.5.2 A-B-A-C-A-C'-ontwerp	47
4.2.5.3 A-B-A-B'-A-B"-B"'-ontwerp	47
4.2.5.4 Die interaksie-ontwerp	48
4.2.5.5 Die veranderendekriterium-ontwerp	51
4.2.6 Meervoudigebasislyn-ontwerp	52
4.2.6.1 Meervoudigebasislyn-ontwerp in die geval van verskillende gedragpatrone	52
4.2.6.2 Meervoudigebasislyn-ontwerp in die geval van verskillende subjekte	53
4.2.6.3 Meervoudigebasislyn-ontwerp in die geval van verskillende omgewings	53
4.2.7 Afwisselendebehandeling-ontwerp	54
4.3 SAMEVATTING	53

HOOFSTUK 5

TIPES ENKELGEVALSTUDIES: KWALITATIEF	55
5.1 KWALITATIEWE ENKELGEVALSTUDIES	55
5.2 DOELSTELLINGS	56
5.3 OMSKRYWING	56
5.4 BEGINSELS VAN KWALITATIEWE ENKELGEVALSTUDIES	57
5.5 HOLISTIESE EN INSLUITENDE ENKELGEVALSTUDIES	58
5.6 DATABRONNE	59
5.6.1 Dokumente	60
5.6.2 Argiefmateriaal	60
5.6.3 Onderhoude	61
5.6.4 Direkte waarneming	62
5.6.5 Deelnemende waarneming	62
5.6.6 Fisiese artefakte	65
5.6.7 Psigoterapie	65
5.7 DATA-ANALISE	66
5.8 DIE ENKELGEVALSTUDIE EN FENOMENOLOGIE	68
5.9. POSTMODERNISME EN ENKELGEVALSTUDIES	69
5.9.1 Implikasies vir navorsing	73
5.10 SAMEVATTING	76

HOOFSTUK 6

NAVORSINGSONTWERP	78
6.1 INLEIDING: 'N BESKRYWENDE STUDIE	78
6.2 KWALITATIEWE NAVORSING	79
6.2.1 Algemene opmerkings oor kwalitatiewe navorsing	79
6.3 NAVORSINGSPROSEDURES WAT GEVOLG IS	81
6.3.1 Databronne	81
6.3.2 Data-insameling	82
6.3.2.1 Voorafondersoek	82
6.3.2.2 Data-insamelingsoektogte	82
6.3.3 Dataverwerking	83
6.4 SAMEVATTING	86

HOOFSTUK 7

DIE NAVORSINGSRESULTATE EN DIE INTERPRETASIE DAARVAN	87
7.1 ORIËNTASIE	87
7.2 TYDSKRIFARTIKELS	87
7.2.1 Tema 1: Kwalitatief of kwantitatief	87
7.2.1.1 Kwantitatiewe artikels	88
7.2.1.2 Kwalitatiewe artikels	88
7.2.1.3 Kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes ...	89
7.2.2 Tema 2: Spesialisierigting	90
7.2.3 Tema 3: Navorsingdoelstellings	93
7.2.3.1 Teorietoetsende en hipotesetoetsende navorsing	94

7.2.3.2	Beskrywende navorsing	96
7.2.3.3	Heuristiese of verklarende navorsing	98
7.2.4	Tema 4: Noodsaaklikheid van of motivering vir die studie	98
7.2.5	Tema 5: Benutting van die resultate	103
7.2.5.1	Navorsing stel 'n doeltreffende tegniek voor	103
7.2.5.2	Navorsing bied 'n verklaring van 'n verskynsel	104
7.2.5.3	Navorsers gee wenke vir verdere navorsing of terapie	106
7.2.5.4	Die navorsing bied evaluering of ontwikkeling van 'n meetinstrument	107
7.2.5.5	Nuwe ontwikkeling in die navorser se eie praktyk op grond van die navorsing	108
7.2.6	Samevatting van artikels in internasionale tydskrifte	108
7.3	PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGS	109
7.3.1	Tema 1: Kwalitatief of kwantitatief	109
7.3.2	Tema 2: Spesialisierigting	111
7.3.3	Tema 3: Navorsingsdoelstellings	112
7.3.3.1	Beskrywende studies	113
7.3.3.2	Toetsende studies	115
7.3.3.3	Heuristiese studies	116
7.3.4	Tema 4: Noodsaaklikheid van of motivering vir die studie	116
7.3.4.1	Praktiese toepassing van 'n model of teorie	117
7.3.4.2	Verbetering van, voortbouing op of bevestiging van vorige studies	118
7.3.4.3	Nuwe of vollediger beskrywing van 'n verskynsel	119
7.3.4.4	Opleiding	120
7.3.4.5	Uitbreiding en bevestiging van 'n teorie	120
7.3.4.6	Dokumentering van geskiedenis	121
7.3.5	Tema 5: Benutting van die resultate	121
7.3.6	Samevatting van proefskrifte en verhandelings	125
7.4	SAMEVATTING VAN ARTIKELS EN VERHANDELINGS	125

HOOFSTUK 8

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING	128
8.1 INLEIDING	128
8.2 SAMEVATTING VAN DIE BEVINDINGE	128
8.2.1 Samevatting van internasionale artikels	128
8.2.1.1 Kwalitatief of kwantitatief	128
8.2.1.2 Spesialisierigting	129
8.2.1.3 Navorsingsdoelstellings	130
8.2.1.4 Noodsaaklikheid van of motivering vir die studie	131
8.2.1.5 Benutting van die resultate	132
8.2.2 Samevatting van Suid-Afrikaanse proefskrifte en verhandelings	132
8.2.2.1 Kwalitatief of kwantitatief	133
8.2.2.2 Spesialisierigting	133
8.2.2.3 Navorsingsdoelstellings	134
8.2.2.4 Noodsaaklikheid van of motivering vir die studie	135
8.2.2.5 Benutting van die resultate	135

8.3 VERGELYKING VAN TYDSKRIFARTIKELS EN PROEFSKRIFTE	136
8.4 NAVORSINGSVRAAG	137
8.5 DIE ROL VAN ENKELGEVALSTUDIES	138
8.6 DIE NAVORSER-PRAKTISYN-SKEIDING	139
8.7 LEEMTES VAN DIE STUDIE	140
8.8 AANBEVELINGS	141
8.9 SAMEVATTING	143
BRONNELYS	144
BYLAAG A: LYS VAN INTERNASIONALE ARTIKELS	161
BYLAAG B: LYS VAN PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGS	168

LYS VAN TABELLE

Tabel 7.1	Die kwalitatiewe of kwantitatiewe aard van die internasionale artikels	88
Tabel 7.2	Die spesialisierigting wat in internasionale tydskrifartikels voorgekom het.	90
Tabel 7.3	Die navorsingsdoelstellings van die internasionale artikels.	94
Tabel 7.4	Motivering vir 'n enkelgevalstudie soos dit voorkom in die internasionale artikels	99
Tabel 7.5	Benutting van die resultate van die internasionale artikels	103
Tabel 7.6	Die spesialisierigting vervat in Suid-Afrikaanse proefskrifte en verhandelings	111
Tabel 7.7	Die navorsingsdoelstellings van die Suid-Afrikaanse proefskrifte en verhandelings	113
Tabel 7.8	Die inhoud van beskrywende Suid-Afrikaanse proefskrifte en verhandelings	113
Tabel 7.9	Motivering vir 'n enkelgevalstudie soos dit voorkom in die Suid-Afrikaanse proefskrifte en verhandelings	117
Tabel 7.10	Benutting van die resultate van die Suid-Afrikaanse proefskrifte en verhandelings	121
Tabel 8.1	Die vergelyking tussen internasionale artikels en Suid-Afrikaanse proefskrifte en verhandelings	136

OPSOMMING

Die enkelgevalstudie het in die ontwikkeling van die sielkunde 'n bepalende rol gespeel en is deur sommige van die belangrike teoretici as navorsingsmetode gebruik. Ten spyte hiervan het enkelgevalstudies 'n onpopulêre en min gebruikte navorsingsmetode geword wat deur sommige navorsers as ongeldig beskou word. In hierdie navorsingstudie word gepoog om te bepaal hoe die enkelgevalstudie vandag in Suid-Afrika benut word.

Literatuur oor enkelgevalstudies dui daarop dat hierdie soort studies in kwantitatiewe en kwalitatiewe studies verdeel kan word en dui verder op verskeie toepassingsmoontlikhede vir die enkelgevalstudie. Ten spyte daarvan bestaan daar by sekere navorsers en studieleiers onsekerheid oor die nut en waarde van hierdie metode asook oor die moontlike gebruike daarvan.

Suid-Afrikaanse proefskrifte en verhandelings asook internasionale artikels is deur middel van rekenaarsoektogte geïdentifiseer en versamel. Die internasionale tydskrifartikels (N=55) en Suid-Afrikaanse proefskrifte en verhandelings (N=22) is aan die hand van kwalitatiewe metodologie ontleed. Die inhoud van die artikels en verhandelings is volgens vyf temas ondersoek: (1) die kwalitatiewe of kwantitatiewe aard daarvan, (2) die spesialisasierigting, (3) die oorhoofse navorsingsdoelstelling, (4) die motivering en (5) die benutting van die resultate.

Uit die resultate blyk dat Suid-Afrikaanse enkelgevalstudies meestal kwalitatief van aard is en veral in die sistemiese, sosiaal-konstruksionistiese en psigodinamiese raamwerke gebruik word. In teenstelling hiermee toon internasionale enkelgevalstudies 'n meer eweredige verspreiding tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe studies. Suid-Afrikaanse enkelgevalstudies is meestal beskrywend. Die studies beskryf óf 'n verskynsel, óf 'n intervensie óf die gebruik van 'n meetsinstrument. Die studies word veral gemotiveer deur die behoefte aan die voorlegging van 'n praktiese toepassing van 'n model of teorie. Die resultate van die studies bied meestal aan terapeute of navorsers praktiese wenke rakende verdere gevalle of navorsing. Verder is dit ook nuttig in dié opsig dat dit die bruikbaarheid van sekere teorieë of tegnieke toon. Enkelgevalstudies bied detail-, gekontekstualiseerde diepte-inligting wat moeilik deur groepvergelingsnavorsing beskikbaar gestel sou kon word.

SUMMARY

Single-case studies have played an important role in the development of psychology and have been used by many important theorists as a research and theory-building aid. Today the single-case study has become an unpopular and rarely used method in research and is seen by many researchers as lacking in validity. This study aims to establish how this controversial method is applied in South Africa today.

Literature on single-case studies points to a division between quantitative and qualitative single-case studies with a wide range of applications in both areas. Some researchers and research supervisors are still confused concerning the possible uses and contributions of this method.

South African dissertations and theses as well as international articles were identified by computer searches. Qualitative methodology was used to analyse the international journal articles (N=55) and South African theses and dissertations (N=22). These single-case studies were analysed according to five themes: (1) quantitative or qualitative methodology, (2) the specialization area, (3) the research aim, (4) the motivation for the study and (5) the use and value of the results.

South African single-case studies are mostly qualitative and occur mostly in the systemic, social-constructionist and psychodynamic fields. The international single-case studies showed a more even distribution between qualitative and quantitative studies. South African single-case studies are mostly descriptive, choosing to describe either a certain phenomenon or process, an intervention or measuring instrument. Many researchers are motivated by the need to produce a practical application of a theory or technique. The results of these studies give practical hints for further research and therapy and show the usefulness of theories which previously seemed impractical. Single-case studies produce detailed, contextualised in-depth information that would not become available by means of group-comparison research designs.

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 ORIËNTASIE

Sedert die vroegste tye fokus mense op individue in mites, legendes en mondeling oorgelewerde stories om iets te leer van die wêreld waarin hulle leef. In die sielkunde speel die bestudering van die individu ook sedert S Freud en ander teoretici 'n noodsaaklike rol. Heelwat van die invloedryke teorieë wat vandag nog in die sielkunde bestaan, is gegrond op enkelgevalle. Die leser word hier herinner aan Anna O en S Freud se ontdekking en boekstaving van oordrag as gevolg van hierdie geval. Piaget het sy ontwikkelingsteorie gegrond op sy observasie van sy eie kinders. Watson en Rayner (1920) se studie van 'n klein seuntjie is nog so 'n voorbeeld. Hierdie gevalle het almal teorieë tot gevolg gehad wat jare daarna nog deur groot groepe teoretici en praktisyns aanvaar en toegepas word. Dit is duidelik dat enkelgevalstudies 'n onmisbare rol in die ontwikkeling van kliniese en ontwikkelingsielkunde gespeel het (Edwards, 1993). Hierdie metode van kennisvermeerdering het egter nie die goedkeuring van alle wetenskaplikes weggedra nie en het met die koms van groepvergelyking, statistiek en hipotesetoetsende navorsing in onguns verval (Mitchell, 1983). Enkelgevalstudies word egter steeds vandag tot meerdere of mindere mate benut, alhoewel daar soms onsekerheid oor hierdie metode bestaan (Bromley, 1986). Die vraag wat in hierdie ondersoek gestel word, is watter rol enkelgevalstudies vandag in die wetenskap speel. Verder sal die rol wat deur hierdie soort studies gespeel kan word, ook ondersoek word.

'n Positivistiese benadering tot navorsing, wat poog om die metodes van die natuurwetenskappe op die sosiale wetenskappe toe te pas, beskou nie enkelgevalstudies as 'n geldige navorsingsmetode nie en het bygedra tot die

onpopulêriteit van enkelgevalstudies. Ten spyte van hierdie verwerping deur positivisme, het positivistiese navorsing beperkte sukses gehad in die daarstelling van enige praktiese begrip vir kliënte en verder het eksperimentele navorsing nie dikwels daarin geslaag om teorie-ontwikkeling daar te stel nie (Edwards, 1993).

In 'n postmoderne tydsgeslag waar die konsepte *objektiewe kennis* en *waarheid* sterk bevraagteken en ontken word, word die toepaslikheid en wenslikheid van 'n positivistiese navorsingsraamwerk ook sterk bevraagteken. Kennis is volgens postmoderne teorieë, soos sosiaal-konstruksionisme, 'n sosiale konstruksie; 'n skepping van albei partye, naamlik die ondersoekgroep en die ondersoeker. Volgens hierdie raamwerk is alle kennis, en dus navorsing, 'n medeskepping. Terapie tussen kliënt en terapeut is ook 'n medeskepping (Gergen, 1994). Navorsers en terapeute se reaksie op die verwerping van die konsepte *objektiwiteit* en *waarheid* is om selfrefleksief te wees (Keeney, 1983). Selfrefleksiwiteit behels om die navorser of terapeut se rol in die proses eksplisiet te maak en kommentaar te lewer oor die navorser se invloed op die proses en die proses se invloed op die navorser. Sou die enkelgeval nie aan navorsers 'n gulde geleentheid gee om selfrefleksief te wees nie? Verder ontstaan die vraag of selfrefleksiewe enkelgevalstudies nie ook sal bydra tot navorsers se praktiese vaardighede as terapeute nie. Hierdie vraag bring ons by die vraagstuk rondom navorsers as praktisyns.

1.1.1 Die navorser-praktisyn-skeiding

Sielkundiges werk daagliks met kliënte wat in terapeutiese situasies 'n hoeveelheid data aan hulle beskikbaar stel waarna die meeste onderhoudvoerders smag. Hierdie kontak wat terapeute daagliks met mense se leefwêreld het, word egter nie deur die terapeute oorweeg as ideale data vir die bevestiging, uitbreiding of verandering van teorieë nie. Elke kliënt bied die navorser geleentheid om teorie te verifieer, te verwerp of uit te brei. Terapeute maak ook gereeld van hul ervaring met vorige kliënte gebruik

om hul eie private ervaringswêreld op te bou vir gebruik in die hantering van nuwe kliënte. Hierdie ervaring wat terapeute opdoen en private teorieë wat opgebou word, word ongelukkig selde of ooit gepubliseer. Ten spyte hiervan kan daar met reg gesê word dat elke terapeut wat in die praktyk staan, daagliks “navorsing” doen en dit dien, onder andere, om hul eie paradigmas te verryk. Praktisyns beskou hulself egter nie as navorsers nie en die gevolg is dat baie min praktisyns aan navorsing deelneem of navorsingsresultate lees. Derhalwe gaan uitstekende geleenthede vir verdere navorsing daagliks verlore. 'n Mens sou ook kon wonder hoeveel uitsonderlike of rare verskynsels ondersoek kon word (aangesien enkelgevalstudies bykans die enigste manier is om sodanige verskynsels te ondersoek en meer daarvan te leer) en hoeveel interessante toepassings beskryf kon gewees het, indien praktisyns hulself ook as navorsers beskou het. Hierdie navorser-praktisyn-verdeling berokken skade aan sielkunde as 'n korpus van kennis. Die enkelgevalstudie sou 'n goeie metode wees om hierdie verdeling te oorbrug indien navorsers meer duidelikheid kon kry oor die algemene benutting daarvan (Edwards, 1990).

1.1.2 Termomskrywing

In die literatuur word daar dikwels ander terme, soos *gevalliestudies*, *ideografiese navorsing* en *enkelproefpersoonondersoek*, vir enkelgevalstudies gebruik (Barlow & Hersen, 1984; Huysamen, 1993). Vir doeleindes van hierdie studie sal die term *enkelgevalstudie* gebruik word vir enige ondersoek waarin daar slegs een eenheid van ondersoek is. Hierdie eenheid van ondersoek kan 'n individu, gesin, groep, gemeenskap, organisasie of instansie wees. In hierdie studie sal kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe enkelgevalstudies ondersoek word. In die literatuur word kwalitatiewe en kwantitatiewe enkelgevalstudies heeltemal apart beskou en kwantitatiewe enkelgevalstudies staan ook bekend as eksperimentele enkelproefpersoonontwerpe. Hoewel hierdie twee benaderings radikaal verskil, kom albei in hierdie navorsing ter sprake aangesien die navorser geïnteresseerd is in N=1-

studies. Hierdie navorsing sal dan ook aandui hoe enkelgevalstudies in hierdie twee benaderings verskil.

Enkelgevalstudies kan in verskeie velde soos politieke wetenskap, sosiologie, organisasie- en bestuurstudies en stads- en streeksbeplanning gebruik word (Yin, 1989). Vir doeleindes van hierdie studie sal slegs van die studies wat in die sielkunde gedoen is, ondersoek word.

1.2 DOEL VAN DIE STUDIE

Hierdie is 'n kwalitatiewe, beskrywende studie wat poog om 'n beskrywing van die algemene benutting van die enkelgevalstudie in Suid-Afrika te gee. Die studie wil nie 'n verklaring bied vir die verskynsel nie en ook nie enkelgevalstudies evalueer nie, maar 'n volledige, dieptebeskrywing van die benutting van enkelgevalstudies gee. Die doelwit is dat die leser 'n duidelike indruk sal kan vorm van die benutting van die verskynsel. Hierdie beskrywing sal poog om die stand van die enkelgevalstudie in Suid-Afrika uiteen te sit en ook te beskryf hoe hierdie metode gebruik word. 'n Duidelike beskrywing hiervan sal hopelik beter begrip bewerkstellig.

Die rigtinggewende navorsingsvraag in hierdie studie is dus: *“Hoe word enkelgevalstudies in die algemeen in Suid-Afrika gebruik?”* In die beskrywing word gepoog om 'n antwoord op hierdie vraag te verskaf.

1.2.1 Onsekerheid oor enkelgevalstudies

Skeptisisme bestaan tans in sekere kringe oor hierdie navorsingsmetode, 'n houding waarmee die navorser by verskeie geleenthede in haar gesprekke met akademici in aanraking gekom het. Daar bestaan min beskikbare literatuur oor hierdie onderwerp en die probleme wat die navorser ervaar het om die titels van Suid-Afrikaanse

enkelgevalstudies te bekom, bevestig verder die onduidelikheid wat tans heers oor die toepassing van hierdie metode. Die onsekerheid oor die benutting van hierdie metode in Suid-Afrikaanse navorsing is waarskynlik 'n belangrike rede waarom enkelgevalstudies redelik skaars is. Dit blyk verder dat onsekerheid veral bestaan oor die geldigheid en bruikbaarheid van die enkelgevalstudie. In die opleiding van studente word min aandag aan hierdie metode geskenk en navorsingstekste skenk ook min aandag aan enkelgevalstudies (Edwards, 1993). Hierdie navorsing wil poog om van dié onsekerhede uit die weg te ruim.

1.3 MOTIVERING VIR DIE STUDIE

Voornemende navorsers en studente oorweeg deurgaans 'n verskeidenheid van navorsingsontwerpe wanneer hul met hul navorsing begin. Supervisors en studieleiers word ook dikwels in die posisie geplaas om navorsingsontwerpe te beoordeel. Hierdie navorser het die enkelgevalstudies vir hierdie studie met groot moeite bekom. Dit is 'n duidelike aanduiding dat enkelgevalstudies 'n navorsingsontwerp is wat nie gereeld gekies word nie. Hierdie feit kan deels toegeskryf word aan Suid-Afrikaanse navorsers se onsekerheid oor die aard en aanvaarbaarheid van hierdie metode in wetenskaplike kringe. Studieleiers moet ook besluite neem oor die wenslikheid van hierdie metode vir hulle studente. In die lig van die tekort aan inligting oor enkelgevalstudies en veral 'n tekort aan inligting oor die toepassing en toepassingsmoontlikhede daarvan, neem hierdie navorser aan dat die besluite wat studente, studieleiers en navorsers moet neem, problematies kan wees. Die navorser neem ook aan dat die tekort aan inligting daartoe lei dat baie navorsers eerder kies om nie van hierdie “buiteperd” gebruik te maak nie.

Hierdie studie is gemotiveer deur die tekort aan inligting wat bestaan oor die toepassing van enkelgevalstudies en die vermoede dat hierdie tekort dikwels die gebruik van enkelgevalstudies inhibeer.

Die navorser hoop dat die resultate van hierdie studie deur ander navorsers benut kan word wanneer hulle 'n ontwerp en metode moet kies. Verder kan die resultate van hierdie studie terugvoering bied aan die navorser se eie opleidingsstelsel en so moontlik vir studieleiers, programontwerpers en die navorsingskomitee van waarde wees.

1.4 SAMESTELLING VAN DIE STUDIE

Die samestelling van die studie is soos volg:

In *Hoofstuk 2* word 'n oorsig van die historiese ontwikkeling van die enkelgevalstudie gegee. In hierdie hoofstuk word die wisseling in die populariteit van die enkelgevalstudie en die kontekste waarin dit histories gebruik is, ondersoek.

In *Hoofstuk 3* word die verskillende doelstellings van navorsing bespreek. Die breë doelstellings van navorsing is belangrik wanneer daardie navorsing ondersoek word. Navorsers se keuse van 'n ontwerp en prosedures word hoofsaaklik deur hul oorhoofse doelstellings gerig, en hierdie hoofstuk poog om aan te dui hoe die doelstelling die navorsingsprosedures beïnvloed.

In *Hoofstuk 4* word die kwantitatiewe benutting van die enkelgevalstudie beskryf. Kwantitatiewe enkelgevalstudies staan ook bekend as eksperimentele enkelgevalstudies. Die onderskeie vorms van eksperimentele enkelgevalstudies word in hierdie hoofstuk beskryf.

In *Hoofstuk 5* word die kwalitatiewe toepassing van enkelgevalstudies bespreek. Die onderliggende filosofie van hierdie metode sowel as die implikasies daarvan word bespreek. Belangrike aspekte van kwalitatiewe enkelgevalstudies word bespreek.

In *Hoofstuk 6* word die navorsingsprosedures wat in hierdie studie gevolg is, uiteengesit. 'n Oorsig van beskrywende navorsing en kwalitatiewe navorsing word ook gegee.

In *Hoofstuk 7* word die resultate van die studie weergegee. Die resultate word so weergegee dat die leser 'n duidelike beeld van die stand van die enkelgevalstudie kan vorm.

Hoofstuk 8 behels die samevatting en aanbevelings van die studie. In hierdie hoofstuk som die navorser die resultate op en word die beperkinge van die studie aangeraak. Dit bevat ook aanbevelings vir navorsers en studieleiers wat hierdie metode wil volg.

HOOFSTUK 2

HISTORIESE OORSIG

2.1 ORIËNTASIE

In die geskiedenis van die sielkunde het die populariteit en gebruik van die enkelgevalstudie gewissel. By tye was dit baie populêr en dan weer minder populêr. Soos reeds aangedui, bestaan daar vandag steeds nie eenstemmigheid onder navorsers oor die waarde van die enkelgevalstudie nie. In 'n poging om meer duidelikheid oor hierdie soort studie te kry, is dit belangrik om die historiese ontwikkeling van die metode te volg.

Sedert die vroegste tye is die mens besig met die verklaring en dieptebeskrywing van individue. Eeue gelede het dit in die vorm van mites en legendes gebeur en op die gebied van die sielkunde en psigiatrie is individuele gevalle van vroeg af gebruik om kennis te bevorder. Hierdie hoofstuk sal poog om die wortels en ontwikkeling van die enkelgevalstudie weer te gee. Soos die eksperimentele sielkunde se wortels in die fisiologie te vinde is, is dit ook so ten opsigte van die eerste enkelgevalstudies (Bromley, 1986).

Enkelgevalstudies was in die ontwikkeling van die eksperimentele sielkunde uit die fisiologie 'n belangrike metode. Hierdie hoofstuk sal sowel die ontwikkeling van die vroeë fisiologie as die vroeë eksperimentele sielkunde bespreek, om aan te dui hoe enkelgevalstudies in hierdie konteks gebruik is. Die ontwikkeling van die groepvergelingsbenadering sal ook bespreek word om te toon hoe enkelgevalstudies later in die eksperimentele sielkunde in onbruik en ook in onguns geraak het. Daarna het die besef van die beperkinge van groepvergelingsnavorsing egter toegeneem en die enkelgeval het in hierdie konteks weer groter legitimiteit gekry.

Die fokus van die vroeë eksperimentele sielkunde was grootliks op normale bewus-synsfunksionering. Die patologiese is op daardie stadium as deel van die mediese wetenskap beskou, aangesien navorsers aanvaar het dat psigopatologie slegs deur mediese of fisiologiese probleme veroorsaak is. In die medisyne en vroeë psigiatrie is ook van enkelgevalstudies gebruik gemaak (Benjamin, 1988) waarvan voorbeelde ook in hierdie hoofstuk bespreek sal word. Freud se invloed lei daartoe dat aanvaar word dat psigopatologie of abnormale gedrag ook deur sielkundige faktore veroorsaak kan word, wat daartoe lei dat abnormale gedrag en kliniese probleme ook 'n ondersoekgebied in die sielkunde word. Die studies wat hierop volg en klinies van aard is, noem die navorser vir doeleindes van hierdie studie "toegepaste navorsing". Laastens word die rol van enkelgevalstudies in toegepaste navorsing in hierdie hoofstuk bespreek.

Die historiese oorsig word hier in drie dele verdeel: eerstens kom die bespreking van eksperimentele sielkunde en die ontwikkeling van die groepvergelingsraamwerk aan die beurt, tweedens volg voorbeelde uit die mediese wêreld en laastens word toegepaste navorsing ondersoek.

2.2 DIE ONTWIKKELING VAN ENKELGEVALSTUDIENAVORSING ASOOK DIE GROEPVERGELYKINGSBENADERING

2.2.1 Enkelgevalstudienavorsing in die fisiologie en eksperimentele sielkunde

Die tradisie van enkelgevalstudienavorsing kan teruggedateer word na die vroeë eksperimentele fisioloë met spesifieke verwysing na die werk van Claude Bernard. Bernard (1933/1957) gee in hierdie werke voorbeelde van eksperimente wat hy gedoen het. Hy gebruik aanvanklik 'n individuele dier in sy eksperiment en verifieer na hierdie enkelgevalstudie sy teorie deur dit op ander diere te toets. 'n Voorbeeld hiervan is sy studie van *curare*, 'n Suid-Amerikaanse gif. Hy het aanvanklik die gif onder die vel van een padda geplaas en dadelik na die padda se dood 'n outopsie

gedoen. Op grond van hierdie enkelgeval het hy 'n teorie oor die werking van curare geformuleer. Hierdie teorie is verder met ander diere geverifieer maar die aanvanklike teoriebou het plaasgevind op grond van een geval.

Nog 'n mylpaal in die gebruik van individuele gevalle in die vroeë fisiologie kan gesien word in die werk van Broca in 1861. Broca het 'n man, genaamd Leborgne, versorg wat gehospitaliseer was en nie verstaanbaar kon praat nie. Voor sy dood is hy sorgvuldig ondersoek en 'n nadoodse ondersoek is ook gedoen. Met die nadoodse ondersoek ontdek Broca 'n letsel in die linker frontale lob van die serebrale korteks. Op grond van hierdie bevinding was Broca daarvan oortuig dat hy die area in die brein gevind het wat betrekking het op die produksie van spraak (Broca, 1861). Alhoewel hierdie bevinding van hom gegrond was op 'n enkelgeval, word hierdie breinarea vandag steeds met die produksie van spraak verbind. Sy studie van 'n individu het nie alleen tot 'n belangrike ontdekking gelei nie, maar ook die ontwikkeling van 'n nuwe metode van breinbestudering geïnspireer (Barlow & Hersen, 1984).

2.2.1.1 Fechner

Soos wat individue in die fisiologie bestudeer is, is individue ook op die gebied van Fechner (Hersen, 1990) se ontwikkeling, genaamd psigofisika, bestudeer. Fechner doen sy studies oor sensasie op enkelorganismes. Hy het herhaaldelik dieselfde subjek aan verskillende intensiteite van stimuli blootgestel en is ook een van die eerste wetenskaplikes wat statistiese metodes gebruik het om 'n "ware" sensoriese drumpel aan te dui. Hierdie statistiek word egter gebruik om verskille in 'n gegewe individu te verklaar en nie om verskille tussen mense te verklaar nie. Hierdie statistiese prosedures word eers later toegepas op verskillende groepe (Hersen, 1990).

2.2.1.2 Wundt en ander leerteoretici

Wundt bou verder op hierdie metodologiese tradisie. Hy bestudeer hoofsaaklik sensasie en persepsie, idees en gevoelens. Wundt (1894) beskou introspeksie in eksperimentele omstandighede as die enigste metode waarvolgens sinvolle navorsing oor die bewussyn en bewussynsprosesse kan plaasvind. Die navorser moet die elemente van die bewussyn analiseer soos dit in die geheue vasgelê is. Hierdie metode van introspeksie berus weer eens op die studie van individue. Individue moes opgelei word daarin om ervarings op 'n objektiewe manier te beskryf (Benjamin, 1988). Selfobservasie moet in gekontroleerde, eksperimentele omstandighede toegepas word waar die bewussynsprosesse beheer word deur die eksterne stimuli te kontroleer. Op die gebied van menslike leer formuleer verskeie teoretici beginsels onderliggend aan hierdie verskynsel ook op grond van werk met individue (Hothersall, 1990). Die herhaaldelike meting van een individu en versigtige dokumentasie daarvan is as 'n geldige navorsingsmetode beskou (Barlow & Hersen, 1984).

2.2.1.3 Pavlov

Vroeg in die eerste deel van die twintigste eeu voer Pavlov (1958) sy bekende eksperimente uit wat oor leer en die gekondisioneerde refleks handel. Pavlov (1958) maak sy afleidings op grond van eksperimente op individuele organismes. Hy ontwikkel die salivêrefleksmetode om honde se reaksies op sekere stimuli te bestudeer. Hy het normale, gesonde honde hiervoor gebruik. Eers nadat hy 'n basiese teorie op grond van een geval geformuleer het, verfyn hy sy teorie van die gekondisioneerde refleks verder deur dit op verskeie honde te toets. Die eksperimentering op meer as een hond laat hom toe om honde verder in kategorieë te verdeel op grond van hul sensustelsels, byvoorbeeld dié met sterk en dié met swak sensustelsels. Uit bogenoemde kan die afleiding gemaak word dat die enkelgevalstudie tot en met die twintigste eeu groot agting geniet het in die wetenskaplike gemeenskap

(Benjamin, 1988). Wetenskaplikes het verreikende afleidings gemaak op grond van hul studies van individuele organismes en van hierdie gevolgtrekkings en afleidings word vandag nog as die basis van die onderskeie studieverdele beskou. Later in die twintigste eeu volg daar egter verdere ontwikkelings en 'n ander metode van navorsing word ontwikkel, naamlik die groepvergelingsbenadering.

2.2.2 Die groepvergelingsbenadering

2.2.2.1 Inleiding

In die vroeë jare van die fisiologie en sielkunde word navorsing oor individue en individuele organismes gedoen. Teorieë word op grond van hierdie enkelgevalstudies geformuleer en daar is min aandag geskenk aan ander vorms van navorsing. Aan die begin van die twintigste eeu volg 'n nuwe ontdekking, naamlik die bestudering van individuele verskille. Die bestudering van individuele verskille kan teruggevoer word na die werk van Adolphe Quetelet (Stilson, 1966) 'n Belgiese astronoom, wat ontdek het dat menslike eienskappe 'n normaalkurve volg. Volgens hom strewe die natuur daarna om "l'homme moyen" (die gemiddelde man) te produseer maar daar sluip telkens foute in. Die wetenskap kan, volgens hom, deur statistiek en ander wetenskaplike metodes te gebruik, hierdie gemiddelde mens bepaal. Hierdie idee het 'n groot invloed op sielkundige navorsing gehad deurdat hierdie statistiese metodes later gebruik is om sielkundige probleme te bestudeer. Met die ontwikkeling van die Amerikaanse funksionalisme en die funksionaliste se klem op die bestudering van intelligensie word die grondslag van die vergelyking van individue gelê (Johnston & Pennypacker, 1980).

2.2.2.2 Ontwikkeling van statistiese prosedures

In die sielkunde ontwikkel teoretici beskrywende statistiese metodes, byvoorbeeld korrelasie en sodoende word die konstruksie van intelligensietoetse verder bevorder.

Cattell (1940/1966) doen ook verdere ontwikkeling op die gebied van beskrywende statistiek en die vergelyking van groepe (Johnston & Pennypacker, 1980). 'n Voorbeeld van die ontwikkelings op die gebied van statistiek is die studie van Cattell (1940/1966) wat die intellektuele ontwikkeling van 274 kinders herhaaldelik gemeet het tussen die ouderdomme van drie- en 36 maande. Hierdie studie wou die gemiddelde ontwikkeling van babas en kleuters bestudeer, maar het ook gelei tot verdere ontwikkelings op die gebied van intelligensietoetse. Al bogenoemde skrywers het beklemtoon dat individuele verskille voorgestel kon word deur die verspreiding van verskille aan te dui en so afleidings van die populasie te maak (Kratochwill, 1978). Individuele verskille is dus bestudeer deur die gemiddelde van 'n groep te bepaal. Tussen 1910 en 1930 ontstaan 'n groot entoesiasme vir statistiek en ook groot vertrouwe in die krag van statistiese prosedures. Navorsing behels in hierdie tyd veral die vergelyking van groepe ten opsigte van sekere gemete eienskappe.

In die 1930's vind verdere statistiese ontwikkelings in landboukunde plaas wat 'n verdere invloed op navorsing in die sielkunde sou uitoefen. Landboukundiges bemoei hulle met die opbrengs van 'n spesifieke stuk grond. Die individuele plant het geen belangrikheid vir hulle gehad nie maar wel die opbrengs van 'n groep plante. Hulle het groot klem geplaas op die veralgemeenbaarheid van die resultate of opbrengste wat hulle van 'n stuk grond gekry het. As gevolg hiervan doen hulle belangrike werk in die ontwikkeling van steekproeftrekking (Johnston & Pennypacker, 1980). Die klem wat geplaas is op die opbrengste van 'n stuk grond, het dan ook daartoe gelei dat meting slegs op een tydstip plaasvind. Die groeipatroon is dus nooit bestudeer nie en hierdie tendens het ook posgevat in navorsing in sielkunde, naamlik dat meting slegs op een tydstip geskied het. Van die statistiese terme wat vandag nog gebruik word, het hulle oorsprong in die landbou, byvoorbeeld "split-plot"-ontwerp. In hierdie tyd het die navorsing in die sielkunde om die bestudering van groepe gewentel en enkelorganismenavorsing se populariteit het afgeneem (Kratochwill, 1978). In die 1950's het navorsing met individue baie raar geword en 'n tydsgees van

groepvergelyking en statistiese prosedures het geheers. Desnieteenstaande is daar tog 'n paar artikels gepubliseer wat die waarde van enkelgevalnavorsing bespreek.

2.2.2.3 Uitsonderings op die tydsgees

Beck (1953) se werk is 'n voorbeeld van die uitsonderings op die groepvergelykingsnavorsing. Hy bespreek die waarde en beperkinge van groepvergelykingsnavorsing. Hy noem dit “nomotetiese navorsing” en beweer dat dit wetenskaplikes kniehalter en dikwels verhinder om kreatief te wees en so vooruitgang blokkeer. Volgens hom is die nomotetiese benadering alleen nie genoeg om persoonlikheid te bestudeer nie en hy glo dat ideografiese navorsing (enkelgevalstudies) ook gedoen moet word. Hy stel voor dat navorsing in die persoonlikheidsielkunde volgens drie stappe moet geskied. Die eerste stap behels die voorafgaande basiswerk wat nomoteties moet wees aangesien dit die bepaling van norme behels. Die tweede stap moet volg uit die hipoteses wat afgelei is uit die eerste stap. Hierdie stap moet egter ideografies wees en die bestudering van 'n individu behels. Die derde stap is weer nomoteties met eksperimentele ondersoeke. Volgens hom kan persoonlikheid slegs bestudeer word deur 'n integrasie van die twee metodes van navorsing (Beck, 1953).

'n Ander skrywer wat ook in hierdie tydsgees van groepvergelykingsnavorsing en statistiek die gebruik van enkelgevalle bepleit het, was Rosenzweig (1951). Hy stel die gebruik van projektiewe tegnieke in kombinasie met ander psigometriese hulpmiddels voor as 'n poging om nie net inter-individuele funksionering te verstaan nie maar ook die individu self. Dit wil egter voorkom of hierdie pleidooie op dowe ore geval het. Die dilemmas van groepvergelykingsnavorsing word eers met die werk van Bergin en Strupp (1970) weer ernstig ondersoek.

'n Verdere uitsondering in hierdie tyd was Skinner (1957) en sy studente wat besig was met die bestudering van individuele organismes waarop sy teorie van operante kondisionering gegrond is (Barlow & Hersen, 1984). Voordat hy met 'n studie begin het, het hy drie keuses gedoen: eerstens besluit hy op 'n enkele organisme, wat hy hoop verteenwoordigend is, maar die keuse van die organisme berus, volgens hom, steeds op gerief. Tweedens besluit hy op spesifieke gedrag wat bestudeer gaan word en derdens op 'n eksperimentele ruimte wat beheer kan word. Die studie behels dan die herhaaldelike meting van dieselfde organisme in gekontroleerde omstandighede. Alhoewel hy die leser daaraan herinner dat die resultate gebaseer is op een organisme, maak hy steeds verreikende afleidings en gevolgtrekkings. Volgens hom kan veral die opvoedkunde baat vind by die resultate van die studie aangesien dit wentel om die meganismes waarvolgens leer plaasvind. Hy noem ook verder dat die studie se resultate selfs later die regeringsbeleid kan raak (Skinner, 1957). Hy skroom dus nie om verreikende afleidings op grond van die bestudering van individuele organismes te maak nie. Sy studies vorm die basis van 'n nuwe gedragswetenskap. Hieruit ontwikkel die metode van gedragsanalisenavorsing (Kratochwill, 1978).

2.3 MEDIESE ENKELGEVALSTUDIES

Die vroeë ontwikkeling van sielkunde het hoofsaaklik op die gebied van eksperimentele sielkunde plaasgevind. Die onderwerp van studie was nie psigopatologie nie maar eerder individue wat as normaal en sonder patologie beskou is. Die rede hiervoor is dat psigopatologie as deel van die mediese wêreld beskou is, aangesien die somatiese standpunt dat sielkundige versteurings organiese oorsake het, gegeld het. Die psigiese standpunt dat sielkundige versteurings dikwels sielkundige oorsake het, het eers later met die invloed van Freud begin geld (Benjamin, 1988). Die enkelgevalstudie is dikwels in die vroeë psigiatrie gebruik en die werk van Pinel (1806), die groot kampvegter vir hervorming in psigiatrie, sal hier as 'n voorbeeld gebruik word.

2.3.1 Pinel

Pinel (1806) het geglo dat psigiatriese pasiënte wel genees kon word maar dat hulle omstandighede verbeter moes word omdat genesing nie kon plaasvind in 'n konteks van mishandeling en kettings nie. Hy het sy hervormings eers in Bicêtre en later in La Salpêtrière toegepas nadat hy in Bicêtre die invloed van ontketting op spesifieke individue in detail bestudeer het. Hy het enkelgevalle gepubliseer wat sy standpunt geïllustreer het. Een so 'n voorbeeld word gevind in Treating the insane wat in 1806 gepubliseer is. Hy beskryf 'n man wat geglo het dat hy 'n koning was. Deur daaglikse besoeke en gesprekke asook redenasies en bewyse is die man later oortuig van sy ware identiteit en hy is later uit Bicêtre ontslaan en het weer 'n normale lewe gevoer. Dit is opvallend dat Pinel ook gevalle gepubliseer het waar behandeling nie suksesvol was nie, soos die geval van 'n sekere kunstenaar. Daar is gepoog is om hom weer by kuns betrokke te laat word ten einde sy siekte te verlig. Na 'n aanvanklike verbetering het sy toestand skielik versleg en dit het tot en met sy dood nooit weer verbeter nie (Pinel, 1806).

2.4 TOEGEPASTE NAVORSING

2.4.1 Enkelgevalnavorsing

Terwyl fisiologie en sielkunde besig was om as wetenskappe te groei en te ontwikkel, was daar ook deurgaans individue wat probleme gehad het en klinici wat probeer het om hulle te help. Dit blyk dat daar 'n digotomie ontstaan het tussen die groepvergelingsnavorsing wat plaasgevind het en die gevalle wat deur klinici neergeskryf is (Bromley, 1986). Uit die neerskryf van hierdie gevalle, veral gevalle waarin sukses behaal is, is verskeie teorieë, hipoteses en terapeutiese raamwerke ontwikkel. Hierdie metode (enkelgevalstudie) was tydens die eerste helfte van die twintigste eeu bykans die enigste metode waarvolgens kliniese ondersoeke gedoen is. 'n Paar bekende voorbeelde sal vervolgens bespreek word om aan te dui hoe hierdie

metode gebruik is en ook wat die aard van die gevolgtrekkings en afleidings was wat op grond van hierdie studies gemaak is.

2.4.1.1 Watson en Rayner

In 1920 publiseer Watson en Rayner 'n geval van 'n klein seuntjie wat aan fobiese versteuring ly. Hierdie studie toon sterk ooreenkomste met 'n onttrekkingsontwerp maar die subjek het ongelukkig verhuis voordat die omkering volledig was (Barlow & Hersen, 1984). Hierdie geval van die seuntjie herinner dadelik aan die geval wat Freud neergeskryf het van 'n seuntjie genaamd Hans (Freud, 1955). Hierdie geval is vandag steeds bekend en dien as 'n voorbeeld van Freud se teorie van kinderseksualiteit.

2.4.1.2 Freud

Freud bou die meeste van sy teoretiese beskouings op grond van enkelgevalle en observasies. Hy noem dat hy sy teorie oor die meganismes van histerie gebou het op sekere toevallige observasies wat hy gemaak het (Breuer & Freud, 1936). Hierdie observasies laat hom dan toe om sekere aansprake rondom kousaliteit en die oorsake van histerie te maak. In die werk Studies in hysteria (Freud & Breuer, 1936) word die inleiding, wat die bespreking van die teorie rakende histerie behels, gevolg deur 'n hele aantal gevalle wat in detail beskryf is. Breuer (1936) beskryf die bekende geval van Anna O. Hier het hy ontdek dat haar simptome opgeklaar het wanneer sy geleentheid gehad het om oor die oorsprong van die simptoem, of die geleentheid wat die simptoem laat ontstaan het, te praat. Hiervandaan kom dan ook die beskrywing van psigoterapie as 'n situasie waarin probleme weggepraat word (*related away*) (Breuer, 1936, p. 24).

Breuer vra homself af tot watter mate hy kan beweer dat Anna O se histerie 'n tipiese

voorbeeld is en tot watter mate die histerie van ander pasiënte met haar histerie ooreenstem. Hy noem dat dit nodig is om soortgelyke gevalle ook te ondersoek deur van dieselfde metode gebruik te maak, naamlik hipnose. Die enigste afleiding wat hy dan vry voel om te maak, is dat soortgelyke prosesse meer algemeen mag bestaan as waarvan ons bewus is. Dit is egter na 'n reeks sodanige observasies dat hy en Freud bogenoemde werk publiseer en 'n teorie skoei op grond van die observasies van 'n paar enkelgevalle.

Thigpen en Cleckley (1954) beskryf 'n geval van meervoudige persoonlikheidsversteuring in besonderhede, naamlik dié van Eve White, wat ook twee ander persoonlikhede gehad het (Eve Black en Jane). Hulle vergelyk wel die geval met ander gedokumenteerde gevalle maar kom tot die gevolgtrekking dat hulle niks nuuts kan byvoeg by die eerste klassieke werk oor hierdie sindroom nie. Die enigste aanbeveling wat hulle maak, is dat die onderwerp verder bestudeer en dat die werk van vorige skrywers weer oordink moet word om leidrade te vind ten opsigte van hierdie siekte waarin daar so min insig bestaan.

Terwyl groepvergelykingsnavorsing al geruime tyd aan die gang was, het terapeute egter deurgaans enkelgevalstudies gepubliseer. Dit wil voorkom of hierdie gepubliseerde gevallestudies ver verwyder was van die groepvergelykingsnavorsing wat in die navorsingswêreld wyd aanvaar is. Dit blyk dat daar 'n skeiding ontstaan het tussen teoretiese en toegepaste navorsing en dat daar slegs op die terrein van toegepaste navorsing nog enkelgevalnavorsing gedoen is. Die resultate is egter dikwels oordryf en die afleidings was soms verregaande, wat daartoe gelei het dat die populariteit van die enkelgevalstudie selfs in toegepaste navorsing in die vyftigerjare afgeneem het (Barlow & Hersen, 1984).

2.4.2 Groepvergelingsnavorsing

Dit was egter nie net die oordrewe afleidings van enkelgevalstudies wat die populariteit laat afneem het nie maar ook die werk van Eysenck. Eysenck (1952) onderneem 'n oorsig van psigoterapie-uitkomsstudies en vind dat daar 'n verskil tussen die geloof in psigoterapie en die werklike effektiwiteit van psigoterapie is. Hy bevraagteken die effektiwiteit van psigoterapie en doen 'n oproep tot meer gesistematiseerde en kritiese studies van psigoterapie. Hierdie studie van hom beïnvloed uitkomsnavorsing in die breë en binne hierdie soeke na meer sistematiese, wetenskaplike bewyse van die effektiwiteit van psigoterapie word die aandag uiteraard van enkelgevalstudies na groeponavorsing verskuif.

2.4.2.1 Die effektiwiteit van psigoterapie

Na aanleiding van die werk van Eysenck (1952), word die effektiwiteit van psigoterapie vanaf die vyftigerjare deur groepvergelingsnavorsing gemeet. Die groepvergelingsbenadering het dus nou ook toegetree tot die veld van toegepaste navorsing waar dit eers slegs vir teoretiese navorsing gebruik is. Die resultate van hierdie navorsing was egter ook teleurstellend. Aanvanklik word psigoterapie as sodanig bevraagteken as gevolg van die feit dat groepvergelingsnavorsing ook teleurstellende resultate oplewer, maar later word die toepaslikheid van die groepsontwerpe vir psigoterapienavorsing bevraagteken. Bergin noem later dat die statistiese metodes eintlik die positiewe effekte by sommige mense en die negatiewe effekte by ander mense uitgekanselleer het en dat dit dus 'n verarmende beeld weergegee het (Hersen, 1990). Die resultate het dus nie aangedui dat psigoterapie oneffektief was nie maar dat individue baie van mekaar verskil en dat navorsing nie moet handel oor breë kategorieë soos neurose nie maar dat dit die tipe kliënt en die tipe behandeling moet spesifiseer. Die navorsingsvraag moet dus handel oor watter spesifieke behandeling effektief is vir watter spesifieke tipe kliënt in watter tipe

omstandighede (Barlow & Hersen, 1984).

Waar psigoterapie aanvanklik bevraagteken is, is die metode van navorsing later ook bevraagteken. Met die koms van die sestigerjare volg daar 'n groot belangstelling in navorsingsmetodologie, veral met betrekking tot uitkomsstudies.

2.4.2.2 *Beperkings van die groepvergelykingsraamwerk*

In die lig van die groeiende belangstelling in die metodes van uitkomsstudies word die beperkinge van die groepvergelykingsbenadering ontdek. Weer eens speel Bergin 'n belangrike rol hierin en die beperkinge van die groepvergelykingsraamwerk word deur Bergin en Strupp beskryf (Barlow & Hersen, 1984). Hulle dui vyf belangrike beperkings aan:

(1) *Die etiese kwessie.* Enige kontrolegroep behels die onthouding van behandeling vir die kontrolegroep. Die groeplede word dan potensiële voordele ontnem. Hierdie beswaar gaan natuurlik uit van die aanname dat die intervensie effektief is.

(2) *Die praktiese probleme.* Dit is dikwels baie moeilik om 'n groot groep kliënte saam te stel wat ook homogeen is ten opsigte van hulle versteuring. Die afparing van mense blyk ook 'n probleem te wees. In diernavorsing geskied dit meestal makliker as by mense, veral wanneer die persone aan versteurings ly wat min voorkom. Verdere praktiese beperkings is dat groepvergelykingsnavorsing dikwels baie fondse verg, en ook dikwels oor lang periodes strek en baie tydsaam is.

(3) *Die uitkansellering van resultate.* Dikwels gebeur dit dat sommige kliënte verbeter en ander verswak. Wanneer hierdie verskynsel statisties weergegee word, wil dit voorkom of daar by die hele groep geen verandering was nie. Dit is dus nie 'n akkurate weerspieëling van die effek van psigoterapie nie. Die gewone inferensiële

statistiese metodes het ernstige beperkinge wanneer dit in die konteks van uitkomsstudies gebruik word.

(4) *Beperkte veralgemening*. Die vierde beperking van groepvergelingsnavorsing volg op die derde beperking, naamlik statistiese uitkansellering. Dit behels dat 'n klinikus nie op grond van die resultate kan aflei watter tipe kliënte sou kon baat vind by die bestudeerde tegniek nie. Dit word in die algemeen moeilik om enigsins die resultate van die studie te veralgemeen verder as die spesifieke subgroep waarop die studie berus het.

(5) *Intersubjekverandering*. In uitkomsstudies word die vordering meestal slegs een keer gemeet. Die groot intersubjekverandering wat plaasvind, kan ook 'n rede wees vir die "swak" resultate wat verkry word. Die intersubjekveranderinge word ook nie deur hierdie metode in ag geneem nie (Barlow & Hersen, 1984; Hersen, 1990).

2.4.3 Nuwe aanbevelings

Op grond van die bogenoemde beperkings van die groepvergelingsbenadering maak Bergin en Strupp (1970) drie aanbevelings vir verdere navorsers. Die eerste is om te fokus op eksperimentele gevallestudies. Die tweede is om nie meer energie met die bestudering van tradisionele psigoterapietegnieke te verspil nie en die derde is om eerder nuwe tegnieke daar te stel in plaas daarvan om ou tegnieke te bestudeer.

Die eksperimentele gevallestudie en eksperimentele analoë vorm vir Bergin en Strupp (1970) die basiese paradigma van navorsing. Hierdie twee tegnieke is vir hulle basies en sal tot vordering in ons begrip van die meganismes van verandering lei. Dit word egter nie as die enigste gewenste tegnieke beskryf nie, maar as die basis vir navorsing gesien. 'n Navorsingsmodel word deur hulle omskryf waarvolgens tegniekbou kan plaasvind. Vroeër is genoem dat hulle dit nie as gewens beskou het om verdere

navorsing oor ou tegnieke te doen nie, maar eerder om nuwe tegnieke te ontwikkel. Die navorsingsmodel wat hulle voorstel, het dan juis ten doel om nuwe tegnieke te ontwikkel en kan dus as 'n tegniekboumodel beskryf word.

Die tegniekboumodel begin by die eksperimentele analoog en die gevallestudie. Vanuit die algemene sielkunde word sekere analoë gemaak. Hierdie analoë word dan in eksperimentele gevallestudies ondersoek. Na hierdie ondersoek, kan die tegnieke met spesifieke homogene groepe bestudeer word en hierna volg die toepassing van die nuwe tegniek in die kliniese praktyk. So het 'n nuwe tegniek dan tot stand gekom. In die lig van hierdie benadering tot navorsing volg dit logies dat naturalistiese studies ook as waardevol beskou is, aangesien dit behels dat analoë gemaak word, en soos reeds genoem is, vorm analoë vir hulle 'n basiese deel van navorsing. Naturalistiese navorsing behels die bestudering van alledaagse prosesse van verandering. Hierdie model van Bergin en Strupp (1970) het ten doel gehad om die gaping wat daar tussen praktyk en navorsing was, te oorbrug.

Die bevraagtekening van die metodes van die groepvergelykingsbenadering het dus daartoe gelei dat die klem weer na gevalstudienavorsing verskuif het wanneer uitkomstudies gedoen is. Hierdie verskuiwing kan as 'n terugkeer na die individu beskryf word. Die bevraagtekening van die groepvergelykingsbenadering het egter nie alleen gelei tot hierdie verskuiwing nie. Die oorweging van 'n ander vraagstuk het ook gelei tot bogenoemde verandering. Hierdie vraagstuk het te doen met die verhouding tussen praktyk en navorsing.

2.4.4 Die navorser-praktisyn-skeiding

Die toestand van navorsing was, benewens die reeds genoemde probleme met uitkomsnavorsing, verder ook onbevredigend vir veral klinici in die sestigerjare aangesien daar 'n gaping tussen klinici en navorsers ontstaan het. Hierdie toestand is

as die navorser-praktisyn-skeiding (*scientist-practitioner split*) omskryf. Aan die een kant kon navorsers nie naturalistiese en enkelgevalstudies se resultate aanvaar nie omdat die metodes nie vir hulle spesifiek genoeg was nie. Die spesifiek en deeglik beplande groepvergelingsnavorsing is weer aan die ander kant as onprakties beskou en kon nie die komplekse aard van die mens verstaan of bestudeer nie. Die resultate wat sodoende uit groepvergelingsnavorsing afgelei is, was dikwels van geen nut vir praktisyne nie (Kendall & Norton-Ford, 1982). Matarazzo (in Hersen, 1990, p. 178) beskryf die situasie as volg: "Even after 15 years few of my research findings affect my practice. Psychological science per se doesn't guide me one bit... My clinical experience is the only thing that has helped me in my practice to date".

'n Opname van Cohen (1979) het hierdie situasie verder beklemtoon deur aan te toon dat slegs 50% van geestesgesondheidspersoneel navorsingsartikels as een van hul drie primêre bronne van kennis beskryf. Hierdie lae koers is 'n aanduiding dat die klinici nie navorsing as enigins behulpsaam beskou nie. Verder is bevind dat klinici slegs twee artikels per maand lees en dat hulle meer op hul kollegas steun om hul kennis uit te brei as op navorsing.

Hierdie situasie was duidelik onbevredigend. Klinici word opgelei om beide praktisyne en navorsers te wees en hulle moet 'n dubbele rol vervul. Dit volg dan logies dat dit vir enige navorser of praktisyn baie moeilik sou wees om albei hierdie rolle te vervul aangesien die praktyk en navorsing so verwyderd van mekaar geraak het wat betref die onderliggende wetenskapsbeskouing. Klinici moet egter in die ideale omstandighede daartoe in staat wees om hulle werk en teorieë met groot nougesetheid te toets en ook om hul werk op navorsingsgebaseerde kennis te laat berus. Die navorsingsmetode moet terselfdertyd beide die praktyk kan beskryf en ook wetenskaplik wees. Dit moet die riglyne van die wetenskap volg maar ook die kompleksiteite van menslike ervaring en gedragsverandering kan bestudeer (Kendall & Norton-Ford, 1982). Gedragsterapie het 'n oplossing vir die navorser-praktisyn-

skeiding gebied. Enkelgevallen is gepubliseer in die nuwe tydskrif wat tot stand gekom het, naamlik die Journal of Applied Behavior Analysis. Wat hierdie enkelgevallen anders gemaak het as dié van byvoorbeeld die psigoanalitici is dat hulle steeds spesifiek en kwantitatief was en die metode wat gevolg is, was eksperimentele analise van gedrag. Die eksperimentele enkelgevalstudie is toe beskou as 'n effektiewe manier om bogenoemde gaping te oorbrug (Hersen, 1990).

Samevattend kan aangevoer word dat die terugkeer na die bestudering van die individu gevolg het op grond van twee aspekte. Eerstens het dit gevolg op die besef van die beperkinge van groepvergelingsnavorsing vir uitkomstudies. Tweedens het dit gevolg op die ontevredenheid wat geheers het met die navorser-praktisyn-skeiding.

2.4.5 Eksperimentele enkelgevalstudies

In die oorbrugging van die navorser-praktisyn-skeiding deur middel van die eksperimentele enkelgevalstudie, het baie herevaluering en ontwikkeling op die gebied van die enkelgevalstudie plaasgevind. Daar is algemeen aanvaar dat die niekwantitatiewe enkelgevalstudie wel 'n bydrae kan lewer tot die generering van hipoteses wat dan later onderwerp kon word aan nougesette eksperimentele ondersoeke. Dit kan ook gebruik word om meer inligting te verkry oor rare verskynsels. Op daardie stadium is wel gevoel dat die kwalitatiewe enkelgevalstudie nie die meganismes van verandering kan isoleer nie, en die eksperimentele enkelgevalstudie is beskou as meer waardevol in hierdie verband. Drie skrywers van die sestigerjare, naamlik Shontz, Shapiro en Chassan, beskryf maniere waarvolgens die eksperimentele enkelgevalstudie op wetenskaplike wyse gebruik kan word (Barlow & Hersen, 1984).

2.4.5.1 Shontz

Shontz (1965) was 'n voorstander van die verteenwoordigende enkelgevalstudie. Hy het hierdie metode as besonder nuttig vir die bestudering van mense beskou. Hy stel voor dat die enkelgevalstudie gebruik word om bestaande hipoteses te toets by 'n individu wat stabiele persoonlikheidseienskappe het en daarom verteenwoordigend is ten opsigte van hierdie stabiele eienskappe. Dit is egter belangrik dat die individu noukeurig gekies word om seker te maak dat dit werklik 'n verteenwoordigende geval is. Replikasie moet hierna geskied maar dan met 'n individu wat merkbaar van die vorige individu verskil. Indien die hipotese herhaaldelik bevestig word, kan 'n toepasbare gedragswet ontwikkel word. Die hipotese kan natuurlik soms bevestig word en soms verwerp word, en dan is dit die navorser se plig om sy of haar gedagtes oor die hipotese te verander of te spesifiseer in watter omstandighede die hipotese geld. Hy stel 'n metodologie voor waarvan replikasie 'n basiese deel vorm (Barlow & Hersen, 1984).

2.4.5.2 Shapiro

Shapiro (1966) het nie alleenlik die gebruik van enkelgevalstudies aangemoedig nie, maar ook verder gegaan en probeer om 'n voldoende metodologie te ontwikkel. Hy ontwikkel en gebruik versigtig gekonstrueerde metings van klinies relevante aspekte en plaas groot klem op die herhaaldelike meting van hierdie aspekte. Sy studies is dus korrelasioneel, maar gaan ook verder in die sin dat hy dikwels poog om die onafhanklike veranderlike te manipuleer. Hiermee bewys hy dat enkelgevalstudies aan die basiese vereistes vir enige eksperiment kan voldoen. Deur die herhaaldelike meting tot by 'n eindpunt doen hy dan ook uitkomsnavorsing. Hy bewys ook met sy studies sy standpunt dat groepgesentreerde navorsing en individuele navorsing nie inherent opponerend is nie en dat dieselfde beginsels in albei toegepas kan word. Shapiro dra dus verder by tot die ontwikkeling van die enkelgevalstudiemetode as

wetenskaplike navorsingsmetode (Barlow & Hersen, 1984).

2.4.5.3 Chassan

Chassan publiseer in 1979 'n boek getiteld Research design in clinical psychology and psychiatry wat dui op die noodsaaklikheid van enkelgevalstudies asook die tekorte van groepvergelykingsnavorsing of “ekstensiewe” navorsing. Alhoewel hy hoofsaaklik die statistiese prosedures van die enkelgevalstudie beskryf, is dit ook vir hom belangrik dat wisselinge in die individu beskryf moet word en hy beskryf die toestande van kliënte as waarskynlikhede. Hierdie beskouing lei hom daartoe om te teoretiseer dat 'n multidimensionele en multivariante waarskynlikheidsverspreiding opgestel moet word en dat die kliënt se vordering gemeet moet word aan die vergelyking van die waarskynlikheidsverspreidings (Chassan, 1979). Chassan dra dus ook by tot die ontwikkeling van 'n kwantitatiewe, eksperimentele metode waarvolgens die enkelgevalstudie gebruik kan word (Barlow & Hersen, 1984).

2.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar oorsigtelik gekyk na die opinies van wetenskaplikes en navorsers en na die manier waarop hul siening met verloop van tyd gewissel het ten opsigte van die gebruik en waarde van enkelgevalstudies. Daar is uitgewys dat navorsing in die fisiologie en die sielkunde met die bestudering van individuele organismes begin het. Die ontwikkeling van statistiese prosedures het hierdie metode op die gebied van teoretiese navorsing in onguns laat raak. In toegepaste navorsing is enkelgevalstudies nog lank na die ontwikkeling van statistiese prosedures onderneem maar selfs op hierdie gebied het die metode met die werk van Eysenck (1952) sy gewildheid verloor. Na vele probeerslae met groepvergelykingsnavorsing op die gebied van uitkomstudies, begin sekere skrywers egter weer die geldigheid van enkelgevalstudies beskryf en pogings word daarna aangewend om hierdie metode te

ontwikkel en spesifiek te maak. Die enkelgevalstudie is vir lang tye in die geskiedenis van die sielkunde deur eksperimentele sielkundiges sowel as praktisyn-navorsers verwerp. Daar is wel ook aanduidings dat daar in die eksperimentele sowel as die praktiese sielkunde vandag skrywers is wat weer die waarde en nut van die enkelgevalstudie begin raaksien.

HOOFSTUK 3

NAVORSINGSDOELSTELLINGS

3.1 ORIËNTASIE

Hierdie navorsingstudie handel oor die benutting van die enkelgevalstudie in die sielkunde. Wanneer daar egter oor navorsing besin word en veral oor die geldigheid daarvan, moet die doelwitte van navorsing altyd in ag geneem word. Die globale doel van die wetenskap is om te verstaan. Daar word spesifiek in die sielkunde gepoog om die mens te verstaan. Om hierdie doelwit te bereik, is dit nodig om 'n fenomeen akkuraat te beskryf en te ondersoek. Navorsing is die pad waarvolgens hierdie beskrywing en ondersoek plaasvind, ten einde 'n punt van begrip te bereik. Navorsingsdoelwitte word geformuleer aangesien navorsing meer spesifiek is as 'n blote poging om te verstaan (Christensen, 1985). Die persepsie bestaan soms dat slegs hipotesetoetsende navorsing werklik wetenskaplik is. Die doel van hierdie hoofstuk is om te toon dat navorsing dikwels ander doelstellings het as blote hipotesetoetsing en dat navorsing met ander doelstellings ook as wetenskaplik beskou moet word.

3.1.1 Navorsingsdoelwitte

'n Navorsingsdoelwit gee 'n breë aanduiding van wat die wetenskaplike met die navorsing wil bereik (Mouton & Marais, 1990). Drie breë doelwitte kan vir navorsing omskryf word, naamlik beskrywing, teorieskepping (heuristiese navorsing) en teoretietoetsing (Edwards, 1993). Die breë navorsingsdoelwitte sal in hierdie hoofstuk bespreek word. In enige enkelgevalstudie sal een van hierdie breë doelwitte onderskei kan word. Navorsingsdoelwitte kan beskryf word as punte op 'n kontinuum. Die kontinuum strek van beskrywend tot teoretietoetsend. Die beskrywende pool handel

meestal oor ontdekking en die teoretiese pool meestal oor verifikasie (Edwards, 1989).

3.2 BESKRYWENDE NAVORSING

Aan die een punt van die kontinuum lê beskrywende navorsing. In eenvoudige taal kan dit beskryf word as navorsing wat die vraag "*Wat gebeur?*" probeer beantwoord (Bailey, 1982). Beskrywende navorsing behels 'n akkurate, noukeurige weergawe van 'n sekere verskynsel. Die navorser het dikwels nie 'n hipotese nie, maar wil bloot meer leer oor 'n sekere saak. Deur die verskynsel grondig te beskryf, kan die navorser uitvind watter veranderlikes by die verskynsel betrokke is en wat die aard van die veranderlikes is (Bailey, 1982; Christensen, 1985). 'n Breë beeld van die fenomeen word so verkry en die verskynsel kan as 't ware vir homself spreek en kan ook nuwe begrip van die verskynsel meebring (Edwards, 1993).

'n Beskrywende studie kan 'n spesifieke individu of groep (m.a.w. 'n spesifieke konteks) soos 'n groep mynwerkers, beskryf, of dit kan die frekwensie beskryf waarmee 'n veranderlike in 'n sekere individu of groep voorkom, byvoorbeeld aggressie by adolessente. 'n Konteksbeskrywing word 'n kontekstuele studie genoem en 'n frekwensiebeskrywing word 'n universele studie genoem. Die beskrywing kan verhalend wees soos 'n geskiedkundige analise, of dit kan hoogs gestruktureerd wees en die beskrywing in die vorm van statistiese opsommings weergee. So 'n statistiese opsomming sal data volgens frekwensies, gemiddeldes, mediane en meerrigtingtabelle klassifiseer. Klassifikasie is nie noodwendig slegs by kwantitatiewe navorsing ter sprake nie, maar ook by kwalitatiewe navorsing in die vorm van tipologieë. Beskrywende studies kan ook korrelasioneel van aard wees en die verbande tussen sekere veranderlikes toon. 'n Korrelasie tussen twee veranderlikes impliseer nie sonder meer dat daar 'n kousale verband tussen die veranderlikes is nie en daarom word korrelasionele studies nie as verklarende studies beskryf nie (Mouton & Marais,

1990).

Die basiese metodologiese oorweging van beskrywende navorsing is dat dit akkurate data-insameling oor 'n sekere verskynsel behels. Die aard van die data, hetsy kwalitatief of kwantitatief, sal afhang van die navorser se teoretiese benadering.

3.2.1 Verkennend beskrywende navorsing

'n Verdere vorm van beskrywende navorsing word deur Edwards (1993) beskryf, naamlik verkennend beskrywende studies. Hier word 'n relatief onbekende verskynsel beskryf om meer inligting daaroor te verkry. Die doel van die navorsing is nie noodwendig om te veralgemeen na ander gevalle nie, maar eerder om 'n diep gefundeerde siening van 'n spesifieke saak te verkry.

3.2.2 Gefokusd beskrywende navorsing

Gefokusd beskrywende navorsing kan beskryf word as beskrywende navorsing oor 'n verskynsel wat reeds beskryf is. Die doelwit hiervan is om die saak in meer detail te ondersoek en hier sal navorsers op spesifieke vrae fokus waaroor hulle meer duidelikheid wil verkry. Hierdie studies kan nuwe inligting en konsepte na vore bring of dieselfde inligting kan uit die navorsing herontdek word (Edwards, 1993).

Die werk van Thigpen en Cleckley (1954) waarna in hoofstuk 2 verwys is, handel oor 'n meervuldige persoonlikheidsversteuring en is 'n voorbeeld van 'n beskrywende enkelgevalstudie. Hierdie historiese dokumentering van die terapieproses met Eve is een van die eerste goeie illustrasies van meervoudige persoonlikheidsversteuring. Die studie behels 'n dieptebeskrywing van hul werk met haar en postuleer nie enige hipoteses of verklarings nie. Die outeurs spreek slegs die hoop uit dat hul beskrywing meer inligting oor die rare verskynsel bekend sal maak.

Beskrywende navorsing kan dikwels tot die formulering van nuwe hipoteses lei en so nuwe navorsing stimuleer. Dit is egter 'n vorm van navorsing wat heeltemal selfstandig kan wees en moet nie slegs beskou word as voorloper vir ander navorsing nie (Salkind, 1994). By beskrywende navorsing is daar nie sprake van teorie-ontwikkeling of hipotesetoetsing nie. Dit behels slegs die dieptebeskrywing van 'n verskynsel en nie die bespreking van die oorsake daarvan of die toets van 'n teorie nie. Wanneer navorsing handel oor teorie-ontwikkeling, is dit nie meer beskrywende navorsing nie maar teorieskeppende navorsing.

3.3 TEORIESKEPPENDE OF HEURISTIESE NAVORSING

Teorieskeppende navorsing is gemoeid met die ontwikkeling van teorieë (Edwards, 1989) en dit kan ook verklarende navorsing genoem word. Dit is navorsing wat beoog om die oorsake van gebeurtenisse of veranderlikes te toon. Hier is die blote aanduiding van korrelasies nie meer vir die navorser voldoende nie (Mouton & Marais, 1990). Hier word die vraag "*Waarom gebeur iets?*" gestel en nie meer "*Wat gebeur?*" nie. Soos die globale doelwit van wetenskap is om te verstaan, so het verklarende navorsing die "verstaan" as hoofdoelwit (Bailey, 1982). Die verklaring van 'n verskynsel beteken dat 'n aanname rakende kousaliteit gemaak word. 'n Blote korrelasie is nie genoeg om kousaliteit te postuleer nie en daar moet ook aan ander vereistes voldoen word. Daar moet 'n tydsvolgorde tussen twee veranderlikes wees. Dit behels 'n aanname dat een veranderlike 'n ander voorafgegaan het. Die voorafgaande omstandighede met betrekking tot 'n sekere verskynsel moet ontdek word. Daar moet ook getoon kan word dat die twee veranderlikes kovarieer, met ander woorde dat 'n afname of toename in die onafhanklike veranderlike ook 'n effek op die afhanklike veranderlike het. Daar moet ook 'n moontlike meganisme wees wat die eerste veranderlike met die tweede verbind (Miles & Huberman, 1994). In die geesteswetenskappe word vandag aangeneem dat bitter min verskynsels 'n enkele oorsaak het. Hierdie aanname laat navorsers dink in terme van multifaktoriale oorsake

vir verskynsels. Hierdie ontwikkeling skakel nie noodwendig die soeke na oorsake uit nie maar skakel wel die soeke na 'n unilineêre oorsaaklikheid uit (Mouton & Marais, 1990).

3.3.1 Daarstelling van voorspellingsmoontlikhede

Benewens die doel om te verklaar of te verstaan, het heuristiese navorsing ook 'n subdoelwit, naamlik om resultate te lewer wat voorspelling moontlik kan maak. Indien gedrag verklaar kan word, volg dit logies dat gedrag ook voorspel kan word. Voorspelling beteken die vermoë om 'n gebeurtenis te antisipeer. Kennis van die antesedente van 'n sekere gebeurtenis kan dan lei tot die antisipering van 'n gebeurtenis (Christensen, 1985). In die gedragswetenskappe is dit nie moontlik om verskynsels met absolute sekerheid te voorspel nie, maar daar kan wel aangevoer word dat daar in bepaalde omstandighede 'n waarskynlikheid bestaan dat 'n sekere verskynsel sal voorkom of gebeurtenis sal plaasvind (Huysamen, 1993).

3.3.2 Daarstelling van beheer

'n Tweede subdoelwit wat volg uit verklarende navorsing, is beheer. Indien verskynsels voorspel kan word, kan dit die mens in staat stel om verskynsels te beheer. Antisipering maak beheer nie altyd moontlik nie, maar wel in sommige omstandighede (Huysamen, 1993). Hoewel weersomstandighede met 'n redelike mate van akkuraatheid voorspel kan word, kon die weerburo nog nie die weer verander nie. Deur wel te kan voorspel dat traumatiese ervarings tot posttraumatiese stresversteuring kan lei, kan die versteuring dikwels voorkom word. So is ontlooting as voorkomende maatreël toegepas direk na 'n gebeurtenis soos die Merriespruitramp. Die beheer van gedrag of verskynsels vereis die beheer van die omstandighede wat dit voorafgaan. Die beheer van omstandighede wat menslike gedrag voorafgaan, is dikwels slegs in laboratoria moontlik (Bailey, 1982). Geesteswetenskaplike kennis fokus dikwels nie

net op gedrag nie maar ook op die gebeure wat gedrag voorafgaan.

3.3.3 Die waarde van gevallewaarneming

'n Voorbeeld van teorieskeppende navorsing is die werk van Breuer en Freud (1936) waarna in hoofstuk twee verwys is. Na aanleiding van 'n reeks gevalle kon hierdie skrywers 'n teorie rakende histerie formuleer. Die gevalle wat hulle beskryf, het nie slegs beskrywingswaarde nie, maar ook heuristiese waarde, aangesien die gevalle tot die daarstelling van 'n teorie gelei het.

Soos die bogaande voorbeeld beskryf, kan 'n teorie soms op 'n enkelobservasie van een geval of 'n reeks gevalle gegrond word. Na die waarneming van een geval of 'n reeks gevalle ontwikkel die navorser 'n konseptualisering of teoretiese raamwerk wat die essensiële eienskappe van 'n sekere verskynsel bespreek.

3.3.4 "Grounded theory"

Deur die gebruik van 'n reeks enkelgevalstudies kan hierdie proses verder uitgebrei word. Edwards (1993, p. 10) beskryf 'n proses wat hy die bou van gegronde (*grounded*) teorie noem. Die formulering van 'n teoretiese raamwerk behels altyd dat sekere aannames gemaak word wat getoets kan word deur verdere gevalle. Dit is presies wat in hierdie proses van die opbou van gegronde teorie gebeur. Na die formulering van die basiese beginsels van 'n teorie op grond van die observasie van 'n enkelgeval, word verdere gevalle aan die hand van die nuwe konseptuele raamwerk ondersoek. Hierdie ondersoeke kan dan lei tot die aanpassing van die konseptuele raamwerk. Dit kan verfyn, verander of uitgebrei word. Daar vind skaafwerk plaas en die produk hiervan word 'n gevalwet genoem. Die gevalwet volg op 'n proses van konseptuele verfyning. So 'n gevalwet vorm dan die basis waarvolgens verdere ondersoeke gedoen moet word. 'n Gevalwet verskaf ook riglyne vir die hantering van

soortgelyke gevalle. Hierdie gevalwet kan dan getoets word deur hipotese- of teoretiese navorsing.

Maslow (1962) se teorie van kreatiwiteit in selfaktualiserende persone is 'n voorbeeld van die opbou van gegronde teorie (Edwards, 1993). Maslow beskryf hoe hy sy teorie van kreatiwiteit ontwikkel het op grond van sy kontak met individuele persone. Sy teorie ontwikkel op die volgende wyse: Sy aanvanklike indrukke van wat kreatiwiteit is, het verander toe hy met die bestudering van sy subjekte begin het. Hy vorm dan die eerste konseptuele onderskeid: "... I found it necessary to distinguish 'special talent creativeness' from 'self-actualizing creativeness'" (Maslow, 1962, p.129). Hierdie konsep was gegronde op sy observasie van 'n paar individue wat hy ter illustrasie van die konsep beskryf. Een so 'n beskrywing is dié van 'n atleet: "From a young athlete, I learned that a perfect tackle could be as aesthetic a product as a sonnet and could be approached in the same creative spirit" (Maslow, 1962, p. 128).

Na hierdie basiese konseptuele raamwerk geformuleer is, word dit uitgebrei en na verdere observasies beskryf Maslow nog eienskappe van kreatiewe mense, byvoorbeeld dat hulle meer spontaan, minder angstig en meer naïef as niekreatiewe mense is. Hy noem verder dat sy subjekte hom as 't ware gedwing het om van sy vroeë idees te laat vaar. Sy uiteindelijke teorie van kreatiwiteit onderskei tussen primêre, sekondêre en geïntegreerde kreatiwiteit. Hierdie finale produk is die gevalwet. Hy beskou sy werk as wetenskaplik en noem dat dit op voorafstudies, persoonlike observasie en ook gevoel gegronde is. Dit is vir hom belangrik dat sy wetenskaplike produk deur verdere studie gevalideer, aan teoretiese navorsing onderwerp moet word en verdere navorsing moet stimuleer. Om hierdie rede formuleer hy sy teorie doelbewus sodat dit toetsbaar is (Maslow, 1962).

Salkovskis (1985) beskryf ook so 'n proses wanneer hy 'n model ontwikkel om obsessief- kompulsiewe versteurings te verklaar, aangesien hy voel dat die kognitiewe

raamwerk dit nie effektief doen nie. Op grond van 'n reeks gevalle ontwikkel en verfyn hy dan sy teoretiese raamwerk. Hy bespreek ook twee van die gevalle in die artikel.

Uit die bogenoemde voorbeelde word afgelei dat teorieskeppende enkelgevalstudies nie noodwendig slegs een geval hoef te betrek nie. Dikwels gebeur dit dat die basiese konsep op grond van die observasie van een geval geformuleer word en dat die teorie dan deur observasie van verdere gevalle uitgebrei of verander word.

3.3.5 Hermeneutiese navorsing

Benewens die formulering van gegronde teorie is daar ook 'n ander vorm van teorieskeppende navorsing, naamlik hermeneutiese navorsing (Edwards, 1993). Soms het 'n terapeut met 'n geval te make waarvoor daar nog nie 'n gevalwet, soos bo beskryf, bestaan nie. 'n Teoretiese raamwerk vir die geval kan uit die bestaande literatuur saamgestel word. Hermeneutiek verwys na die proses van versmelting van horisonne (Bernstein, 1983). Hiermee word bedoel dat die "horison" van die ondersoeker, maar ook dit wat ondersoek word, verander. Hermeneutiese navorsing behels dat 'n paar sentrale konsepte uit 'n geval gehaal en die bestaande literatuur oor die konsepte ondersoek word, waarna 'n teorie daaruit geformuleer word. Die bestaande literatuur word as lense gebruik waardeur die geval beskou word. Die literatuur word verander in die opsig dat dit toegepas word op nuwe areas waarop dit nie vroeër betrekking gehad het nie.

3.3.5.1 Die hermeneutiese sirkel

'n Hermeneutiese sirkel veroorsaak 'n dilemma in die sin dat die raamwerk gebruik word om die data te verstaan en dat die data terselfdertyd in die raamwerk geïnkorporeer word. Die verhouding tussen die verskillende konsepte wat gebruik word, is nie altyd duidelik nie, aangesien konsepte vanuit verskillende benaderings

gebruik kan word. Die data in 'n hermeneutiese studie kan dikwels in die proses verdraai word om by die teorie te pas. Daarom moet dit baie duidelik beskryf en akkuraat weergegee wees. Indien dit so is, is dit beskikbaar vir konsensuele validering. In 'n hermeneutiese studie word verskillende konsepte uit die literatuur gebruik om 'n nuwe teorie te formuleer vir iets waarvoor daar nog nie 'n teorie bestaan nie (Edwards, 1993).

Verklarende navorsing poog dus om teorieë saam te stel. 'n Teorie is 'n raamwerk wat verbande tussen veranderlikes spesifiseer en sodoende 'n verklaringsraamwerk bied. 'n Teorie maak stellings en aannames oor die aard van 'n verskynsel. Hierdie veralgemenings moet deur verdere navorsing getoets word. Dit is wat teoretiese navorsing behels.

3.4 TEORIETOETSENDE NAVORSING

As gevolg van die dinamiese aard van geesteswetenskaplike kennis is dit nodig om teorieë voortdurend te toets en in die lig van die bevindings te herinterpreteer (Smit, 1985).

3.4.1 Stappe van hipotesetoetsende navorsing

Kwantitatiewe teoretiese navorsing berus gewoonlik op 'n hipotese wat uit die teorie gereduseer is en getoets gaan word. Dit word hipotesetoetsende navorsing genoem. Hipotesetoetsende navorsing vind volgens die volgende stappe plaas (Huysamen, 1993):

3.4.1.1 Formulering van die navorsingsvraag

Eerstens word die navorsingshipotese of navorsingsvraag geformuleer. 'n Hipotese is

'n proposisie wat in toetsbare vorm gestel word en wat 'n verband tussen twee of meer veranderlikes voorspel (Bailey, 1982). Hierdie stelling moet empiries bestudeer kan word sodat dit deur navorsing reg of verkeerd bewys kan word. Die stelling moet so presies moontlik gestel word (Bailey, 1982). Hierdie is egter 'n tentatiewe stelling en kan nie voor die aanvang van die navorsing as 'n reeds ondersteunde stelling beskou word nie. Die hipotese vorm die sentrale organiserende beginsel van die navorsing aangesien dit die benaderingswyse van die navorser bepaal. Dit gee ook 'n aanduiding van die metodes wat gevolg gaan word. Hipoteses kan ook as kriteria dien waarvolgens die waarde van die navorsingstegnieke bepaal word. Die hipotese vorm die ruggraat van die navorsingsproses en is die sentrale rigsnoer (Smit, 1985).

3.4.1.2 Opstel van die navorsingsontwerp

Tweedens word die navorsingsontwerp opgestel. Dit is die strategie waarvolgens die inligting ingewin gaan word. Om te bepaal hoe die inligting ingewin gaan word, moet die navorser eers bepaal wat gemeet gaan word. Die konstrakte in die hipotese moet getoets word. Ten einde die konstrakte te toets en te meet, moet die ondersoeker hulle in terme van waarneembare gedrag definieer. Hierdie definisie in terme van waarneembare gedrag word die operasionele definisie genoem. Die operasionalisering van veranderlikes maak dit dan moontlik om die hipotese te aanvaar of te verwerp. In hierdie fase van navorsing word ook bepaal of daar 'n ingreep gaan wees en wat die ingreep gaan wees, waar die ingreep gaan plaasvind, wat die grootte van die steekproef gaan wees en hoe die steekproef getrek gaan word. Laastens word ook bepaal of die navorsing in 'n laboratorium of natuurlike omgewing gaan plaasvind. Nadat 'n volledige plan vir die navorsing opgestel is, kan na die volgende stap beweeg word.

3.4.1.3 Die insameling van data

Die derde stap is die inwin van gegewens. Soms duik daar onvoorsiene probleme in hierdie stadium op en moet die oorspronklike navorsingsplan verander word om by die probleme aan te pas.

3.4.1.4 Ontleding en interpretasie

Die vierde stap behels die ontleding van gegewens en die interpretasie van resultate. Die resultate gee terugvoering oor die hipotese en die aanvanklike hipotese kan deur die resultate ondersteun word al dan nie. Indien die resultate die hipotese ondersteun, is dit beter om aan te voer dat die hipotese voorlopig ondersteun is in plaas daarvan om te beweer dat dit onteenseglik waar bewys is. Met die bewuswording van die relatiwiteit van ervaring en paradigmas het daar ook 'n toenemende bewuswording gekom dat navorsing nie noodwendig onteenseglike bewyse lewer nie. Wetenskaplik gesproke kan daar nie gepraat word van absolute waarhede nie maar slegs van betroubare en geldige kennis (Kerlinger, 1979).

3.4.1.5 Dokumentering

Die vyfde stap behels die neerskryf van die navorsingsproses. Die navorsing moet blootgestel word aan openbare evaluering en aan die wetenskaplike gemeenskap vrygestel word. Om hierdie rede is dit belangrik dat navorsing gepubliseer word (Huysamen, 1993).

Die proses wat verduidelik is, kan ook deur middel van enkelgevalstudies geskied. Enkelgevalstudies kan ook op 'n ander wyse teoretiesend wees, naamlik op 'n meer kwalitatiewe manier. Hier sal die navorser nie noodwendig 'n hipotese hê nie, maar slegs daarop fokus om te bepaal of 'n sekere geval wel ooreenstem met 'n teorie. Dit

kan soms net een geval vereis om 'n teorie se ongeldigheid te postuleer (Edwards, 1993).

3.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die verskillende doelstellings van navorsing bespreek. Navorsing kan beskrywend wees. Dit kan daarop gemik wees om 'n nuwe teorie te ontwikkel of uit te brei en dit kan ook daarop gemik wees om bestaande teorieë te toets. 'n Enkelgevalstudie kan ook enige van die drie doelstellings hê. Nie een van die doelstellings kan as meer of minder wetenskaplik as 'n ander doelstelling beskou word nie. Dit geld ook vir enkelgevalstudies. Daar moet veral gewaak word teen die opvatting dat een vorm van navorsing meer wetenskaplik as 'n ander is en navorsing moet altyd in die lig van die doelstellings van die navorsing geëvalueer word. Hierdie hoofstuk het ten doel gehad om juis hierdie feit te illustreer deur die verskillende doelstellings van navorsing te ontleed.

HOOFSTUK 4

TIPES ENKELGEVALSTUDIES:

KWANTITATIEF

4.1 ORIËNTASIE

In die volgende twee hoofstukke gaan die verskillende vorme wat enkelgevalstudies kan aanneem, bespreek word. Daar sal 'n onderskeid tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe ontwerpe gemaak word. In hoofstuk 4 sal kwantitatiewe ontwerpe bespreek word en die kwalitatiewe ontwerpe sal in hoofstuk 5 bespreek word. Die doelwit van die hoofstukke is om die verskeidenheid van toepassings en gebruike van enkelgevalstudies te illustreer.

Daar bestaan soms verwarring oor die indeling van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing en sommige skrywers maak glad nie van hierdie indeling gebruik nie (Huysamen, 1993). Aangesien hierdie indeling die bespreking van verskillende enkelgevalstudies baie vergemaklik, sal dit in hierdie studie gebruik word. Mouton en Marais (1990) se definisie van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing is hier nuttig. Kwantitatiewe navorsing verwys na navorsing wat geformaliseerd en eksplisiet gekontroleerd is, waarvan die grense definitief afgebaken is en wat na aan die natuurwetenskaplike benadering geleë is. Kwalitatiewe navorsing verwys na prosedures wat nie streng geformaliseer is nie. Die studie is minder begrens en daar word op 'n meer filosofiese wyse gewerk.

4.2 KWANTITATIEWE ENKELGEVALSTUDIES

Die kwantitatiewe studies wat bespreek gaan word, is almal eksperimentele ontwerpe. Hulle vereis dus almal 'n hoogs gestruktureerde omgewing en baie kontrole oor die

navorsing. Die uitkakeling van eksterne faktore en bedreigings vir geldigheid is belangrik. Aanvanklik is die A-B-ontwerp gebruik maar daar het heelwat nuwe ontwerpe hieruit ontwikkel. Hierdie ontwikkeling het meestal plaasgevind as gevolg van die soeke na groter geldigheid en betroubaarheid.

4.2.1 A-B-ontwerp

Die A-B-ontwerp is die eenvoudigste ontwerp van die kwantitatiewe eksperimentele ontwerpe behalwe vir die B-ontwerp, waarvolgens daar slegs metings geneem word regdeur die behandeling (Hersen, 1990). Uit die A-B-ontwerp het baie variasies ontwikkel wat later in die hoofstuk bespreek sal word.

Die eerste fase in die A-B-ontwerp behels die waarneming van die natuurlike voorkoms van die teikengedrag. Hierdie periode van observasie word die basislynperiode genoem en 'n basislyn van die gedrag word opgestel. Hierdie basislyn verskaf 'n beskrywing van die graad van die probleem. Hierdie beskrywing help om te bepaal watter veranderinge nodig is en kan ook voorspel wat die aard van die gedrag in die toekoms gaan wees indien daar geen ingreep kom nie. Nadat die aard van die gedrag vasgestel is in die basislynperiode, volg die B fase wat die implementering van 'n behandelingsintervensie behels (Kazdin, 1982).

Van al die eksperimentele ontwerpe wat bespreek gaan word, is die A-B-ontwerp die swakste ontwerp wat die afleiding van kousaliteit betref. Hierdie ontwerp word soms ook bloot as 'n korrelasionele ontwerp beskou. Dit is in hierdie ontwerp nie moontlik om aan te dui dat veranderinge in teikengedrag noodwendig as gevolg van die ingreep plaasvind nie, aangesien aangevoer kan word dat ander faktore, soos normale ontwikkeling of ryping, sou kon bydra tot die veranderinge in die teikengedrag. Daar kan egter tog tentatief afgelei word dat veranderinge in teikengedrag iets te make kan hê met die ingreep, maar definitiewe kousaliteit kan nie aangetoon word nie.

'n Voorbeeld van sodanige studie is dié van Epstein en Hersen (1974) wat 'n 26-jarige man vir historiese simptome behandel het by wyse van 'n geldelike beloningstelsel. Die man is aan die einde van elke dag geldelik beloon indien hy sy aantal simptome deur die dag kon verminder. Na 12 dae het die simptome verdwyn. Tydens opvolgevaluering 12 weke later was die pasiënt se simptome steeds in remissie.

Daar is reeds aangedui dat afleidings oor kousaliteit nie maklik gemaak kan word met die A-B-ontwerp nie. 'n Metode wat wel 'n duidelike aanduiding van kousaliteit kan gee, is om die intervensie te onttrek en te sien of die verandering steeds voortgaan. Wanneer hierdie metode toegepas word, word daar van 'n onttrekkingsontwerp gepraat (Kazdin, 1982).

4.2.2 A-B-A-ontwerp

Hierdie ontwerp is 'n onttrekkingsontwerp en verbeter op die groot tekortkoming van die A-B-ontwerp deurdat die ingreep na toepassing weer onttrek word (Hersen, 1990). In hierdie ontwerp word daar na die toepassing van die B-fase of ingreep teruggekeer na 'n toestand waar die veranderingsveranderlike nie meer teenwoordig is nie. Dit verleen eksperimentele kontrole oor die afhanklike veranderlike (Hersen, 1990). Wanneer die afhanklike veranderlike reageer op die ingreep, die ingreep verwyder word en die afhanklike veranderlike weer na die eerste frekwensie terugkeer, kan daar met groter sekerheid aangevoer word dat die veranderinge in die afhanklike veranderlike as gevolg van die ingreep plaasgevind het. Daar kan met groter sekerheid aansprake betreffende kousaliteit gemaak word. Dit is slegs indien die natuurlike verloop van die afhanklike veranderlike saamval met die verwydering van die ingreep dat die waargenome verandering die gevolg kan wees van 'n eksterne faktor (Barlow & Hersen, 1984).

'n Voorbeeld van hierdie tipe studie is dié van Hersen, Eisler, Alford en Agras (1971)

waarin drie depressiewe pasiënte behandel is met 'n tekenekonomiestelsel. Die pasiënte moes in die B-fase van die studie aktiwiteite verrig en is dan daarvoor beloon. In die B-fase van die studie het die pasiënte minder depressief voorgekom en die terugkeer na die A-fase het weer tot 'n verhoging in depressiewe simptome gelei.

Hierdie ontwerp is nie sonder probleme nie. Die eerste hiervan is die feit dat die studie met die A-fase eindig en die kliënt nie die volle voordeel van die intervensie kry nie. Hierdie is 'n etiese probleem. Dit is ook moontlik om te vra of dit enigsins eties aanvaarbaar is om ingrepe, wat moontlik die kliënt se nood kan verlig, te eniger tyd te onttrek (Kazdin, 1982).

Verdere probleme van die A-B-A-ontwerp is dat die verandering wat in die tweede fase van die eksperiment intree, nie noodwendig dieselfde is as wanneer die ingreep dadelik toegepas is nie. Dit is ook moontlik dat die toepassing van twee onafhanklike veranderlikes groter verandering sou teweeg bring as een veranderlike. Die toepassing van die tweede A-fase sal ook nie noodwendig dieselfde gedrag ontlok as toe dit vir die eerste keer toegepas is nie. Al hierdie probleme bemoeilik veralgemening. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die doel met die onttrekking van die intervensie nie noodwendig veralgemening is nie, maar eerder die versterking van aannames in verband met kousaliteit (Barlow & Hersen, 1984).

Met die gebruik van hierdie ontwerp word daar oor die algemeen aanvaar dat die effekte van die ingreep of intervensie omkeerbaar is. Dit is nie noodwendig altyd die geval nie. Indien die teikengedrag dan nie terugkeer na die frekwensie in die A-fase nie, kan daar foutief aangeneem word dat ander faktore tot die verandering gelei het en nie die ingreep nie. Deur egter die tydperk waartydens die intervensie toegepas word te verkort, kan die voorkoms van hierdie probleem verminder word. Die kort toepassing van die intervensie lei weer daartoe dat slegs die korttermyngevolge van 'n ingreep bestudeer kan word, maar ook dat slegs korttermynintervensies so bestudeer

kan word (Christensen, 1988).

In die lig van hierdie tekortkominge is die A-B-A-ontwerp verder uitgebrei in die vorm van die A-B-A-B-ontwerp.

4.2.3 A-B-A-B-ontwerp

In hierdie ontwerp is 'n laaste fase bygevoeg waartydens die ingreep weer geïmplementeer word. Dit is eties meer verantwoordbaar. Hier bestaan twee geleenthede waar 'n kousale verband aangetoon kan word, naamlik die veranderinge tussen B en A en dan weer van A na B. Dit versterk die kousale uitsprake wat gemaak kan word nog verder (Barlow & Hersen, 1984).

'n Voorbeeld van hierdie ontwerp is die studie van Neiswort (1972). 'n Sewejarige seuntjie se asma-aanvalle is behandel deur die ouers instruksies te gee om nagtelike hoesbuie en asma-aanvalle te ignoreer en nie die seun tydens nagtelike asma-aanvalle te versterk nie. Nadat die ouers hierdie intervensie toegepas het, het hul weer teruggekeer na hul normal optrede en so die intervensie onttrek. Na hierdie terugkeer na die A-fase het die ouers weer die intervensie hervat en so eindig die studie op die B-fase. Met 'n opvolgevaluering 11 maande later is gevind dat daar steeds 'n lae intensiteit van aanvalle was.

Om egter 'n intervensie te onttrek, veral wanneer 'n kliënt verligting ervaar, is steeds 'n etiese probleem van hierdie ontwerp, al eindig dit nie met die B-fase nie. Dit is ook dikwels totaal onprakties in 'n kliniese konteks om die gedrag wat verander is na die oorspronklike toestand te laat terugkeer. Die probleme van hierdie ontwerp, asook die ander onttrekkingsontwerpe, maak dit moeilik om die ontwerp in die kliniese praktyk te gebruik en die etiese sowel as praktiese aspekte moet deeglik oorweeg word voordat hierdie ontwerpe gebruik word.

'n Verdere variasie van die A-B-A-B-ontwerp is die B-A-B-ontwerp, wat soms bo die A-B-A-ontwerp verkies word. Die A-B-A-ontwerp word hier verander sodat die basislyn of A-fase tweede toegepas word.

4.2.4 B-A-B-ontwerp

Die B-A-B-ontwerp is minder kragtig as 'n eksperimentele, analitiese ontwerp maar het die voordele dat dit met die B-fase eindig en meer aanvaarbaar in die kliniese praktyk is as gevolg hiervan. Hierdie ontwerp begin ook nie met 'n basislynfase waarin die oorspronklike voorkoms van die teikengedrag vasgestel word nie. Dit het die voordeel dat daar in gevalle waar intervensie dringend toegepas moet word, dadelik met die intervensie begin kan word (Hersen, 1990). Daar word aanbeveel dat hierdie ontwerp nie gebruik moet word in geval van die meting van enkele terapeutiese veranderlikes nie. Hierdie ontwerp is al dikwels gebruik in die evaluering van behandelingsprosedures as gevolg van die afwesigheid van 'n aanvanklike A-fase en die eindiging met 'n B-fase (Barlow & Hersen, 1984).

'n Voorbeeld van die B-A-B-ontwerp is die studie van Truax en Carkhuff (1965) wat die effek van warmte, empatie en kongruensie wou ondersoek. In drie terapeutiese sessies is die terapeute aangesê om aanvanklik baie warm, empaties en kongruent te wees. Hierdie fase is dan afgewissel met 20 minute waartydens die terapeut hierdie aspekte verminder het. Hierdie fase is weer opgevolg deur 20 minute van warmte, empatie en kongruensie. Deur die onttrekking van warmte, empatie en kongruensie kon die navorsers daarin slaag om vas te stel dat kliënte minder ontsluit oor hulself en ook minder ondersoekend is wanneer warmte, empatie en kongruensie ontbreek.

Al die ontwerpe wat reeds bespreek is, is variasies van die A-B-A-ontwerp. Die ontwerpe bevat 'n fase waartydens die basislyn gemeet word en 'n fase waartydens intervensies toegepas word. Hierdie ontwerpe kan egter uitgebrei word om ook 'n C-

fase in te sluit en hierdie ontwerpe word uitbreidings van die A-B-A-ontwerp genoem.

4.2.5 Uitbreidings van die A-B-A-ontwerp

4.2.5.1 Die A-B-A-B-A-B-ontwerp

Hierdie uitbreiding van die A-B-A-ontwerp behels meer herhalings van die intervensie en die ingreep kan herhaal word totdat die volledige doelwit bereik is. Die effek van 'n sekere intervensie kan herhaaldelik met so 'n studie aangetoon word (Hersen, 1990).

In 'n studie met oorgewig toetslinge het Mann (1972) hierdie ontwerp gebruik. Meer as een toetsling is in die studie gebruik maar die resultate is per individu weergegee. In hierdie navorsing is die effektiwiteit van die intervensie, naamlik versterking, deur middel van die terugkry van belangrike persoonlike besittings na gewigsverlies, duidelik en herhaaldelik geïllustreer.

4.2.5.2 A-B-A-C-A-C'-ontwerp

In hierdie ontwerp word 'n tweede intervensie (C) bygevoeg en twee aparte terapeutiese veranderlikes word met die basislyn vergelyk. Die twee intervensies (B en C) word nooit gelyktydig toegepas nie. Gelyktydige toepassing van twee veranderlikes vind plaas in die interaksie-ontwerp, wat later bespreek sal word. Die toepassing van 'n tweede intervensie stel die navorser in staat tot 'n mate van vergelyking tussen verskillende tipes intervensies (Hersen, 1990).

Wincze, Leitenberg en Agras (1972) het die effek van terugvoering en versterking op paranoïed-skisofreniese pasiënte ondersoek. Die studie het 'n reeks van tien enkelgevalstudies behels. Pasiënte het eers verbale terugvoering ontvang vir minder delusionele verbale gedrag en daarna versterking ontvang vir minder delusionele verbale gedrag. Die verbale terugvoering het geen terapeutiese effek gehad nie terwyl

die versterking wel die verbale delusionele gedrag laat verminder het. Die studie kon duidelik toon dat versterking in die konteks effektief was en verbale terugvoering nie.

Wanneer albei intervensies wat in die ontwerp gebruik word, 'n mate van effektiwiteit toon, raak dit egter moeilik om aan te dui watter intervensie die effektiefste is. Die rede hiervoor is dat die intervensie wat eerste toegepas word, natuurlikerwys meer suksesvol sal wees en dadelik 'n plafon op die effek van die tweede intervensie sal plaas. Indien die navorser twee intervensies, wat albei tot 'n mate effektief is, wil vergelyk, is een toetsling nie effektief nie. Meer as een toetsling is nodig om die volgorde van die intervensies te kan afwissel.

4.2.5.3 A-B-A-B'-A-B''-B'''-ontwerp

In hierdie ontwerp word spesifieke veranderings in die intervensie gemaak gedurende die tydperk van eksperimentasie. Die intervensie kan stadig uitgefaseer word of daar kan byvoorbeeld wisselende mates van versterking toegepas word (Barlow & Hersen, 1984).

'n Verdere variasie van die A-B-A-ontwerp behels die samevoeging van intervensies en die bestudering van hul gesamentlike effek. Hierdie variasie word die interaksie-ontwerp genoem.

4.2.5.4 Die interaksie-ontwerp

In 'n interaksie-ontwerp word die gesamentlike effek van twee of meer onafhanklike veranderlikes ondersoek. Die twee vorms van intervensie of onafhanklike veranderlikes word op 'n stadium in die eksperiment saam toegepas en dit word dan met die basislyn vergelyk. Hierdie ontwerp is veral nuttig aangesien die effek van een spesifieke intervensie kan verander indien dit met 'n ander intervensie gekombineer

word. Om die effek van die interaksie van twee intervensies te kan bestudeer, moet die navorser hulle ook apart bestudeer. Slegs een veranderlike mag op 'n keer verander word. Die toepassing van die onafhanklike veranderlikes moet van so 'n aard wees dat die gekombineerde toepassing vergelyk kan word met die toepassing van die veranderlikes op hul eie. Die ontwerp vind in twee reekse plaas wat soos volg verloop:

Reeks 1: A B A B BC B BC

Reeks 2: A C A C BC C BC

Met hierdie metode kan vasgestel word of die gekombineerde effek van BC groter is as die effek van óf B óf C. Hierdie ontwerp verg dus twee toetslinge (Christensen, 1988).

Leitenberg (1973) het die effek van terugvoering en aanprysing bestudeer op 'n persoon met 'n fobie vir vreemdelinge en groepe. Hierdie studie het verbeter op 'n vorige studie van hom waarin hy nie albei onafhanklike veranderlikes apart bestudeer het nie. Die resultate van die studie het getoon dat terugvoering 'n meer aktiewe komponent as psigoterapie is.

Hierdie ontwerp maak dit moontlik om die verskillende komponente van 'n behandeling te analiseer en te bestudeer (Barlow & Hersen, 1984).

Die vyfde tipe uitbreiding van die A-B-A-ontwerp behels 'n ontwerp waarin die kriterium waaraan die toetsling moet voldoen om beloon te word, gedurig verander en dit word die veranderendekriterium-ontwerp genoem.

4.2.5.5 Die veranderendekriterium-ontwerp

Hierdie ontwerp word nog nie dikwels deur navorsers gebruik nie. Dit is egter baie bruikbaar vir die evaluering van gedragsmodifikasieprogramme wat fokus op die vermindering of vermeerdering van spesifieke teikengedrag (Barlow & Hersen, 1984).

Dit stem ooreen met die meervoudigebasislyn-ontwerp wat later bespreek sal word (Hersen, 1990).

Die ontwerp behels die verkryging van 'n basislynmeting van 'n enkele, spesifieke gedragspatroon. Na die verkryging van die basislyn word 'n kriterium vir beloning vasgestel. Hierna volg die intervensie. Sodra die kriterium met gemak deur die toetsling bereik kan word, word die kriterium verander en 'n strengere kriterium word daargestel. Die vorige fase vorm nou die nuwe basislyn en sodra die nuwe kriterium bereik is, word daar weer 'n nuwe kriterium opgestel. Hierdie proses gaan voort totdat die uiteindelijke doelwit bereik word (Christensen, 1988). Aangesien elke intervensiefase die volgende basislyn word, kan die ontwerp ook as 'n reeks A-B-ontwerpe gesien word waarin die kriterium van beloning in elke fase verander. Die eksperimentele kontrole word gedemonstreer deur die herhaaldelike verandering in teikengedrag wat gedurende die eksperiment plaasvind (Kratowill, 1978).

Hierdie ontwerp is spesifiek geskik vir navorsing waarin die navorser gedrag geleidelik wil laat vermeerder of verminder, byvoorbeeld rook- of eetgedrag. Die ontwerp veroorsaak dat daar nie 'n skielike deteriorasie in teikengedrag is nie, soos wat soms gebeur wanneer daar skielik groot veranderinge vereis word. Meting en verandering vind stapsgewys plaas (Kratowill, 1978). Hierdie stapsgewyse proses laat kliënte toe om die nodige vaardighede stadig aan te leer en geleidelik sukses te ervaar (Kazdin, 1982).

Indien die verandering in gedrag nie grootliks ooreenstem met die verandering in kriterium nie, kan daar nie duidelik afgelei word dat die verandering die gevolg van die intervensie is nie. Hierdie is 'n nadeel van die ontwerp maar een oplossing daarvoor is om die rigting van intervensie om te keer en die kriterium minder streng te maak. Hierdie veranderinge word ook "bidireksionele veranderinge" genoem (Kazdin, 1982, p.481). Die prosedure word dus omgekeer en stem ooreen met die

onttrekking van intervensie in die A-B-A-ontwerp. Deur hierdie mini-omkerings toe te pas, kan die navorser met groter vertroue afleidings rakende die kousale verhouding tussen die onafhanklike en afhanklike veranderlike maak (Barlow & Hersen, 1984).

Hartmann en Hall (1976) dui aan dat drie faktore aandag moet geniet in die gebruik van hierdie ontwerp. Eerstens moet die basislyn lank genoeg toegepas word sodat vasgestel kan word of die gedrag spontaan verander, hetsy in die rigting van die behandelingseffek of in die teenoorgestelde rigting. As 'n algemene riglyn stel hulle voor dat die basislynfase langer as die intervensiefases moet wees. Hierdie maatreël voorkom dat veranderinge wat as gevolg van maturasie plaasvind, vir behandelingseffekte aangesien word. Die lengte van die intervensiefases moet die teikengedrag toelaat om in die nuwe koers te stabiliseer voordat die volgende kriterium daargestel word. Tweedens moet die grootte van die kriteriumverandering toelaat dat veranderinge in die teikengedrag waargeneem word. Wanneer die teikengedrag baie verandering in die basislynfase toon, moet die verskil tussen die kriteria groter gemaak word. Derdens beveel hulle aan dat twee veranderinge aan die kriterium voldoende is. Kratochwill (1978) verskil van hulle en beveel vier kriteriumveranderinge aan. Die data van hierdie ontwerp kan baie effektief op visuele wyse voorgestel word, maar is ook geskik vir statistiese analise (Hartmann & Hall, 1976).

Hartmann en Hall (1976) gee ook 'n duidelike illustrasie van hierdie ontwerp in hul studie met rokers. Na 'n aanvanklike basislyn word die nuwe kriterium telkens op 94% van die vorige basislyn vasgestel. Byvoorbeeld, indien 'n persoon 40 sigarette op 'n dag rook, word die kriterium gestel op 94% van 40. Daar is boetes opgelê vir alle sigarette meer as die kriterium en belonings daargestel vir elke sigaret minder as die kriterium wat gerook word. Die eksperiment toon duidelik hoe daar met elke kriterium minder gerook word en toon deur middel van ses replikasies 'n duidelike verband tussen die kriterium en die teikengedrag.

4.2.6 Meervoudigebasislyn-ontwerp

In alle ontwerpe waar omkering en intervensie-onttrekking plaasvind, is daar sekere probleme. Soos vroeër genoem, is dit dikwels onprakties om, veral in groot instellings, die effek van die behandeling om te keer of die behandeling te onttrek. Dikwels is daar ook groot weerstand van die personeel wat met die kliënte of pasiënte werk. Indien gedrag wat baie skadelik is vir die individu of die samelewing nagevors word, is dit ook eties onverantwoordbaar om behandeling te onttrek en die effekte daarvan om te keer ter wille van navorsing alleen. Wanneer 'n probleem 'n lang geskiedenis het en nooit vantevore op behandeling gereageer het nie, is dit ook nie werklik moontlik om omkering te bewerkstellig nie. Al bogenoemde probleme maak dit dikwels ongewens om 'n ontwerp te gebruik waar daar sprake van onttrekking is. Die meervoudigebasislyn-ontwerp kan in sodanige gevalle gebruik word om die genoemde probleme te oorkom (Barlow & Hersen, 1984).

Die meervoudigebasislyn-ontwerp behels die verkryging van verskeie basislyne van spesifieke gedrag, spesifieke persone of spesifieke omgewings. Na gelang van die aspek op grond waarvan die basislyn verkry word, word hierdie ontwerp in drie tipes verdeel. Die intervensie word gevolglik op elke teikengedrag toegepas en daarvolgens kan bepaal word of die intervensie tussen die onderskeie vorme van teikengedrag onderskei (Christensen, 1988).

Hierdie ontwerp vereis dat die twee veranderlikes waarvoor basislyne vasgestel word, onafhanklik van mekaar sal wees en dat daar geen interafhanklikheid bestaan nie. Dit is dikwels moeilik om te bepaal of veranderlikes interafhanklik is voordat met 'n studie begin word. Interafhanklikheid kom dikwels voor en die navorser moet met die gebruik van hierdie ontwerp dikwels hierop bedag wees (Kazdin & Kopel, 1975).

4.2.6.1 Meervoudigebasislyn-ontwerp in die geval van verskillende gedragspatrone

Met hierdie ontwerp word basislyne van verskillende gedragspatrone vasgestel. Hierna word die eksperimentele veranderlike slegs op een vorm van teikengedrag toegepas en vervolgens een vir een op die ander gedragspatrone. Die verskillende gedragspatrone moet onafhanklik van mekaar wees, anders sal kovariasie plaasvind. Die behandeling eindig wanneer die intervensie op elke gedragspatroon toegepas is. Die effek van die behandeling word bepaal deur vergelyking met die basislyne. Daar word slegs aangeneem dat die intervensie 'n beherende effek het indien slegs een van die afhanklike veranderlikes op die behandeling reageer (Hersen, 1990).

'n Voorbeeld van so 'n studie is dié van Bornstein, Bellack en Hersen (1977). Hulle het die sosiale vaardighede van 'n agtjarige seuntjie bestudeer. Drie gedragsteikens, onder andere oogkontak, aantal woorde en aantal vrae, is geïdentifiseer. Sosiale vaardighedsopleiding is gedoen en telkens is daar in die opleiding slegs op een van die gedragsteikens gefokus. Die studie het getoon dat die intervensies slegs 'n effek gehad het op die spesifieke gedragspatrone waarop dit gefokus het aangesien slegs een teikengedrag op 'n keer verander het en die gedragsteikens nie met mekaar kovarieer het nie.

4.2.6.2 Meervoudigebasislyn-ontwerp in die geval van verskillende subjekte

Hierdie ontwerp kan nie in enkelgevalstudies gebruik word nie maar sal ter wille van volledigheid kortliks bespreek word. Daar word basislyne vir die verskillende toetslinge opgestel en daarna word die intervensie agtereenvolgend op die verskillende toetslinge toegepas (Hersen, 1990). Die toetslinge moet in soortgelyke omstandighede wees. Namate die intervensies opeenvolgend op die individue toegepas word, word die basislyn vir elkeen langer. Slegs een teikengedrag kan in die ontwerp geïdentifiseer en behandel word. Ander gedragspatrone kan wel gemonitor word, maar

intervensies kan nie ook daarop toegepas word nie. Hierdie ontwerp kan ook met groepe gebruik word en nie slegs vir individue nie (Barlow & Hersen, 1984).

4.2.6.3 Meervoudigebasislyn-ontwerp in die geval van verskillende omgewings

In hierdie ontwerp word 'n spesifieke intervensie op 'n subjek of groep toegepas in verskillende omgewings. In elke omgewing moet 'n basislyn verkry word voordat met die intervensie begin kan word (Hersen, 1990). Wanneer 'n intervensie toegepas word, moet daar eers gewag word totdat die gedrag stabiliseer voordat daar met die intervensie in 'n ander omgewing begin word (Christensen, 1988).

Ollendick (1981) het die spiertrekkings van 'n elfjarige seun ondersoek. Vir 'n basislynmeting is die seuntjie opgelei om self rekord van sy spiertrekkings te hou en een van sy onderwysers het ook rekord gehou. Daarna is die intervensie, naamlik self-oorkorreksie, eers by die skool begin en daarna by die huis. In hierdie geval het die intervensie by die skool die spiertrekkings by die skool laat verminder maar nie by die huis nie. Sy spiertrekkings het wel by die huis verminder nadat die intervensie daar begin is. Die studie toon duidelik dat die intervensie in een omgewing nie gedrag in 'n ander omgewing beïnvloed nie.

4.2.7 Afwisselendebehandeling-ontwerp

Met hierdie ontwerp kan die relatiewe effektiwiteit van twee of meer behandelings, intervensies of omstandighede ondersoek word. Deur die studie op slegs een individu of groep toe te pas, word die probleem van intersubjekverskille uit die weg geruim en so word een van die bedreigings van interne geldigheid uitgeskakel (Barlow & Hersen, 1984).

Die ontwerp behels die opeenvolging van verskillende behandelings, intervensies of

omstandighede. Die behandelings word toegepas in onderskeibare observasieperiodes, byvoorbeeld oggend en middag. Die verskillende observasieperiodes, soos verskillende omstandighede of verskillende tye van die dag, is die stimuli (Kazdin, 1982). Gedurende die basislynfase word basislynmetings vir al die stimuli verkry. Die intervensies word daarna toegepas tydens die verskillende stimuli en so vind uitbalansering plaas. Twee intervensies kan byvoorbeeld uitgebalanseer word deur in elke terapeutiese sessie 'n ander intervensie toe te pas (Hersen, 1990). Die behandelings kan in verskillende volgordes toegepas word en nie noodwendig ABABAB nie. Die patroon kan byvoorbeeld ABABBABAAB wees. Deur dit te doen, word sekwensiële retroebeling uitgeskakel. Die ontwerp kan ook sonder 'n basislyn gebruik word en intervensie kan dadelik begin, wat dit prakties maklik toepasbaar maak. Daar vind ook nie onttrekking of omkering plaas nie. 'n Nadeel van die ontwerp is dat die behandelings mekaar kan beïnvloed en dat die resultate nie akkuraat geïnterpreteer word nie. Die afwisseling van behandelings volgens stimulus is 'n poging om die effek van interbehandelingsbeïnvloeding te verminder (Christensen, 1988).

4.3 SAMEVATTING

Die kwantitatiewe enkelgevalstudies of eksperimentele ontwerpe wat in hierdie hoofstuk bespreek is, betrek telkens individue in hoogs gekontroleerde eksperimente. Dit poog dus om op grond van die resultate aannames oor kousaliteit of ten minste korrelasies te maak. Dit word veral nuttig gebruik in die evaluering van gedragsterapeutiese intervensies. Die aanvaarding van die geldigheid en betroubaarheid van hierdie soort ontwerp berus oënskynlik op die navorser se epistemologiese en wetenskapsfilosofiese beskouings.

HOOFSTUK 5

TIPES ENKELGEVALSTUDIES: KWALITATIEF

5.1 KWALITATIEWE ENKELGEVALSTUDIES

Die tipes enkelgevalstudies wat in hoofstuk 4 bespreek is, was kwantitatiewe eksperimentele ontwerpe. Sulke studies vereis 'n hoogs gekontroleerde omgewing. Dit vereis verder 'n poging tot die manipulering van afhanklike veranderlikes deur die verandering of byvoeging van onafhanklike veranderlikes. Daar word ook gepoog om steuringsveranderlikes uit te skakel. 'n Eksperiment vind, as gevolg van bogenoemde faktore, nie in natuurlike omstandighede plaas nie (Huysamen, 1993). Die doelwitte van eksperimente is duidelik omlyn en die veranderlikes wat bestudeer word, word duidelik gedefinieer en geoperasionaliseer. Kwantitatiewe enkelgevalstudies verskil hiervan in die opsig dat dit juis poog om die omgewing so natuurlik moontlik te hou en die kunsmatigheid van kwantitatiewe studies te vermy.

In hierdie hoofstuk gaan enkelgevalstudies wat meer kwalitatief van aard is, bespreek word. Dit beteken nie dat hierdie tipe gevallestudie absoluut geen kwantitatiewe data bevat nie maar dat dit nie-eksperimentele studies is. Sommige bronne (Bromley, 1986; Yin, 1989) noem slegs nie-eksperimentele werk enkelgevalstudies. Eksperimentele enkelgevalstudies word deur hulle spesifiek enkelgeval-eksperimentele ontwerpe genoem.

Kwantitatiewe enkelgevalstudies kan nie in duidelike kategorieë verdeel word soos die eksperimentele enkelgevalstudies in ABA- en BAB-ontwerpe ingedeel kan word nie. Hierdie bespreking van kwalitatiewe enkelgevalstudies sal gevolglik nie duidelike tipes kwalitatiewe enkelgevalstudies omskryf nie aangesien daar nie sulke indelings

gemaak kan word nie. Die aard en vorm van die kwalitatiewe enkelgevalstudie sal bespreek word.

5.2 DOELSTELLINGS

Kwalitatiewe enkelgevalstudies poog om die uniekheid en kompleksiteit van 'n enkelgeval te verstaan en die aard en werking daarvan te ondersoek (Huysamen, 1993). Die geval word in detail waargeneem ten einde 'n konseptualisering van die geval te ontwikkel om die kenmerkende eienskappe bloot te lê. Uit die bestudering van die geval word sekere aannames daaromtrent gemaak en sekere konstruksies en kategorieë word ontwikkel om algemene beginsels te formuleer (Edwards, 1989; Edwards, 1990).

5.3 OMSKRYWING

Kwalitatiewe enkelgevalstudies behels dikwels die bestudering van 'n verskynsel in die natuurlike konteks of mees natuurlike konteks, veral wanneer daar nie duidelike grense tussen die verskynsel en die konteks getrek kan word nie. Dikwels word meervoudige bronne van inligting ook vir hierdie studies gebruik (Yin, 1989). Daar word gepoog om so na moontlik aan die onderwerp van belang te kom en om toegang tot subjektiewe inligting soos gevoelens, gedagtes en behoeftes te verkry (Bromley, 1986).

'n Enkele sisteem word in 'n enkelgevalstudie bestudeer. Hierdie sisteem kan 'n persoon, gesin, groep, gemeenskap, maatskappy, politiese stelsel en vele ander begrensde stelsels wees (Huysamen, 1993). Dit kan in onder andere sielkunde, gemeenskapsielkunde, opvoedkundige sielkunde, stadsbeplanning, staatsleer en ook ander rigtings gebruik word (Yin, 1989).

Die aard van kwalitatiewe enkelgevalstudies vereis dikwels dat ander beginsels as in kwantitatiese navorsing sal geld. Bromley (1986) het 'n paar beginsels omskryf waaraan die kwalitatiewe navorser aandag moet gee. Hierdie beginsels word in die volgende afdeling bespreek

5.4 BEGINSELS VAN KWALITATIEWE ENKELGEVALSTUDIES

Die eerste basiese vereiste is dat die navorser akkuraat oor die persoon of sisteem sal rapporteer. Details moet met groot akkuraatheid weergegee word, daar moet deurgaans logies geredeneer word en nie teruggeval word op ou argumente en retoriek nie (Bromley, 1986).

Tweedens moet die doelstellings en doelwitte van die enkelgevalstudie duidelik en ondubbelsinnig weergegee word. Die vorm en inhoud van 'n enkelgevalstudie word deur die oorhoofse doelstelling bepaal en daarom is dit belangrik om 'n duidelik geformuleerde doelstelling te hê.

Derdens moet die gevallestudie 'n evaluering bevat om te bepaal of die doelstellings bereik is of nie. Indien die doelstelling om praktiese of ander redes nie bereik kon word nie, moet die faktore wat daartoe bygedra het ook omskryf word.

Vierdens moet die navorser opgelei wees om die emosionele intensiteit van die navorsing te hanteer indien dit oor sake gaan wat vir die deelnemer emosioneel betekenisvol is. Soos vroeër genoem, poog die navorser om inligting oor die persoon se gevoelens, gedagtes en behoeftes te bekom. Goeie onderhouds- en luistervaardighede is nodig. Indien die navorsing oor emosioneel betekenisvolle gebeure gaan, moet daar ook genoeg tyd aan die navorsing afgestaan word om eerstens vertrouwe op te bou en tweedens tyd toe te laat om die effek van die gebeure te evalueer en ook inligting te kruiskontroleer (Bromley, 1986; Yin, 1989).

Vyfdens moet die persoon nie buite sy ekologiese konteks beskou word nie. Al die omliggende persone, gebeure en omstandighede moet in ag geneem word. Die fokus moet nie slegs op die individu wees nie maar op die individu binne 'n spesifieke konteks. Die kulturele konteks van die persoon moet ook oorweeg word en so ook die waardesisteem van die persoon.

Die geval moet in duidelike taal gedokumenteer word sonder om onsimpatiek te wees teenoor die deelnemer. Direktiwiteit en objektiviteit moet nie verlore gaan nie. Argumente moet logies op mekaar volg. Professionele standaarde moet gehandhaaf word en die enkelgevalstudie moet op 'n wetenskaplike manier gedokumenteer word (Bromley, 1986).

5.5 HOLISTIESE EN INSLUITENDE ENKELGEVALSTUDIES

Soos reeds vroeër genoem, kan daar nie werklik gepraat word van spesifieke tipes kwalitatiewe enkelgevalstudies nie. Yin (1989) maak egter 'n breë onderskeid tussen twee tipes enkelgevalstudies, naamlik holistiese en insluitende gevallestudies.

'n Enkelgevalstudie kan meer as een eenheid van analise insluit, met ander woorde aandag kan ook aan subeenhede gegee word. Dit sou beteken dat die studie handel oor een sisteem maar dat daar ook spesiaal aandag aan subsisteme gegee kan word. So 'n studie staan bekend as 'n insluitende (*embedded*, Yin, 1989, p. 49) enkelgevalstudie. 'n Holistiese enkelgevalstudie ondersoek weer slegs die globale aard van die sisteem en nie subsisteme nie. Hierdie tipe gevallestudie sal gebruik word waar daar geen duidelike subsisteme geïdentifiseer kan word nie. Dit kan egter veroorsaak dat geen spesifieke verskynsel in detail ondersoek word nie en dat die geval onduidelik en abstrak word (moontlik weens die onduidelikheid van die data wat verkry is). Met 'n holistiese studie kan die hele fokus van die studie gedurende die navorsing verskuif

en die oorspronklike navorsingsvrae word nie beantwoord nie. Hierdie verskynsel is een van die redes waarom enkelgevalstudies dikwels gekritiseer word. Sommige skrywers is van mening dat hierdie nie 'n nadeel is nie maar dat buigsaamheid eerder 'n voordeel is. Yin (1989) is van mening dat dit nie aanvaarbaar is nie en beveel aan dat die studie van voor af begin moet word sodra die fokus verskuif is.

Die insluitende enkelgevalstudies kan weer veroorsaak dat daar uitsluitlik of oormatig op een subsisteem gefokus word en die globale onderwerp dus uit die oog verloor word. Indien dit gebeur, kan die navorsing ook nie die navorsingsvraag beantwoord nie. Oormatige strukturering kan verder veroorsaak dat die werklike aard van die verskynsel nie ontdek word nie, maar dat dit eerder die navorser se eie konstruksie is wat geskep word (Yin, 1989).

Hierdie onderskeid wat Yin (1989) maak, kan nuttig deur navorsers gebruik word wanneer die navorsingsontwerp van 'n enkelgevalstudie ontwikkel word.

5.6 DATABRONNE

Die kwalitatiewe enkelgevalstudie het ander soorte databronne as kwantitatiewe navorsing. Die databronne verskil radikaal van die data in eksperimentele enkelgevalstudies. Die databronne van kwalitatiewe enkelgevalstudies is dikwels 'n onderskeidende kenmerk en sal om hierdie rede vervolgens bespreek word. Die data-insamelingprosedures wat bespreek gaan word, word nie uitsluitlik in enkelgevalstudies gebruik nie en dit is nie die bedoeling van hierdie afdeling om dit te suggereer nie. 'n Kwalitatiewe enkelgevalstudie sal egter heel waarskynlik een of meer van hierdie databronne gebruik. Sewe databronne kan onderskei word, naamlik dokumente, argiefmateriaal, onderhoude, direkte observasie, deelnemende observasie, fisiese artefakte en psigoterapie (Yin, 1989).

5.6.1 Dokumente

Dokumente as databronne kan verskillende vorms aanneem. Persoonlike dokumente soos briewe, dagboeke, outobiografieë en biografieë kan gebruik word (Wolman, 1965). Massamediamateriaal soos koerante en tydskrifte kan ook gebruik word (Huysamen, 1993). Agendas en notules van vergaderings, verslae en interne dokumente van organisasies kan ook gebruik word (Yin, 1989). Dokumente moet versigtig gebruik word en daar moet nie aangeneem word dat dit die gebeure presies soos wat dit gebeur het verwoord nie. Die geldigheid van die dokumente moet ook oorweeg word. In die geval van persoonlike dokumente moet die persoon vir wie die dokument geskryf is, oorweeg word. Indien die outobiografie byvoorbeeld geskryf is om 'n beroepsposisie te bekom, moet dit in ag geneem word by die interpretasie van die dokumente (Wolman, 1965).

Dokumente kan gebruik word om sekere praktiese inligting soos korrekte spelling te verkry. Dit kan ook gebruik word om reeds verkreë inligting te bevestig. Indien die inligting nie ooreenstem nie, moet die navorser 'n verdere dieptenvraag doen. Afleidings kan gemaak word vanuit die bestudering van dokumente. In enkelgevalnavorsing moet dokumente dikwels oorweeg word as 'n alternatiewe of ekstra databron indien dit nie die enigste databron is nie. In die gebruik van enige dokument as databron moet die oorspronklike doel en gehoor van die dokumente altyd in ag geneem word om te verhoed dat foutiewe afleidings gemaak en die navorser mislei word (Yin, 1989).

5.6.2 Argiefmateriaal

Vir sekere gevallestudies kan argiefmateriaal ook relevant en belangrik wees. Argiefmateriaal sluit dinge soos diensrekords, organisasierekords, kaarte, lyste met name en ander inligting en opnamedata soos sensusse in. Hierdie inligting kan in 'n

enkelgevalstudie saam met ander data gebruik word. Die aard van die enkelgevalstudie sal die belangrikheid van hierdie inligting bepaal. Soos in die geval van ander dokumente, moet die akkuraatheid van argiefmateriaal ook oorweeg word. Weer eens moet die oorspronklike doel van die dokument vasgestel en die oorspronklike gehoor moet ook in ag geneem word (Yin, 1989).

5.6.3 Onderhoude

Onderhoudvoering is een van die belangrikste databronne in die enkelgevalstudie. Onderhoude word nie slegs in enkelgevalstudies gebruik nie maar ook dikwels in opnamenavorsing. Verskillende vorms van onderhoude kan in enkelgevalstudies gebruik word (Wolman, 1965).

'n Klinies diagnostiese onderhoud kan met groot vrug in enkelgevalstudies gebruik word. Tydens hierdie soort onderhoud word inligting oor die persoon se mediese geskiedenis, lewensgeskiedenis, interpersoonlike verhoudings, seksuele funksionering, gevoelens en gedagtes en intellektuele funksionering verkry. Die persoon se gedrag tydens die onderhoud moet ook gedokumenteer word. Die spesifieke area wat deur die studie geëksploreer word, moet met die inligting in die onderhoud in verband gebring word (Wolman, 1965).

Ongestruktureerde onderhoude word dikwels in enkelgevalstudies gebruik. Hierdie onderhoude bevat min struktuur; die onderhoudvoerder stel aan die respondent vrae rondom die tema en kan ook die respondent se opinie daarvoor vra (Yin, 1989). Die ongestruktureerde onderhoud laat ruimte vir die persoon om sy gevoelens en oortuigings te ontbloot. Die vrae vloei spontaan uit die gesprek, wat nie volgens 'n sekere struktuur verloop nie. Die onderhoudvoerder is nie onbetrokke nie, maar tree in spontane interaksie met die persoon. Die doelwit hiervan is dikwels om die persoon se eie belewenis te bepaal. Daar moet steeds nie suggesties gemaak word oor die tipe

antwoorde wat op vrae verlang word nie. Die onderhoudvoerder moet in beheer van die onderhoud bly en terugkeer na die onderwerp wanneer daar afgedwaal word (Huysamen, 1993).

Daar bestaan nie slegs twee uiterstes, naamlik 'n ongestruktureerde en 'n gestruktureerde onderhoud nie maar onderhoude lê dikwels op die kontinuum tussen hierdie twee punte. So kan 'n gestruktureerde onderhoud soms meer gefokus as 'n ongestruktureerde een wees. Die onderhoud sal steeds in 'n gesprekstrant verloop, maar die onderhoudvoerder sal oor voorafbeplande vrae beskik. Onderhoudsinligting kan met ander databronne gekombineer word indien die navorser die data wil kontroleer of interpretasiefoute wil uitskakel (Yin, 1989).

5.6.4 Direkte waarneming

In 'n enkelgevalstudie kan die navorser deur direkte waarneming dikwels belangrike inligting bekom. Deur die omgewing van die persoon of onderwerp van studie te besoek, kan die navorser geleentheid kry vir direkte waarneming. Sekere gedragspatrone of omstandighede kan so waargeneem word. Die observasie kan formeel wees en die spesifieke voorkoms van sekere sake kan so opgeteken word. Die observasie kan ook meer spontaan wees en plaasvind op minder spesifieke tye en nie spesifieke gedrag of tekens aanteken nie. Inligting wat deur waarneming verkry is, kan as waardevolle bykomende inligting dien. Foto's kan byvoorbeeld geneem word by die plek van die enkelgevalstudie om die aard en karakter van die omgewing oor te dra (Yin, 1989).

5.6.5 Deelnemende waarneming

Deelnemende waarneming verskil van direkte waarneming daarin dat die navorser 'n deelnemer aan die konteks word. Hierdeur word groter diepte aan die ingesamelde

data verleen.

Deelnemende waarneming behels dat die navorser betrokke raak by die alledaagse lewe of situasies van die mense wat hy of sy bestudeer. Die navorser speel 'n verskeidenheid van rolle en neem deel aan die gebeure wat plaasvind. Die navorsing vind in die natuurlike omgewing plaas en nie in 'n kunsmatige konteks soos in eksperimentele ontwerpe nie. Die doel daarvan is om die simboliese wêreld van die persoon te verstaan. Die persoon wat bestudeer word, se sienswyses moet aangeneem en verstaan word. Die inligting wat volgens hierdie metode verkry word, is eerstehandse inligting oor die persoon en sy of haar leefwêreld. Hierdie dataversamelingmetode word veral in antropologie gebruik. (Ferreira, Mouton, Puth, Schurinck & Schurinck, 1988).

Deelnemende waarneming kan volgens die mate waarin deelgeneem word, in vier kategorieë verdeel word. Die eerste kategorie is dié van volkome deelnemer. Hier neem die navorser volkome deel, maar poog ook om die situasie tot 'n mate te manipuleer (Ferreira et al., 1988). Die navorser versteur dus die omgewing. Indien die navorser te veel aan die aktiwiteite deelneem, kan daar nie meer genoeg aandag aan die navorsing gegee word nie (Taylor & Bogdan, 1984). In die tweede kategorie is die navorser deelnemer-waarnemer. Hier neem die navorser nie net waar nie maar neem ook tot 'n mate aan aktiwiteite deel. Die navorser kan steeds diepte-onderhoude voer aangesien almal weet dat daar navorsing gedoen word. In die derde kategorie is die navorser waarnemer-deelnemer. Hier word die kontak met subjekte tot 'n minimum beperk. Die verhouding tussen die navorser en die deelnemer is kortstondig en die hoeveelheid en diepte van die data wat verkry word, is beperk. Die vierde kategorie behels die ontwerp waar die navorser volkome waarnemer is. Dit kan gelykgestel word aan direkte observasie, wat reeds bespreek is (Ferreira et al., 1988).

Om te besluit tot watter mate die navorser aan die omstandighede en gebeure in die

navorsingskonteks moet deelneem, is dikwels vir die deelnemende waarnemer moeilik. Dit is dikwels nodig om in 'n sekere konteks aan die gebeure deel te neem om aanvaar te word en om minder van 'n bedreiging vir die mense in die omgewing in te hou. In die navorsing beweeg die ondersoeker op die kontinuum tussen volkome deelnemer en volkome waarnemer (Huysamen, 1993). In sekere omstandighede is dit beter om 'n meer passiewe rol te speel, byvoorbeeld as daar 'n kompeterende situasie kan ontstaan. Die navorser moet ook daarteen waak om nie in rolle ingedwing te word wat sal veroorsaak dat die navorsing nie kan voortgaan nie, byvoorbeeld deur betrokke te raak by take wat al die aandag vereis. Die navorser moet nie in 'n poging om in te pas, op maniere optree wat hom of haar ongemaklik laat voel nie aangesien dit kunsmatig kan voorkom. Die navorser moet ook waak teen oorrapport en om te veel met die omgewing te bind, aangesien dit sy of haar vermoë om die studie te doen, sal belemmer (Taylor & Bogdan, 1984).

Navorsers wat van deelnemende waarneming as data-insamelingsmetode gebruik maak, moet probeer om so onopvallend moontlik in die veld te wees. Wanneer navorsers die veld betree, moet hulle aanvanklik poog om die sosiale etiket van die situasie te leer ken. Aanvanklik is dit belangriker om die mense te leer ken; data-insameling word eers later belangrik. Navorsers moet respek toon vir die mense se roetines en dit nie omvergooi nie. Verder moet navorsers hulpvaardig wees en nie die indruk skep dat hulle eintlik daar is om te evalueer of oor geweldige kennis beskik nie. Navorsers moet altyd belangstellend voorkom. Om soveel inligting moontlik te onthou, moet navorsers nie te lank op 'n keer in die veld bly nie. Waarnemers moet nie net die ander persone se gedrag en gesprekke neerskryf nie, maar ook hul eie. Wat die waarnemer gevra het, is net so belangrik om te weet as die antwoord, aangesien dit dikwels die konteks bepaal waarin die antwoorde geïnterpreteer moet word. Die waarnemer kan ook waarnemerskommentaar byvoeg. Hierdie kommentaar sluit die waarnemer se gevoelens, indrukke, interpretasies en voorgevoelens in. Hierdie kommentaar moet nie as feitlikhede aangedui word nie, maar duidelik as

waarnemerskommentaar weergegee word. Die notas moet detailbeskrywings van die fisiese omgewing, die mense en hul voorkoms bevat. Om die veld te verlaat, is ook dikwels problematies en die maklikste manier om dit te doen, is deur die deelname geleidelik af te skaal. Dit word “wegdryf of “geleidelik skietgee” genoem (Ferreira et al., 1988, p. 55).

5.6.6 Fisiese artefakte

Kulturele of fisiese artefakte kan ook as databronne dien. 'n Tegnologiese instrument, kuns, of enige ander fisiese voorwerpe kan as bewyse dien. Hierdie artefakte kan verkry word op die veldbesoek of op enige ander plek. Hierdie is 'n baie belangrike databron in antropologie en word nie eintlik in sielkundige navorsing gebruik nie. Navorsers kan dit egter in gedagte hou en dit altyd kombineer met die ander data waarmee hulle besig is (Yin, 1989).

5.6.7 Psigoterapie

Psigoterapeute het toegang tot baie waardevolle data wat in navorsing gebruik kan word. Terapeute word blootgestel aan die diepte van hul kliënte se ervarings en verkry dikwels inligting wat nie maklik met vraelyste of meer gestruktureerde onderhoude verkry kan word nie. Terapeute het verder goeie luistervaardighede en empatiese response. Die toegang wat terapeute in psigoterapie het tot mense se ongesegde gevoelens en behoeftes, maak psigoterapie by uitstek 'n geleentheid om kennis te vermeerder. Verder bied elke psigoterapeutiese ervaring ook 'n konteks waarin bestaande teorie toegepas word en dus getoets word. Elke geval is nuut en uniek en elke psigoterapiesessie is eintlik 'n wetenskaplike eksplorاسie. Indien terapeute die perspektief van hulself het as praktisyns-as-wetenskaplikes, rus hul vaardighede as terapeute hul ook goed toe as navorsers (Edwards, 1990).

Terapeutiese dialoog en die verloop en uitkoms van terapie word al hoe meer as databronne vir enkelgevalstudies gebruik. Hierdie vorm van navorsing is, soos reeds in hoofstuk 2 genoem, deur Freud en ander bekende teoretici gebruik. Dit is belangrik dat terapeute hul eie deelname aan hierdie proses ook sal bespreek, sodat die interaksie tussen hulle en hul pasiënte ook sal dien as verdere data wat kan lei tot begrip en insig (Wolman, 1965).

Baie professionele kontekste waar daar supervisie, seminare en gevalvoordragte plaasvind, is ook goeie kontekste vir navorsing. In hierdie kontekste word gevalle op gesistematiseerde en gestruktureerde wyse ondersoek. Ongelukkig word hierdie kontekste nie voldoende gebruik vir navorsing nie (Edwards, 1990).

5.7 DATA-ANALISE

Kwalitatiewe enkelgevalstudies behels 'n ander vorm van dataverwerking as kwantitatiewe studies. Statistiese inferensie word nie in kwalitatiewe enkelgevalstudies gebruik nie maar geldigheid word verkry deur 'n analitiese proses wat analitiese induksie (Mitchell, 1983) of analitiese veralgemening (Yin, 1989) genoem word. Hierdie proses behels die vergelyking van die resultate van die gevallestudie met volgende gevalle. Voordat hierdie proses kan begin, moet die navorser eers die groot hoeveelheid data waaroor hy of sy beskik, verwerk en resultate kry.

Taylor en Bogdan (1984) beskryf die proses waarvolgens hierdie dataverwerking plaasvind in drie fases. Die eerste fase is die ontdekkingsfase. Hiertydens soek die navorser temas deur die data op verskillende maniere te bestudeer en ontwikkel dan tipologieë en teoretiese proposisies en konsepte. Die tweede fase behels die koderingsfase waartydens die navorser die data kodeer volgens kategorieë wat opgestel is volgens die inligting wat in die eerste fase verkry is. In die derde fase word data gediskwalifiseer. Nou ondersoek die navorser die data om te bepaal of dit nie

byvoorbeeld gegewens bevat wat deur leidende vrae uitgelok of deur veranderinge aan die sisteem verkry is nie (Taylor & Bogdan, 1984). Uit hierdie proses verkry die navorser resultate en 'n gevolgtrekking en dit is hierdie resultate wat nou blootgestel word aan die proses van analitiese induksie.

Analitiese induksie is 'n prosedure waarvolgens die teorieë en proposisies wat reeds deur vorige enkelgevalstudies daargestel is, verder getoets word. Die proses is baie belangrik in enkelgevalstudies aangesien dit groter geldigheid aan gevallestudies verleen. Taylor en Bogdan (1984) beskryf die proses as volg:

1. Ontwikkel 'n growwe definisie van die verskynsel.
2. Formuleer 'n hipotese (dit is gegrond op die vorige enkelgevalstudie).
3. Bestudeer 'n geval om te bepaal of dit by die hipotese pas.
4. Indien die geval nie by die hipotese pas nie, ontwikkel 'n nuwe hipotese of herdefinieer die verskynsel.
5. Soek aktief na gevalle wat nie by die hipotese pas nie.
6. Wanneer gevalle wat nie pas nie gekry word, herformuleer die hipotese.
7. Gaan voort met die proses todat die hipotese getoets is.

Volgens hierdie proses word teorieë nie net bevestig of ondersteun nie maar ook verder uitgebrei en verfyn (Mitchell, 1983). Die gevallestudie se geldigheid word dan verder uitgebrei deur hierdie tegniek wat Eckstein (1975) as 'n boubloktegniek beskryf.

Die produk van hierdie analitiese induksie is die gevalwet wat in hoofstuk 3 bespreek is. Die gevalwet ontstaan as gevolg van die proses van konseptuele verfyning en is 'n bevredigende patroon van betekenis wat uit reëls, veralgemenings en kategorieë bestaan (Bromley, 1986).

5.8 DIE ENKELGEVALSTUDIE EN FENOMENOLOGIE

Een van die denkraamwerke van die sielkunde waarin gevallestudies en ook enkelgevalstudies voorkom, is die fenomenologie. Volgens fenomenoloë hoef navorsing nie die metodes van die natuurwetenskappe te inkorporeer om as waardevolle navorsing geag te word nie: "... there are important and undeniable limitations to the application of physical science methodologies and epistemologies to the study of humans and their experiences ..." (Martin, 1995, p. 330). Die doel van fenomenologiese navorsing is om beleefde ervaring te bestudeer (Beck, 1994). Dit fokus op die studie van fenomene soos wat dit ervaar word binne die bewussyn (Shanon, 1990). Dit is in teenstelling met die natuurwetenskaplike metodes waarvolgens daar gepoog word om alle moontlike veranderlikes, behalwe dié waarop daar gefokus word, uit te skakel. Volgens fenomenoloë lei so 'n spesifieke fokus tot gedekontekstualiseerde kennis en dus navorsingsresultate sonder werklike betekenis (Osborne, 1990). In fenomenologiese navorsing word die beleefde ervaring die onderwerp van ondersoek en word daar gepoog om begrip te ontwikkel vir menswees. Dit spruit uit die filosofie van Husserl wat die fokus op bewussyn geplaas het aangesien hy bewussyn as die venster op die wêreld beskou het. Realiteit word gekonstitueer deurdat die subjek dit konstrueer volgens die weerspieëlings van die objek. Mense kan hiervolgens nie gekompartementaliseer word nie en die omgewing waarin mense woon, kan ook nie apart van mense se konstruksies beskou word nie (Osborne, 1990). Betekenis is intersubjektief.

Fenomenologiese navorsers erken dat die navorser altyd by die navorsingsproses betrokke bly en dat die navorsingsvraag en verdere wetenskaplike aktiwiteite deur die navorser beïnvloed word. As gevolg van hierdie situasie word gebruik gemaak van fenomenologiese reduksie of parentese. Dit behels die tussen hakies plaas van alle oordele en idees oor die fenomeen wat beskryf word. Die doelwit is dat die data vir sigself spreek en daarom moet die navorser alle vooroordele en aannames artikuleer

en so opsy skuif. Die geartikuleerde vooroordele en aannames laat ook die leser van die navorsing toe om die perspektief van die navorser in ag te neem. Die navorser moet poog om die fenomeen op empatiese wyse te verstaan om sodoende goeie begrip daarvoor asook insig daarin te ontwikkel (Davidson, 1994).

Die aantal subjekte of navorsingsdeelnemers wissel in fenomenologiese navorsing. Die benutting van een subjek is 'n aanvaarbare praktyk maar meer as een subjek word ook dikwels gebruik. Vroeë fenomenoloë soos Husserl en Kraepelin het intensiewe enkelgevalstudies gebruik om data te bekom waarmee strukturele analise gedoen is (Davidson, 1994). Enkelgevalstudies is nie die enigste wyse waarop navorsing gedoen word binne die fenomenologie nie. Groter navorsingsgroepe word gebruik om verskeie van die probleme met enkelgevalstudies te oorkom. Dikwels word meer as een subjek gebruik om voorsorg te maak vir uitdunning en die moontlikheid dat nie alle subjekte of navorsingsdeelnemers noodwendig die fenomeen sal belig en begrypbaar maak nie (Osborne, 1990). Enkelgevalstudies fokus op spesifieke, beperkte areas van menslike ervaring en daarom gebruik fenomenologiese navorsers dikwels meer as een navorsingsdeelnemer om hierdie probleem te oorkom. Daar word ook vrae rondom die veralgemening van enkelgevalstudies gestel en daarom maak navorsers dikwels gebruik van gevallestudies maar nie noodwendig van enkelgevalstudies nie (Davidson, 1994). In gevallestudienavorsing benut die navorser meer as een navorsingsdeelnemer maar doen steeds diepte-analise van die deelnemers, met die gevolg dat die navorsing amper as 'n meervoudige gevallestudie omskryf kan word. Fenomenologiese navorsing bied aan terapeute geleentheid om die dissonansie tussen praktyk en navorsing te oorbrug en so hul vaardighede as terapeute in die navorsingsproses te gebruik.

5.9 POSTMODERNISME EN ENKELGEVALSTUDIES

Daar word dikwels na ons huidige tydsges as 'n postmoderne tydsges verwys.

Hierdie kulturele konteks het 'n wye invloed op die wetenskap, sielkunde en so ook navorsing in sielkunde. Voordat die implikasies daarvan vir navorsing ondersoek word, sal daar eers 'n kort bespreking volg oor die aard van die postmoderne kultuur en die invloed wat dit op sielkunde as vak het.

Binne die hedendaagse samelewing word mense daagliks blootgestel aan veelvoudige realiteite en wêreldbeskouings deur middel van die massamedia en rekenaar-tegnologie. Die wêreld waarin ons leef, word gekenmerk deur pluralisme, demokrasie, godsdiensvryheid, mobiliteit, verbruikerskap en gereelde blootstelling aan die nuutste nuus (Neimeyer, 1993). Daar word deur verskeie filosowe en teoretici van 'n postmoderne era gepraat. Hierdie term is kontroversieel en daar bestaan tans verskeie debatte oor die benaming “postmodern” (Kvale, 1992). In hierdie bespreking sal die term *postmodern* wel gebruik word om te verwys na 'n kulturele oorgang en sekere belangrike aspekte van die hedendaagse tyd.

Modernisme kan gekoppel word aan 'n tydperk waarin die fundamentele en verstommende vooruitgang in die industriële en tegnologiese wêreld die mens met groot optimisme vervul het. Die heelal is beskou as 'n logiese orde en daar het 'n gevoel geheers dat die onderliggende beginsels aan hierdie orde deur die mens ontdek sou kon word. Wetenskaplike reëls en prosedures is neergelê en hierdie wetenskaplike metodes is deur alle dissiplines aanvaar en toegepas, ook die sielkunde. Wetenskaplikes het hulle besig gehou met die ontdekking van die essensies en fundamentele feite. Daar is gesoek na universele, algemeen geldende beginsels van ons wêreld en empiriese metodes is beskou as dit waarmee die waarheid ontdek sou kan word (Gergen, 1992).

Die geloof in 'n logiese heelal wat deur middel van tegnologie ontdek en beheer kan word, is egter ondermyn deur die wêreldoorloë, die omgewingskrisis, moontlikhede van kernoorloë en steeds toenemende sosiale probleme soos geweld en armoede.

Vooruitgang het 'n samelewing geproduseer wat sy eie produkte vrees (Polkinghorne, 1992). Die geloof in 'n algemene waarheid en objektiewe realiteit het begin vervaag en so ontstaan postmoderne denke. Postmoderne denke bevraagteken die aanname dat daar 'n realiteit onafhanklik van die waarnemer kan bestaan maar voer aan dat die realiteit deur middel van taal op sosiale wyse gekonstrueer word. Die soeke na fundamentele, onderliggende vorm en waarheid vervaag en 'n meer sikliese denkwysie word gehandhaaf. Die sosiale sisteem word as belangrik beskou aangesien dit die sosiale netwerke is wat betekenis skep. Die kognitiewe en wetenskaplike word nie meer as absoluut gesien nie en estetika en etiek verkry nuwe waarde binne hierdie denkraamwerk (Kvale, 1992).

In die sielkunde word hierdie postmoderne kulturele konteks deur verskeie skole vergestalt. Bewegings soos die konstruktivisme, sosiale konstruksionisme, feministiese sielkunde, narratiewe sielkunde, ekosistemiese sielkunde is almal voorbeelde van denkraamwerke in die sielkunde wat aansluit by die postmoderne tydsges. Konstruktivisme verwerp die siening van kognitiewe terapeute dat daar 'n ooreenkoms moet wees tussen 'n kliënt se denkpatroon en die realiteit, aangesien die realiteit nie werklik geken kan word nie. Mense word as aktiewe agente gesien wat individueel en kollektief betekenis aan die wêreld heg. Menslike kennis word deur die konstruktivisme as (inter)persoonlik beskou en kennis word as 'n proaktiewe proses beskou wat binne 'n sosiale konteks afspeel en selforganiserend is (Neimeyer, 1993).

In die sosiale konstruksionisme word die klem verskuif na die sosiale arena en kennis word binne hierdie raamwerk as 'n sosiale konstruksie gesien. Een interpretasie kan nie as meer of minder akkuraat as 'n ander een beskou word nie. Taal speel in hierdie proses 'n belangrike rol aangesien dit die medium is waarbinne betekenis geskep word. Woorde het nie betekenis onafhanklik van hul sosiale gebruik nie maar verkry betekenis binne die sosiale konteks waarin hulle gebruik word. Waarheid word gesien as dit wat geskep word deur 'n proses van konsensus, binne 'n sekere konteks en in

verhouding tot 'n spesifieke doel. Waarheid is die produk van wat mense sê, die produk van taal. Menswees word deur die sosiale konstruksioniste gesien as 'n proses van betekenis skepping deur middel van die taal wat vir ons beskikbaar is (Drewery & Monk, 1995; Osbeck, 1993).

Narratiewe sielkunde plaas die klem op die storie of narratief van elke individu en gemeenskap. Volgens hierdie raamwerk word die lewe gesien as 'n aanhoudende proses van interpretasie en ordening van die wêreld tot gekonstrueerde stories. Hierdie persoonlike of gemeenskaplike stories orden menslike ervaring, gee samehang en betekenis aan gebeure en gee 'n sin van verlede en toekoms. Mense konstrueer nie net stories oor hul lewens nie, maar die narratiewe identiteite waarvolgens hul leef het weer 'n konstituerende invloed op hul lewens. Narratiewe sielkundiges bevraagteken ook die konsep van een realiteit maar voer aan dat die enigste realiteit waarmee 'n terapeut kan werk, eerder die kliënt se storie is (Ganzevoort, 1993; Rappaport, 1993). 'n Postmoderne tydsges, wat kennis as blote beskrywings beskou, bring die onderwerp van kennis as magsvorm na vore. Indien kennis slegs 'n diskoers of beskrywing is, kom die magsimplikasies van kennis wat sosiaal saamgestel word na vore. Dit is by hierdie konsep wat feministiese sielkunde aansluit. Die tradisionele sielkundeteorieë word ondersoek en daar word gelet op die diskoerse wat rondom vroue gebruik is, en die plek wat vroue in die sielkunde beklee het (Bohan, 1990). Ekosistemiese benaderings volg 'n sikliese denkwysse en beklemtoon die waarnemer se bydrae in enige ekosisteem (Keeney, 1983).

Al bogenoemde raamwerke het dit gemeen dat daar nie meer 'n soeke na die objektiewe realiteit of essensie van 'n onderwerp is nie. Algemene universele wette is nie meer die algemene doelstelling van hierdie denkraamwerke nie, maar eerder 'n ontdekking van diversiteit en gekontekstualiseerde vertellings. Sielkunde word nie meer as waarde-vrye wetenskap beskou nie, maar daar is 'n erkenning dat die waarnemer en sy of haar waardes altyd deel van die proses bly. Daar ontstaan ook 'n

groter belangstelling en klem op stories en metafore en dit word nie meer beskou as onvanpas in die domein van sielkunde as wetenskap nie (Paré, 1996). Die pragmatiese implikasies van sielkundige ontwikkelings word nou oorweeg deur teoretici. Sosiale en kulturele kritiek val ook nou in die domein van die sielkunde aangesien die sielkundige 'n professionele betrokkenheid by sosiale instellings en diskoerse kan toon. Sielkundiges kan die geskiedkundige gesitueerdheid van diskoerse aandui en dit sodoende demistifiseer en die implikasies of gevolge daarvan oorweeg (Gergen, 1992). Postmodernisme hoef nie by wetenskaplikes slegs skeptisisme te skep nie, maar kan eerder sielkundiges en die samelewing nader aan mekaar bring:

Rather by demystifying the great narrative of modernism, it attempts to bring psychologists and society closer together. Not only is technology placed more directly in the service of values; more important, the psychologist is encouraged to join in forms of valuational advocacy, and to develop new intelligibilities that present new options to the culture (Gergen, 1992, p. 28).

5.9.1 Implikasies vir navorsing

'n Postmoderne benadering hou implikasies vir navorsing en navorsingsmetodiek in. Daar is reeds genoem hoe sielkunde die metodes van die natuurwetenskappe oorgeneem het in 'n poging om binne die konteks van 'n positivistiese era resultate te lewer wat as empiries verantwoordbaar beskou sou kon word. Binne die postmoderne era en die bevraagtekening van 'n objektiewe, eksterne realiteit, ontstaan daar 'n ongemak met die tradisionele empiriese metodiek. Die besef word al hoe groter dat 'n onfeilbare metode nie 'n waarborg is om die waarheid of essensie van 'n onderwerp te ontdek nie aangesien die realiteit nie 'n objektiewe, ontdekbare essensie het nie (Gergen, 1992; Nichols, 1993). Observasie is nie 'n objektiewe proses wat die deelnemer uitsluit nie, maar die waarnemer beïnvloed alle observasie (Bohan, 1990). Postmoderne denke sien die skeiding tussen subjek en objek as kunsmatig aangesien

daar altyd 'n wedersydse beïnvloeding plaasvind (Gergen, 1992). Postmoderne navorsers is ook ongemaklik met die lineêre benadering wat eie is aan empiriese navorsing aangesien dit dikwels lineêre verbande tussen veranderlikes wil vasstel (Neimeyer, 1993). Binne 'n sosiaal-konstruksionistiese benadering is die waarheid dit wat mense vir mekaar sê en daarom hoef sielkunde nie meer slegs in die empiriese tradisie te beweeg nie (Osbeck, 1993). Die positivistiese metodes het dikwels navorsers se visie beperk deur die onderwerpe vir ondersoek te beperk tot dit wat empiries verantwoord sou kon word deur middel van objektiewe analise en manipulasie van veranderlikes. Sodoende het baie potensiële ondersoekonderwerpe uitgesluit gebly deurdat dit as te kompleks beskou is vir empiriese studies (Bohan, 1990). Die nuwe epistemologie beskou nie die ontdekking van algemeen geldende wette as oorhoofse doelstelling vir navorsing nie maar plaas klem op kontekstuele kennis wat ook vir die gemeenskap waarin dit geskep is, betekenis het (Gergen, 1992). Navorsing is 'n sosiale skepping en nie die ontdekking van 'n objektiewe realiteit nie. Hierdie beskouing van navorsing skep vir die navorsers nuwe moontlikhede in navorsing. Die enkelgevalstudie kan met groot sukses in hierdie denkraamwerk gebruik word.

Navorsing word dus in hierdie konteks beskou as 'n geko-konstrueerde, onderhandelde proses wat deur middel van interaksie tot stand kom (Polkinghorne, 1992). Daar word klem geplaas op meer kwalitatiewe, interaktiewe, gekontekstualiseerde navorsingsmetodes en daar word nie van navorsers verwag om slaafs aan positivistiese beoordelingsstandaarde te voldoen nie. Postmodernistiese navorsing kan 'n verskeidenheid van metodes insluit en meer beskrywend wees (Polkinghorne, 1992). Aangesien die hoofdoelwit nie meer die ontdekking van universeel geldende wette is nie, word meer klem gelê op die individue, hul kontekste en hul stories soos wat dit in taal ingebed is (Neimeyer, 1993; Paré, 1996). Narratiewe word nie meer beskou as stories wat buite die bestek van die wetenskap val nie, maar navorsers neig al hoe meer om stories en metafore in navorsing te gebruik. Biografiese studies en studies

van lewensverhale en dagboeke word as nuttige en bruikbare navorsing beskou (Ganzevoort, 1993). Howard (1991) noem selfs dat wetenskap ook 'n vorm van storievertelling is aangesien dit, nes storievertelling, betekenisgeving deur middel van vertelling is. In 'n benadering wat op individue se stories of narratiewe fokus, kan enkelgevalstudies as 'n goeie navorsingsmetode na vore kom.

Die navorser erken sy of haar rol in die navorsing. Dit beteken egter nie dat navorsers nie meer verantwoordelikheid het nie maar juis die teendeel. Indien navorsing nie objektief of waardevry is nie (Bohan, 1990), kom etiek dadelik ter sprake en navorsers moet verantwoordelikheid vir hul navorsing en die implikasies daarvan aanvaar. Navorsers moet ook sosiale verantwoording vir hul werk kan doen. Die navorsers moet self hul eie vooroordele en motiverings vir die studie bekendmaak. Deur dit te doen, bly hulle selfrefleksief en kom so die verantwoordelikheid na wat gegaar gaan met hierdie epistemologie (Van der Watt, 1993). Navorsing moet ook deur die gemeenskap van waarnemers daarbuite as legitiem beskou word. Geldigheid is nie meer 'n konsep wat slegs binne die navorsing lê nie, maar word eerder deur die gemeenskap bepaal. So bly navorsers gekoppel aan hul sosiale verantwoordelikheid en word die probleem van geldigheid oorkom (Atkinson & Heath, 1991).

Die nuwe beskouing van kennis en navorsing laat ook die skeiding tussen navorser en praktisyn na vore kom. Binne die tradisionele sielkunde is navorsers dikwels beskou as 'n aparte groep mense wat die teorie moet ontwikkel vir praktisyns om toe te pas. Praktisyns het dikwels binne hierdie sisteem nie die navorsing geles nie aangesien dit dikwels vir hulle irrelevant was. Die kennisbron wat praktisyns gebruik het, was dus nie die navorsing wat gepubliseer is nie maar eerder die teoretiese inligting wat hulle tydens hul opleiding verkry het en verdere ervaring wat hulle in die praktyk opdoen. Die neiging van praktisyns om vorige ervaring as 'n kennisbron te gebruik, het nie die goedkeuring van alle navorsers weggedra nie aangesien hierdie vorm van kennis as te gefragmenteerd en onsistematies beskou is. Binne 'n postmoderne

raamwerk het daar groter waardering vir ervaringskennis ontstaan en die versameling van enkelgevalle wat praktisyns as kennisbron gebruik, word gesien as 'n goeie vertrekpunt waarvan die terapeut en kliënt saam 'n realiteit kan begin konstrueer. 'n Wetenskap wat bestaan uit 'n versameling gevallestudies en mikroveralgemenings is binne die postmoderne raamwerk meer aanvaarbaar as in 'n positivistiese konteks. Hierdie gevalle dien as voorbeeld om nuwe kliënte mee te verstaan terwyl daar in ag geneem word dat dit slegs 'n vertrekpunt is aangesien elke nuwe situasie ook nuwe betekenis daarmee saamdra (Polkinghorne, 1992). Kennis gegrond op enkelgevalstudies word weer as waardevol beskou.

Die kontekstuele aard van postmodernistiese navorsing asook die klem op diversiteit, beskrywing, kwalitatiewe en interaktiewe metodes laat die enkelgevalstudie na vore kom as 'n bruikbare navorsingstegniek. Enkelgevalstudies is in 'n positivistiese era verwerp aangesien die universaliteit van die bevindings bevraagteken is. Binne 'n teoretiese konteks wat diversiteit en kontekstualiteit beklemtoon, sou hierdie besware teen enkelgevalstudies nie geld nie. Die verdere klem op narratiewe en stories van individue en gemeenskappe maak ook verder van die enkelgevalstudie 'n bruikbare metode. Enkelgevalstudies bied waarnemers ook 'n goeie konteks om op hul invloed op die proses kommentaar te lewer en selfrefleksief te wees. Die realiteit wat deur navorsers en navorsingsdeelnemers geskep is, kan geredelik in die konteks van 'n enkelgevalstudie ontdek word. Enkelgevalstudies kan dus in die postmoderne rigtings met groot sukses gebruik word aangesien dit plek maak vir gekontekstualiseerde kennis en by uitstek ruimte laat vir die individuele narratief. Indien die navorser slegs een deelnemer het, is daar ook ruimte om na te dink oor die navorsingsproses en die wyse waarop die betekenis gegenereer is.

5.10 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is kwalitatiewe enkelgevalstudies bespreek. Eksperimentele

enkelgevalstudies verskil radikaal van kwalitatiewe enkelgevalstudies en word in sommige bronne nie as enkelgevalstudies beskou nie. Albei vorme behels egter die bestudering van een persoon of een sisteem en word vir doeleindes van hierdie navorsing as enkelgevalstudies beskou. Die kwalitatiewe ontwerpe kan nie werklik in subtypes verdeel word nie. Die doel van die bespreking was om die aard van hierdie ontwerp bloot te lê en aan te dui watter verskeidenheid van vorme kwalitatiewe enkelgevalstudies kan bevat. Verder is die fenomenologie en postmodernisme uitgelig en bespreek aangesien hierdie teoretiese raamwerke spesifiek waarde heg aan enkelgevalstudies.

HOOFSTUK 6

NAVORSINGSONTWERP

6.1 INLEIDING: 'N BESKRYWENDE STUDIE

Hierdie is 'n beskrywende navorsingstudie. Beskrywende navorsing behels die akkurate en noukeurige weergawe van 'n verskynsel. In hierdie studie behels dit 'n beskrywing van die benutting van die enkelgevalstudie in Suid-Afrika en poog dit om 'n duidelike beeld van die voorkoms en benutting daarvan in Suid-Afrika en op internasionale vlak te gee. Deur die beskrywing sal ook gepoog word om aan te dui watter faktore 'n rol speel in die benutting van enkelgevalstudies. Die doel van die beskrywing is om beter begrip vir die waarde van die navorsingsmetode te kweek.

Daar is in beskrywende navorsing nie 'n behandelingsgroep nie en daar word nie gepoog om kousale verbande aan te toon nie. Daar word dus nie gevra *waarom* 'n sekere interaksionele proses plaasgevind het nie maar eerder presies *wat* aangegaan het (Salkind, 1994). Nadat hierdie studie afgehandel is, is die doelwit dat die leser 'n beter insig sal hê in die benutting van enkelgevalstudies in Suid-Afrika.

Beskrywende navorsing is veral nuttig in studies waar daar min inligting bestaan oor die onderwerp wat ondersoek word (Salkind, 1994). Daar bestaan min inligting oor die huidige status en benutting van enkelgevalstudies in Suid-Afrika en daarom is 'n beskrywende metode hier gepas. Hierdie studie kan dan tot die formulering van nuwe navorsingsvrae lei en verder ook op sigself waardevolle inligting omtrent die onderwerp verskaf.

6.2 KWALITATIEWE NAVORSING

6.2.1 Algemene opmerkings oor kwalitatiewe navorsing

Hierdie beskrywende studie sal op kwalitatiewe wyse gedoen word aangesien kwalitatiewe navorsing goed aansluit by die beskrywende doelstelling van hierdie studie. Sommige navorsers beskou beskrywende navorsing as onwetenskaplik. Giorgi (1986, p. 5) beweer egter dat navorsing nie net binne 'n positivistiese benadering beskou moet word nie en bepleit 'n antipositivistiese benadering wat beskrywende navorsing in 'n mindere mate bevraagteken:

In my view the reason for the difficulties surrounding the use of description as data lies with the positivistic and empirical philosophical views that were dominant when psychology became independent ...

Dit is die navorser se oortuiging dat 'n kwalitatiewe beskrywing beter begrip by die leser sal bewerkstellig vir die benutting van die enkelgevalstudie.

Kwalitatiewe navorsing behels navorsing waarvan die prosedures nie streng geformaliseer is nie en waarvan die reikwydte minder vasgestelde grense het as kwantitatiewe navorsing, wat duidelik begrens, gekontroleerd en geformaliseerd is. Dit is dus nie die afwesigheid van syfers wat 'n studie kwalitatief maak, of die aanwesigheid van syfers wat 'n studie kwantitatief maak nie maar eerder die breër benadering en algemene ingesteldheid van die navorsers wat belangrik is (Mouton & Marais, 1990). Kwalitatiewe navorsing word ook deur vele ander terme beskryf soos beskrywende, naturalistiese, fenomenologiese, subjektiewe, enkelgeval-, hermeneutiese of humanistiese navorsing (Wolcott, 1990). Hierdie benadering is deur die sielkunde, sosiologie en opvoedkunde oorgeneem vanuit die etnografiese metodes van die antropologie (Huysamen, 1993).

Kwalitatiewe navorsing word deur 'n antipositivistiese benadering geïnspireer.

Positivisme behels die toepassing van die metodes van die natuurwetenskappe op die sosiale wetenskappe terwyl antipositivisme aanvoer dat die natuurwetenskaplike metode nie noodwendig begrip vir die mens en sy leefwêreld bevorder nie (Huysamen, 1993). Die positivistiese benadering poog om feite en oorsake van sosiale prosesse en sindrome daar te stel deur dit los te maak van die individu terwyl die antipositiviste meen dat dit nie moontlik is om reg te laat geskied aan die begrip van die individu wanneer hy of sy buite konteks bejeën word nie. Kwalitatiewe navorsing benut die mens se geskrewe of gesproke woorde of gedrag as ontledingseenhede en kan so 'n verklarende of beskrywende gevolg hê (Taylor & Bogdan, 1984). In sommige vorme van kwalitatiewe navorsing is dit belangrik vir die navorser om nie voorafopgestelde ontledingskategorieë op die data toe te pas nie maar eerder ontledingskategorieë te ontwikkel wat uit die data voortvloei. Die waarnemingsproses vind in kwalitatiewe navorsing nie noodwendig van 'n afstand af plaas nie maar dikwels raak die navorser betrokke by dit wat waargeneem word in die vorm van deelnemende waarneming (Mouton & Marais, 1990). 'n Holistiese beskouing van dit wat ondersoek word, is belangrik en navorsers is ingestel op die effek wat die navorsing op die deelnemers sal hê. 'n Induktiewe werkswyse is dikwels kenmerkend van hierdie navorsing (Taylor & Bogdan, 1984).

Volgens Mouton en Marais (1990) kan drie dimensies in die wetenskaplike ruimte onderskei word, naamlik breedte, hoogte, en diepte. In die breedtedimensie probeer navorsers om alle moontlike aspekte van 'n verskynsel te ondersoek. Hierdie navorsing probeer om so insluitend en omvattend moontlik te wees. In die hoogtedimensie word 'n teorie sistematies opgebou van empiriese feite tot verdere vlakke van abstraksie. Die navorser grond die teorie wat ontwikkel word op empiriese feite en abstraheer verder tot 'n teorie. In die dieptedimensie probeer die navorser om tot die kern of essensie van die verskynsel deur te dring. Kwantitatiewe navorsing werk hoofsaaklik in die hoogte- en breedtedimensies en kwalitatiewe studies poog meer om diepte-insig te bewerkstellig deur betrokkenheid by die data en kontekstualisering van die data.

6.3 NAVORSINGSPROSEDURES WAT GEVOLG IS

6.3.1 Databronne

Die databronne vir hierdie studie behels nie inligting wat van mense verkry is soos deur waarneming of vraelyste nie. Die hoofdatabronne behels dokumentasie en nie menslike gedrag nie. Dokumentasie is produkte van menslike gedrag en eienskappe. Dit is 'n meer indirekte databron (Smit, 1985). Die spesifieke dokumente vir hierdie studie is voltooide navorsing in die vorm van internasionaal gepubliseerde artikels en Suid-Afrikaanse proefskrifte en verhandelings. Dokumente is 'n databron wat nie gereeld in die sielkunde gebruik word nie. Ander dokumente soos briewe, outobiografieë, biografieë, artikels en argiefdokumente kan ook in navorsing gebruik word (Chadwick, Bahr & Albrecht, 1984; Huysamen, 1993). Dokumente as databronne is niereaktief, anders as wanneer dit mense is wat bestudeer word. Dokumente word dikwels met 'n koderingsstelsel van kwalitatiewe of kwantitatiewe aard ontleed. Hierdie koderingsstelsel moet versigtig opgestel word om die minimum inligting verlore te laat gaan. In hierdie studie is die data eers versamel en deurgegaan voordat 'n koderingsstelsel opgestel is. Hierdie koderingsstelsel het dus uit die data ontstaan. Dokumente stel die navorser in staat om met groter gemak longitudinaal te werk en om neigings oor die jare aan te toon (Bailey, 1982).

Die dokumente wat vir hierdie studie gebruik is, is navorsing wat enkelgevalstudies of enkelproefpersoonondersoeke behels het. Die navorser het haar spesifiek tot N=1-studies (**enkelgevalstudies**) beperk en die insluitingskriterium was dus dat 'n studie slegs een ondersoekkeenheid gehad het. Hoewel die term “gevallestudie” ook gebruik word vir navorsing waar meer as een geval grondig bespreek word, is hierdie studies nie ingesluit in hierdie studie nie, ten einde die veld duideliker af te baken. Die studies wat verkry is, is in twee afdelings verdeel, naamlik dié wat verkry is uit internasionale tydskrifte en dié wat vervat is in Suid-Afrikaanse proefskrifte en verhandelings.

6.3.2 Data-insameling

6.3.2.1 Voorafondersoek

Voordat met die data-insameling begin is, is 'n voorafondersoek gedoen om te bepaal watter insamelingsmetodes die effektiëste sou wees. Dit het na vore gekom dat die databasisse in Suid-Afrikaanse biblioteke met gemak vir die navorser 'n lys van moontlike internasionale enkelgevalstudies kon gee. Op Suid-Afrikaanse vlak was so 'n uitdruk nie bekombaar nie aangesien alle soektogte met “enkelgevalstudie” en ander soortgelyke terme as sleutelwoorde, geen resultate gelewer het nie. Dit het geblyk dat die databasis van Suid-Afrikaanse navorsing nie doeltreffend deur 'n rekenaarsoektog ontgin kon word nie en dat die navorser ander metodes sou moes gebruik om die Suid-Afrikaanse enkelgevalstudies te identifiseer. Die navorser het telefonies met verskeie universiteite kontak gemaak maar kon ook nie sodoende enige titels van enkelgevalstudies bekom nie. 'n Kort vraelys wat uitgestuur is aan alle sielkundedosente landswyd en waarin hulle gevra is om titels van enkelgevalstudies wat onder hulle supervisie gedoen is te verskaf, het ook nie bevredigende resultate gelewer nie. Die responskoers was baie laag en die navorsers kon nie op grond van hierdie vraelys die titels van genoeg enkelgevalstudies bekom nie.

6.3.2.2 Data-insamelingsoektogte

Op grond van hierdie voorafondersoek het die navorser besluit om die data-insameling as volg te doen:

Die internasionale artikels is verkry deur 'n rekenaarsoektog van navorsing gepubliseer tussen 1985 en 1995 aan te vra met behulp van die gepaste sleutelwoorde. Hierdie soektog se resultate het titels van moontlike artikels gelewer. Soveel moontlik van hierdie artikels is verkry deur van verskeie biblioteke gebruik te maak en indien die artikel aan die kriterium (N=1) voldoen het, is die artikel ingesluit in die

ondersoekgroep.

Die Suid-Afrikaanse proefskrifte en verhandelings is verkry deur 'n soektog by die RGN aan te vra van **alle** voltooide navorsing in sielkunde in Suid-Afrika sedert 1990. Hierdie soektog het ongeveer 1900 navorsingsprojekte gelewer. Die titels en opsommings van al hierdie voltooide navorsingsprojekte in Suid-Afrika is deeglik deurgegaan en enkelgevalstudies en moontlike enkelgevalstudies is geïdentifiseer. Soveel moontlik van hierdie geïdentifiseerde studies is daarna met behulp van interbiblioteeklenings bekom en indien die studie aan die kriterium (N=1) voldoen, is die studie ingesluit in die ondersoekgroep. Die navorser het gepoog om die universum van N=1-studies te bekom maar alle geïdentifiseerde studies kon nie bekom word nie vanweë onbesikbaarheid in die biblioteke of onmoontlikheid om dit op te spoor. Op hierdie wyse is 55 internasionale artikels en 22 Suid-Afrikaanse proefskrifte en verhandelings ingesluit in die ondersoekgroep.

6.3.3 Dataverwerking

Die verwerking van data in 'n studie word nouliks bepaal deur die doelstellings van die data. Beskrywing en interpretering van data is 'n proses wat beïnvloed word deur die navorser. Wolcott (1994, p. 15) stel dit so: "There is no such thing as immaculate perception, and there is no such thing as immaculate description, either." As gevolg hiervan is dit dus nodig om die doelstellings van enige studie duidelik te formuleer aangesien dit bepaal watter data as belangrik beskou word. Die doelstellings van hierdie studie is om die gebruik van enkelgevalstudies grondig te beskryf om sodoende beter begrip vir hierdie navorsingsmetode te kweek. Die ontleding van die data sou dan op so 'n wyse gedoen moet word dat dit aan hierdie doelstelling voldoen.

Daar kan onderskei word tussen deursnit- en dwarssnitontleding. Deursnitontleding behels die diepteontleding van een geval. So 'n studie verbreed die begrip van die

verskynsel wat ondersoek word. Dwarssnitanalise behels die analise van verskeie gevalle ten einde groter veralgemening moontlik te maak (Miles & Huberman, 1994). In hierdie studie is daar van dwarssnitanalise gebruik gemaak.

Die kwalitatiewe metode van data-ontleding wat in hierdie studie gebruik is, is induktiewe analise soos beskryf deur Patton (1990). Induktiewe analise kan onderskei word van inhoudsontleding. Inhoudsontleding behels die kwantitatiewe of kwalitatiewe ontleding van tekste volgens gespesifiseerde kenmerke of kategorieë. Die data word dan sistematies gekodeer volgens hierdie kategorieë (Bailey, 1982; Chadwick et al., 1984). Die enigste bepalende faktor is of die kenmerk in die data voorkom of nie (Kidder, 1981). In induktiewe analise word die temas of patrone van ontleding nie vooraf deur die navorser vasgestel nie en hierin lê die onderskeid tussen inhoudsontleding en induktiewe analise. Die patrone en temas waarvolgens die data ontleed gaan word, kom voort uit die data self. Dit sou dan impliseer dat die navorser die data lees en weer lees totdat sekere temas, patrone of kategorieë na vore kom. In hierdie proses is die navorser op soek na aspekte van die data wat op 'n patroonmatige wyse met betrekking tot die temas na vore kom. In hierdie studie het die navorser gevind dat die volgende temas voorkom:

- Tema 1: Die kwalitatiewe of kwantitatiewe aard van die studies
- Tema 2: Die spesialisierigting waarin die studies voorkom
- Tema 3: Die oorhoofse navorsingsdoelstelling
- Tema 4: Die motivering vir die studies
- Tema 5: Die benutting van die resultate van die studies

Hierdie temas wat na vore gekom het, word verder deur Patton (1990) as sensitiserende konsepte omskryf deurdat die navorser reeds voor die data-insameling vir hierdie konsepte vanuit die literatuur gesensitiseer is. Die literatuur gee vir die navorser breë riglyne vir konsepte om na te soek en die navorser poog dan om vas te stel of hierdie konsepte ook uit die data afgelei sou kon word. Die datareduksie het

verder plaasgevind aan die hand van die bogemelde temas deurdat die data daarvolgens ontleed en gekodeer is (Miles & Huberman, 1994). Hierdie kodering volgens temas of patrone word as patroonkodering (Miles & Huberman, 1994) of kodering volgens kategorieë (Taylor & Bogdan, 1984) beskryf.

Die resultate van die ontleding is weergegee aan die hand van die vyf temas van ontleding. In die rapportering van die resultate het die navorser ook van kwantitatiewe voorstellingswyses en beskrywings gebruik gemaak om uit te brei op die tendense wat beskryf is en ook meer detail te verskaf. Die praktyk om kwalitatiewe navorsing ook met kwantitatiewe voorstelling te verbind, word aanbeveel deur skrywers soos Miles en Huberman (1994, p. 40): "... we have to face the fact that numbers and words are *both* needed if we are to understand the world." Die kwantitatiewe komponent van hierdie navorsing is gebruik ten einde die resultate te verhelder en beter voor te stel.

Daar moet onderskei word tussen ontleding en interpretering in navorsing. Die navorser het in hierdie studie eerstens gepoog om die resultate te ontleed en weer te gee voordat interpretasies gemaak is. Beskrywing is die eerste taak tydens data-analise (Patton, 1990) en die navorser moet gedurende hierdie beskrywing deurgaans die aanvanklike navorsingsvraag in gedagte hou sodat die beskrywings daarop gemik kan wees om daardie vraag te beantwoord. In hierdie studie het die navorser deurentyd die vraag: "Hoe word die enkelgevalstudie in Suid-Afrika gebruik?" in gedagte gehou. Interpretasies en opsommings van hierdie resultate volg telkens eers aan die einde van die voorstelling van die resultate. Die finale ontleding en interpretering van die resultate is primêr beïnvloed deur die navorsingsvraag en doelstellings. Hierdie studie is gemotiveer deur 'n behoefte aan helderheid oor die benutting van enkelgevalstudies en die uiteindelijke resultate poog dan om aan die leser 'n duidelike beeld van die stand en benutting van enkelgevalstudies in Suid-Afrika voor te hou.

6.4 SAMEVATTING

Samevattend kan die navorsingsontwerp as volg beskryf word:

- Literatuursoektogte is aangevra om moontlike titels vir insluiting in die studie te bekom.
- Twee soektogte is aangevra. Die eerste het 'n literatuursoektog (sedert 1985) behels om moontlike internasionale artikels op te lewer. Die tweede soektog het die opsporing van die titels en opsommings van alle voltooide navorsing in Suid-Afrika sedert 1990 behels.
- Vanuit bogemelde soektogte is studies geïdentifiseer wat moontlik in die navorsing ingesluit kon word.
- Geïdentifiseerde studies is verkry en oorweeg vir insluiting in die navorsing.
- Data-ontleding het plaasgevind aan die hand van vyf temas wat deur inductiewe ontleding na vore gekom het.
- Die resultate is op kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe wyse weergegee.
- Die resultate is saamgevat om 'n duidelike beeld van die gebruik van enkelgevalstudies te skets .

HOOFSTUK 7

DIE NAVORSINGSRESULTATE EN DIE INTERPRETASIE DAARVAN

7.1 ORIËNTASIE

In hierdie hoofstuk sal die navorsingresultate gerapporteer en geïnterpreteer word. Die gevolgtrekkings en implikasies van die bevindinge sal in hoofstuk 8 bespreek word.

Die data wat ingesamel is, is tweeledig van aard en die twee dele sal gevolglik afsonderlik bespreek word. Die eerste gedeelte behels tydskrifartikels terwyl die tweede die Suid-Afrikaanse verhandelings en proefskrifte wat verkry is insluit. Beide die tydskrifartikels en verhandelings sal volgens die temas van analise soos in hoofstuk 6 uiteengesit, bespreek word.

7.2 TYDSKRIFARTIKELS

7.2.1 Tema 1: Kwalitatief of kwantitatief

Alhoewel hierdie indeling nie deur alle skrywers oor navorsing aanvaar word nie (Huysamen, 1993), word hierdie onderskeid vir die studie gebruik omdat dit as 'n nuttige tipologie beskou word vir die ontleding van navorsing. Die data is ontleed teen die agtergrond van die definisie soos in hoofstuk 4 aangedui. Kwalitatiewe navorsing is dus in hierdie konteks daardie navorsing wat minder begrens en gekontroleerd as kwantitatiewe navorsing is (Mouton & Marais, 1990).

Uit die data blyk dat enkelgevalstudies beide kwalitatief en kwantitatief toegepas word maar dat die meeste studies kwantitatief van aard was. Tabel 7.1 dui die verdeling aan.

TABEL 7.1 DIE KWALITATIEWE OF KWANTITATIEWE AARD VAN DIE INTERNASIONALE ARTIKELS (n = 55)

Aard van die studie: Kwalitatief of kwantitatief	f	%
Kwantitatief	35	64
Kwalitatief	15	27
Kombinasie van albei soorte	5	9

7.2.1.1 Kwantitatiewe artikels

Uit die 55 artikels was die meerderheid, naamlik 35 (64%), kwantitatief van aard. Die volgende titel weerspieël hierdie benadering: "Preventative intervention with a depressed mother with mental retardation and her infant: A quantitative case study" (Leifer & Smith, 1990, p. 301).

As verdere illustrasie van die kwantitatiewe studies kan die studie van Leifer, Wax, Leventhal-Belfer, Fouchia en Morrison (1989) genoem word. Die titel gee reeds 'n aanduiding van die kwantitatiewe aard van die studie: "The use of multitreatment modalities in early intervention: A quantitative case study" (Leifer, Wax, Leventhal-Belfer, Fouchia & Morrison, 1989, p. 100). In hierdie navorsing word die impak van 'n multibehandelingsingreep bestudeer deur die benutting van 'n A-B-ontwerp waartydens die meting van spesifieke gedragsaspekte oor 'n tydperk van twee jaar herhaal is. Die navorsers gebruik hier kwantitatiewe metodologie om effektief aan te toon hoe die gesin se gedrag verander het en sodoende word die bruikbaarheid van die navorsers se behandelingsmetode deur kwantitatiewe meting geïllustreer.

7.2.1.2 Kwalitatiewe artikels

Die kwalitatiewe artikels wat ontleed is, was 15 (27%) in totaal. Die studie van

Spellman en Scott (1993) is 'n goeie voorbeeld van die kwalitatiewe benadering wat deur 15 (27%) van die artikels benut is. In hierdie studie poog die navorsers om hul doelwit te bereik deur middel van verbale beskrywing eerder as die verskaffing van syfers. Die artikel neem dan die vorm aan van 'n chronologiese, ontvouende vertelling van 'n terapieproses met Sam wat baie asosiaal geraak het in die huis vir gestremdes waarin hy woon. Die navorsers beskryf elke fase van die terapeutiese proses en verbreed hierdie vertelling deur by elke fase van die proses hul eie kommentaar op die proses in te sluit. Hul beskryf die artikel soos volg: "The case is presented as an unfolding story to encourage readers to consider for themselves how to respond to the dilemmas and questions as they arise" (Spellman & Scott, 1993, p. 23).

7.2.1.3 Kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes

Die artikels wat 'n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes gebruik het, het 9% (5) van die artikels behels. Die volgende studie van Agnew, Harper, Shapiro en Barkham (1994) oor die oplossing van uitdagings wat aan die terapeutiese verhouding gestel word, illustreer hierdie minder gebruikte benadering. Die volgende stelling van die outeurs dui aan hoe hulle hierdie benadering beskou: "[T]he present study combines quantitative and qualitative methods in a three-step procedure to identify and describe the key change processes" (Agnew et al., 1994, p. 156). In hierdie studie gebruik die navorsers eers kwantitatiewe metodes om 'n werklik verteenwoordigende geval volgens streng kriteria uit 'n populasie van 21 depressielyers te selekteer. Kwantitatiewe metodologie word tweedens gebruik om betekenisvolle terapiessies met die gekose navorsingsdeelnemer te identifiseer. Nadat die spesifieke geval en die betekenisvolle sessies volgens kwantitatiewe beginsels geïdentifiseer is, is die materiaal uit die sessies volgens kwalitatiewe beginsels geanaliseer. Die navorsers gebruik spesifiek hierdie metode om die studie repliseerbaar en objektief te maak sodat die resultate geverifieer kan word deur verdere enkelgevalnavorsing. Die navorsers is ook voorstanders van metodologiese

pluralisme en glo dat die kwantitatiewe seleksie van die enkelgeval asook die kwantitatiewe seleksie van die betekenisvolle sessies meer geloofwaardigheid aan die kwalitatiewe analise gee.

7.2.2 Tema 2: Spesialisierigting

Die spesifieke spesialisasieveld waarin die studie gedoen is, is die volgende tema wat ondersoek is. Die doel was om te bepaal of daar sekere spesialisierigtings in die sielkunde is wat meer van enkelgevalstudies gebruik maak as ander. Uit die data het geblyk dat die enkelgevalstudie meestal op die gebied van neurosielkunde en ook gereeld in gesinsterapienavorsing gebruik word. Dit word heelwat minder gebruik in ander spesialisierigtings. Tabel 7.2 illustreer hierdie bevindinge:

TABEL 7.2 DIE SPESIALISASIERIGTING WAT IN INTERNASIONALE TYDSKRIFARTIKELS VOORGEKOM HET (n = 55)

Spesialisierigting	f	%
Neurosielkunde	20	36
Gesinsterapie	12	22
Ander minder bekende rigtings	6	11
Psigopatologie	5	9
Kognitiewe sielkunde	4	7
Psigodinamiese benaderings	3	5.5
Gedragsterapie	3	5.5
Gesondheidsielkunde	1	2
Psigometrie	1	2

Dit blyk dat elke spesialisierigting neig om die enkelgeval op 'n spesifieke manier te gebruik. In die neurosielkundige enkelgevalle volg al die artikels min of meer dieselfde patroon: die pasiënt se agtergrond word eerstens bespreek. Dit word gevolg

deur die resultate van verskeie neurosielkundige toetse en evaluerings wat weer gevolg word deur 'n interpretasie van die resultate. Hierdie studies het 'n baie sterk kwantitatiewe komponent (in die vorm van die toetsresultate). Hierdie resultate word dan saamgevat in die navorsers se voorstel van 'n model wat moontlik die bestudeerde verskynsel kan verklaar. Die studie van Baddeley en Wilson (1988) kan hier as voorbeeld gebruik word. In hierdie studie poog die navorser om 'n verband tussen begrip en korttermyn-geheue daar te stel. Die gevalgeskiedenis van T.B., wat geheueprobleme ervaar na 'n grand mal-aanval 18 maande vroeër, word beskryf. Hierdie beskrywing word gevolg deur die resultate van verskeie neurologiese toetse en subtoetse wat T.B. voltooi het. Hierdie toetse het hoofsaaklik drie areas ondersoek, naamlik korttermyngeheue, ouditiewe begrip en leesbegrip. Die resultate van die onderskeie subtoetse word in opvallend baie detail weergegee. Hierdie resultate word gevolg deur 'n bespreking van die resultate met behulp waarvan die navorsers poog om steun aan 'n hipotese te verleen. Die bespreking behels 'n argument wat die resultate interpreteer en op logiese wyse verbind om die hipotese te ondersteun. Die gevolgtrekking waartoe die neurosielkundige studies kom, is dikwels gebaseer op interpretering en argumentering. In hierdie studies kan die navorsers nie net die kwantitatiewe resultate weergee en hoop dat dit vanselfsprekend is nie, maar hulle moet die kwantitatiewe resultate interpreteer en ook 'n logiese argument uiteensit om tot 'n gevolgtrekking te kom.

Algemene onderwerpe van studie op die gebied van neurosielkunde was studies wat gehandel het oor die verskillende aspekte van afasie en disleksie. Studies oor geheue, amnesie en demensie was ook redelik algemeen. Ander onderwerpe wat minder algemeen was maar ook voorgekom het, was breinletsels, spraak- en wiskunde-probleme en neurologiese rehabilitasie.

In teenstelling met die neurosielkundige studies poog die navorsers in die tweede spesialisasieveld, naamlik gesinsterapie, nie noodwendig om 'n verklaringsmodel daar

te stel nie. Hierdie artikels volg eerder 'n patroon waarin 'n dieptebeskrywing van 'n geval gegee word, gevolg deur die ekstrapolering van belangrike temas of patrone. Die navorsers gee dan wenke aan ander terapeute met soortgelyke gevalle en noem verdere interessante vrae wat ontstaan het in die proses. Die kwantitatiewe eksperimentele enkelgeval het nie gereeld voorgekom onder die gesinsterapie-artikels wat gevind is nie maar daar was eerder meer kwalitatiewe artikels. In die studie van Graham (1990) word die terapieproses met Mary en haar gesin beskryf nadat sy selfs met behulp van medikasie geen verligting kon kry vir haar chroniese moegheidsindroom nie. Die navorser beskryf die terapeutiese proses en lig na die beskrywing van die proses sekere aspekte uit wat aantoon dat gesinsterapie nuttig kan wees vir lyers aan chroniese moegheidsindroom. Ander algemene onderwerpe in die gesinsterapiestudies was seksuele aanranding, kindermishandeling, vigs en egskeiding.

Die psigodinamiese navorsers het almal 'n kombinasiemodel verkies wat beide kwantitatiewe en kwalitatiewe aspekte bevat het. Die kwantitatiewe deel van die studie word gebruik om die doeltreffendheid en die nut van die ingreep aan te toon. Die kwalitatiewe deel van die studie word gebruik om die kompleksiteit en diepte van onbewuste of dinamiese prosesse steeds akkuraat weer te gee. In Moran en Fonagy (1987) se studie van 'n diabetiese tiener genaamd Sally, word gepoog om deur middel van 'n kwasi-eksperimentele studie aan te toon hoe psigoanalise van waarde kan wees in die beheer van diabetes. Die navorsers het hier getranskribeerde terapiessessies gebruik en inhoudsontleding daarvan gedoen. Die temas wat uit die inhoudsontleding na vore gekom het, is vergelyk met Sally se urienglukosevlakke. Die resultate het aangedui dat die deurwerk van psigiese konflik Sally se beheer van haar diabetes verbeter. Ander onderwerpe wat ook deur die psigoanalitiese navorsers bestudeer is, was moeder-kind-verhoudings en weerstand in die terapieproses.

Op die gebied van gedragsterapie was dit nie verbasend om te sien dat die navorsers

uitsluitlik kwantitatiewe eksperimentele ontwerpe gebruik het nie aangesien gedragsterapie uiters geskik is vir hierdie navorsingsontwerpe. Ter illustrasie hiervan kan die studie van Baldwin en Heather (1986) genoem word. In hierdie studie is daar gepoog om S. se rookgedrag te verminder deur middel van 'n omvattende gedragsterapieprogram wat bestaan het uit 'n gedragsterapiekontrak, omgewingsmanipulering, oefening, selfbeloning en selfmonitering. Die ontwerp het 'n A-B-vorm aangeneem met opvolgmetings tot 30 maande na die ingreep, wat aangedui het dat die ingreep in hierdie geval suksesvol was. Vriendskapsopleiding en die aanleer van selfbeheerstrategieë vir hiperaktiwiteit was ook onderwerpe van studie.

Die oorblywende spesialisasierigtings soos kognitiewe sielkunde, psigopatologie, gesondheidsielkunde en psigometrie het nie sulke sterk tendense getoon nie en in hierdie rigtings is afwisselend van sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe metodologie gebruik gemaak. In die studies wat oor psigopatologie gehandel het, was die mees algemene onderwerpe depressie en eetversteurings. Ander onderwerpe waarvoor daar studies gedoen is, was ouer-kind-terapie, stresinokulasie en kognitiewe onderwerpe soos emosionele uitdrukking.

7.2.3 Tema 3: Navorsingdoelstellings

Enige navorsing het 'n oorhoofse doelstelling. Hierdie doel kan een van die volgende drie wees: teorie(hipotese)-toetsing, beskrywing of verklaring (heuristies). Die data is ontleed aan die hand van hierdie drie dimensies, wat in hoofstuk 3 bespreek is. Tabel 7.3 weerspieël die resultate.

TABEL 7.3 DIE NAVORSINGDOELSTELLINGS VAN DIE INTERNASIONALE ARTIKELS (n = 55)

	Navorsingsdoelstellings	f	%	f	%
Hoofkategorie 1	Teorietoetsend en hipotesetoetsend	23	42		
Subkategorieë	(i) Toets intervensie			15	65
	(ii) Toets model/teorie			8	35
Hoofkategorie 2	Beskrywend	18	33		
Subkategorieë	(i) Beskryf intervensie			11	61
	(ii) Beskryf fenomeen			6	33
	(iii) Beskryf meting			1	6
Hoofkategorie 3	Heuristies en verklarend	14	25		

7.2.3.1 Teorietoetsende en hipotesetoetsende navorsing

Die eerste hoofkategorie wat onderskei is, naamlik toetsende navorsing, is in 42% (23) van die geanaliseerde artikels geïdentifiseer. Uit hierdie kategorie toetsende studies kan twee subkategorieë onderskei word. Die navorsing kan eerstens die doeltreffendheid van 'n **intervensie** ondersoek of tweedens 'n bestaande **teorie** of model toets. Die navorsing wat 'n intervensie ondersoek, poog om die praktiese kennisveld te verbreed en sou as toegepaste navorsing beskryf kon word. Die navorsing wat 'n teorie ondersoek, poog om die geldigheid van die bestaande basiese kennis te ondersoek en is dus basiese navorsing.

Uit die 23 toetsende artikels was die meerderheid (15; 65%) uitkomsstudies wat die eerste subkategorie, die effektiwiteit van 'n **intervensie**, wou evalueer. Die volgende aanhalings illustreer hierdie doelwit:

* "The following case study serves to illustrate... the potential effectiveness of token

reinforcement ..." (Fraser, Belzner & Conte, 1992, p. 339).

* "This study has demonstrated the efficacy of using a contingency management procedure in the treatment of polydipsia" (Turnbull, 1993, p. 279).

Liu en Baker (1993, p. 92) beskryf hul toetsende studie met 'n vierjarige Sjinese immigrante in Amerika as volg: "The current study serves as an... evaluation of a friendship training intervention... ." In hierdie studie pas die navorsers die A-B-A-ontwerp toe en meet verandering aan twee geoperasionaliseerde doelwitte, naamlik die aantal selfgeïnisieerde verbale kontakte in Sjinees en tweedens die aantal selfgeïnisieerde verbale kontakte in Engels. Na aanleiding van die resultate op die toetsing van die ingreep dui die navorsers aan dat die intervensie potensiaal het vir verdere benutting en navorsing.

Die tweede subkategorie het die toetsing van 'n **model of teorie** behels en agt (35%) van die studies is so gekategoriseer. Die tendens hier was dat hierdie vorm van navorsing veral baie in neurosielkundige studies gebruik is. Die volgende stelling dui aan hoe navorsers te werk gaan om 'n model of teorie te toets: "This study is concerned with the hypothesis that the short term phonological storage component of working memory plays an important role in the comprehension of discourse" (Baddeley & Wilson, 1988, p. 479).

In Driver en Halligan (1991) se neurosielkundige studie oor visueel-ruimtelike verwaarlosing stel die navorsers hul hipotese duidelik aan die begin van die artikel, naamlik dat visueel-ruimtelike verwaarlosing objekgesentreer is. Hul toets dan hierdie hipotese met behulp van pasiënt P.P. wat regterhemisferiese skade opgedoen het. Uit die resultate van die neurosielkundige eksperiment wat gedoen is, lei die navorsers af dat "the present case study firmly establishes that visual neglect can operate relative to object-centred principal axes ..." (Driver & Halligan, 1991, p. 494).

7.2.3.2 *Beskrywende navorsing*

Beskrywende navorsing poog nie om 'n nuwe teorie daar te stel of 'n hipotese te formuleer nie maar eerder om 'n geval te beskryf soos dit waargeneem is. Uit die data het dit na vore gekom dat hierdie hoofkategorie van beskrywende studies in drie breë subkategorieë verdeel kan word, naamlik beskrywing van 'n **verskynsel**, of 'n **intervensie** (sonder om noodwendig die intervensie te evalueer) of 'n **meetinstrument**. Uit die 55 artikels was 18 (33%) beskrywend.

Uit die 18 beskrywende artikels val 11 (61%) in die eerste subkategorie, naamlik die beskrywing van 'n **intervensie**. Die volgende aanhalings illustreer hierdie doelstelling:

* "The aim of the current paper is to introduce the concept of object sculpts..." (Heinl, 1988, p. 167).

* "This case study illustrates the focal approach..." (Bentovim & Davenport, 1992, p. 36).

* "A quantitative case study is presented to illustrate the application of an ecological model..." (Leifer & Smith, 1990, p. 303).

"This case was not viewed as providing an experimental test of the intervention..." (Blythe & Erdahl, 1986, p. 273). Hierdie stelling deur die navorsers illustreer hul doelstelling van beskrywing eerder as toetsing. Die navorsers poog nie in hierdie studie om die ingreep wat toegepas is, te evalueer nie maar slegs om dit aan die leser te beskryf. 'n Vyftigjarige vrou, me. A., is in hierdie studie voorberei vir hartsjirurgie deur stresinokulasieterapie. Haar vordering is deur gedragsmeting gemonitor en die ingreep het wel verbetering in haar affek en gedrag tot gevolg gehad. Hierdie monitering was egter nie daarop gemik om die ingreep as effektief te bewys nie maar is eerder gebruik in die hantering van me. A. Die geval word deur die navorsers beskryf om aan te dui dat die intervensie potensiaal het en verdere navorsing in hierdie veld nuttig sou wees.

Die tweede subkategorie, naamlik beskrywing van 'n **verskynsel of fenomeen**, is deur 6 (33%) van die 18 beskrywende artikels verteenwoordig:

* "In the following case report, correlation between ... was assessed..." (Brooker, Dougherty, Love & Kelly, 1991, p. 1365).

* " [T]he case poses some crucial questions regarding the manner in which word-specific information is coded..." (Goulandris & Snowling, 1991, p. 152).

In die studie van Rivett en Street (1993) word 'n atipiese gesinstruktuur beskryf. Die navorsers beskryf gesinne waarin "informele poligamie" (Rivett en Street, 1993 p. 71) voorkom en dit 'n deel van die stabiele struktuur van die gesin geword het. In so 'n gesin het die vader soms kinders in meer as een huishouding en hou hy ook kontak met albei die huishoudings. Hierdie vorm van poligamie val egter nie binne 'n kultuur wat openlik poligamie aanvaar nie maar is eerder die gevolg van 'n buite-egtelike verhouding wat na die aanvanklike ongemak 'n stabiele deel van die gesin se patroon vorm. Die navorsers publiseer hul beskrywing van die verskynsel om ander terapeute bewus te maak van hierdie minder bekende gesinstruktuur en ook om ander terapeute te waarsku teen hul eie vooroordele en stereotipes in die hantering van so 'n gesin.

Daar was slegs 1 (6%) van die 18 beskrywende artikels in die derde subkategorie, naamlik die beskrywing van 'n **meetinstrument**:

"The single case study which follows is presented as further evidence in support of the validity of the Simulation Index..." (Rawling & Coffey, 1994, p. 38). In hierdie studie wil die navorsers die bruikbaarheid van die Simulasie-indeks aandui deur die resultate van die metings van 'n individu weer te gee. Hierdie meetinstrument word egter nie in hierdie studie aan doelgerigte toetsing onderwerp om die geldigheid en betroubaarheid daarvan vas te stel nie. Die studie dien eerder as 'n beskrywing van die nuttigheid van die meetinstrument.

7.2.3.3 Heuristiese of verklarende navorsing

Heuristiese navorsing poog om teorieë of modelle daar te stel wat verskynsels verklaar en ook om nuwe tegnieke te ontwikkel. Uit die data was 14 (25%) van die artikels heuristies van aard. Die volgende stellings dui aan hoe die navorsers nuwe modelle daarstel:

* "... attempts to discover... the origins and processes underlying deviant response..." (Corbrinik, 1987, p. 255).

* "The present study combines quantitative and qualitative methods... to identify and describe key change processes..." (Agnew et al., 1994, p. 156).

In Scheff (1989) word 'n vroeër gepubliseerde geval van anoreksia herondersoek ten einde 'n verklaringsmodel daar te stel: "This paper outlines a theory of the causation of anorexia..." (Scheff, 1989, p. 148). Die navorser doen 'n mikroanalise van die reeds gedetailleerde geval en postuleer op grond daarvan 'n model wat moontlik anoreksia kan verklaar as gekoppel aan woede en skaamte. Hy voer egter aan dat verdere navorsing nodig is om hierdie model te bevestig.

Heuristiese enkelgevalstudies kan ook gemoeid wees met die ontwikkeling van nuwe terapeutiese of metingstegnieke soos dit voorkom in die studie van Horowitz et al. (1993) waar die navorsers gepoog het om instrumente daar te stel wat verdedigingsmeganismes en emosionele uitdrukkings kan meet om sodoende van die konstrakte van psigodinamiese teorie kwantifiseerbaar te maak. Hulle som die waarde van hul studie soos volg op: "In addition to developing several new measures, we also developed improved procedures for such work" (Horowitz et al., 1993, p. 429).

7.2.4 Tema 4: Noodsaaklikheid van of motivering vir die studie

Met hierdie tema is ondersoek watter aspekte navorsers motiveer om

enkelgevalstudies te doen. Hier gaan dit nie oor die oorhoofse doelstellings soos verklaring of beskrywing (wat in tema 3 bespreek is) nie maar eerder oor die praktiese realiteite wat die navorsers gemotiveer het om 'n studie te doen.

Uit die data blyk dat daar verskeie oorwegings is wat as motiveerders kan optree. Tabel 7.4 gee die bevindinge weer:

TABEL 7.4 MOTIVERING VIR 'N ENKELGEVALSTUDIE SOOS DIT VOORKOM IN DIE INTERNASIONALE ARTIKELS (n = 55)

Motivering vir die navorsing	f	%
Wil suksesvolle, nuwe of onbekende intervensie bekendstel	14	25
Kan 'n nuwe verklaringsmodel daarstel o.g.v. die geval	14	25
Verbetering van, voortbouing op of bevestiging van vorige studies	9	16
Rare verskynsel waaroor min navorsing gedoen is	8	15
Navorsers wil 'n nuwe beskrywing van proses of verskynsel met ander deel	4	7
Wil nuwe navorsingsmetodiek of meetinstrument ontwikkel	3	6
Wil veranderingsproses eerder as intervensie ondersoek	3	6

Indien navorsers in die praktyk met 'n suksesvolle of nuwe intervensietegniek te make het, word dit natuurlikerwys 'n motiveerder om die intervensie aan ander wetenskaplikes bekend te stel en die sukses te beskryf. Hierdie vorm van motivering was die algemeenste onder die studies en 14 (25%) van die 55 artikels is deur 'n suksesvolle intervensie geïnspireer. Die volgende aanhalings is illustrerend:

* "The aim of the current paper is to introduce the concept of object sculpts..." (Heinl, 1988, p. 167).

* "... therapy for concentration problems appears to be promising..." (Wilson & Robertson, 1992, p. 204).

In die studie van Fraser et al. (1992) omskryf hulle hul doelstelling soos volg: "The purpose of this study is to describe an intervention... which school psychologists... can easily implement." (Fraser et al., 1992, p.339). Die navorsers het hier 'n intervensieprogram ontwikkel vir 'n agtjarige hiperaktiewe seun, Rory, om hom te help om betyds gereed te maak vir klas aangesien hy probleme gehad het daarmee om al sy voorbereidings vir verskillende periodes betyds af te handel. In die program se eerste fase is 'n kognitiewe model gebruik en 'n selfmoniteringsstelsel toegepas. Hierdie intervensie was nie baie suksesvol nie en 'n tweede fase is ingelei. Die tweede fase het nou 'n tydmeter en ook beloning ingesluit. Rory het in die tweede fase telkens die kriteria vir beloning sonder mislukking bereik. Verder het daar ook spontane veralgemening plaasgevind en Rory het self gevra om die tydmeter te gebruik terwyl hy sy wiskunde-opdragte uitwerk. Die navorsers toon dat hierdie veralgemening van gedrag nie in vorige studies gevind is nie, en daarom beskryf hulle die geval sodat verdere skoolsielkundiges en onderwysers van die suksesvolle intervensieprogram kennis kan neem.

Die tweede sterk motiveerder wat geïdentifiseer is, is die daarstelling van 'n nuwe verklaringsmodel en dieselfde persentasie van die studies (25%;14) as in die vorige kategorie is hierdeur gemotiveer. Wanneer die navorsers te make het met 'n geval waarvoor vorige verklaringsmodelle nie heeltemal voldoende is nie, dien dit as motivering om wel 'n model daar te stel wat bevredigend is. In hierdie studies begin die navorsers ook dikwels die artikels met 'n literatuurstudie wat duidelik aandui wat die tekort in die huidige modelle is. Neurosielkundige navorsers word dikwels deur onvoldoende verklaringsmodelle gemotiveer en agt (57%) van die 14 studies was neurosielkundig van aard. Die volgende aanhaling illustreer die tema: "... it outlines a detailed model of causality and suggests its plausibility" (Scheff, 1989, p. 148).

As verdere illustrasie hiervan kan die studie van Goulondris en Snowling (1991) genoem word. In hierdie neurosielkundige studie oor ontwikkelingsdisleksie poog die

navorsers om 'n verklaringsmodel daar te stel: "The purpose of this study was to explore the underlying processing deficits of an individual whose reading and spelling performance resembled that of a surface dyslexic" (Goulandris & Snowling, 1991, p. 130). Nadat die tekortkominge van vorige verklaringsmodelle in die literatuur uitgewys is, gaan die navorsers verder om J.A.S., 'n 22-jarige vrou met 'n geskiedenis van disleksie, se geskiedenis te gee. Sy het deeglike toetsing in lees, spel, fonologiese en visuele prosessering ondergaan. Die navorsers kom tot die gevolgtrekking dat haar spelprobleme verband kan hou met probleme ten opsigte van visuele geheue en postuleer so 'n tentatiewe verband tussen disleksie en visuele geheue.

'n Ander sterk motiverende faktor is vorige studies en nege (16%) van die 55 artikels is deur 'n vorige studie gemotiveer. In hierdie studies wil die navorsers die leemtes in vorige studies aanspreek of bloot bou op dit waarmee 'n ander studie begin het. Soms sien die navorsers hul geval as 'n goeie geleentheid om die bevindinge van 'n vorige studie te bevestig of 'n studie te repliseer. Die studie van Baldwin en Heather (1986), wat reeds in hierdie hoofstuk bespreek is, is 'n voorbeeld van 'n studie wat deur vorige studies geïnspireer is: "... the present case study attempts to build on the strengths of previous controlled smoking work..." (Baldwin & Heather, 1986, p. 296). In hierdie studie, waarin daar gepoog is om S. se rookgedrag te verminder, het die navorsers probeer om elemente wat nie in vorige studies ingesluit is, soos oefening en dieet, wel in te sluit en so te bou op die resultate van die vorige studies. Die navorsers kon deur middel van die spesifieke enkelgevalstudie die kennis van die vermindering van rookgedrag verbreed.

Die volgende aanhalings illustreer verder hoe navorsing gemotiveer word deur vorige studies:

- * "The very existence of this syndrome rests on the description of two patients reported by Shalice and Wallice..." (Warrington, Cipolotti & McNeil, 1993, p. 872).
- * "... nor has any equivalent been available to allow the replication..." (Baddeley,

1993, p. 130).

Soms het die navorsers met 'n rare verskynsel te make waaroor daar nog min navorsing gedoen is en agt (15%) van die 55 artikels het rare of min nagevorste aspekte bestudeer. Hirsch en Ellis beskryf hul studie oor woordprosessering en ouderdom van taalverwerwing as volg: "...This paper presents what we believe to be the first single case of an aphasic patient, NP, whose lexical processing is affected by age of acquisition..." (Hirsch & Ellis, 1994, p. 438). In hierdie studie kom die navorsers in aanraking met 'n unieke of rare geval en daarom word hul gemotiveer om die data asook 'n nuwe model gegrond op die geval te publiseer.

Noel en Seron (1993) beskryf in hul neurosielkundige studie vir N.R., 'n 64-jarige vrou wat 'n spesifieke versteuring toon in die lees van Arabiese syfers wat nog nie voorheen beskryf is nie: "Therein lies the interest of the patient we will describe, who presents a deficit that has not yet been described" (Noel & Seron, 1993, p. 318).

'n Ander aspek wat by 'n klein aantal van die studies as motiveerder opgetree het, is die navorser se nuwe beskrywing van 'n verskynsel. Hierdie beskrywing word egter nie tot 'n verklaringsmodel gevorm nie en word eerder as 'n interessante formulering gepubliseer. Jerrome (1994) gee 'n beskrywing van gesinsverhoudings sonder om te probeer om 'n verklaringsmodel daar te stel. Sy stel die taak van die navorsing as volg: "...the task is one of interpretation rather than measurement..." (Jerrome, 1994, p. 244).

Die navorsers gebruik ook 'n enkelgeval om nuwe navorsingsmetodes te ontwikkel of nuwe kwantifiseringstrategieë te ontwerp. Horowitz et al. (1993) is byvoorbeeld gemotiveer deur die behoefte aan die skepping van 'n kwantifiseringstrategie vir verdediging in terapie. "Defensiveness has been a difficult construct to assess..." (Horowitz et al., 1993, p. 421).

Die laaste motiverende aspek is die ontleding van verandering. Wanneer navorsers met 'n suksesvolle intervensie te make het, is hul enigste behoefte nie om dit aan ander bekend te stel nie. Soms word die enkelgeval 'n geleentheid om te bepaal hoe en waarom verandering plaasvind en nie net om aan te toon dat verandering wel plaasvind en die intervensie suksesvol is nie. Agnew et al. (1994) toon deur hul studie van mev. G. hoedat verandering plaasvind in 'n psigodinamiese terapieproses deur die aanslae op die terapieproses suksesvol op te los. Hul formuleer dan hul doel as volg: "... to describe key change processes..." (Agnew et al., 1994, p. 156).

7.2.5 Tema 5: Benutting van die resultate

Dit is belangrik dat die resultate van 'n stuk navorsing op die een of ander wyse benut kan word. Een van die punte van kritiek teen enkelgevalstudies is dan ook dat die resultate dikwels onbruikbaar is. Die data het getoon dat die meeste van die internasionale artikels se resultate wel benut kan word en Tabel 7.5 toon die verskillende gebruike van die resultate van die studies.

TABEL 7.5 BENUTTING VAN DIE RESULTATE VAN DIE INTERNASIONALE ARTIKELS (n = 55)

Benutting van die resultate	f	%
Navorsing stel 'n doeltreffende tegniek voor	24	44
Navorsing bied verklaring van 'n verskynsel	19	34
Navorsers bied wenke vir ander terapeute of navorsers	9	16
Navorsing evalueer of ontwikkel 'n meetinstrument	2	4
Navorsing verander die navorser se eie praktyk	1	2

7.2.5.1 Navorsing stel 'n doeltreffende tegniek voor

Die resultate van die meerderheid studies (24; 44%) wat bestudeer is bied 'n

waarskynlik bruikbare nuwe tegniek maar bied die resultate tentatief aan en vra verdere navorsing om die studie te bevestig. Die studies beskryf hoofsaaklik hoe die betrokke intervensietegnieke suksesvol was in die enkelgeval maar suggereer nie dat die intervensietegniek noodwendig suksesvol sou wees in alle gevalle nie. Die intervensietegnieke word meestal aangebied as 'n strategie met potensiaal en die sukses van die intervensie in die betrokke geval dui slegs vir die navorsers daarop dat verdere ondersoek meriete sou hê. Die volgende aanhalings uit die studies toon hierdie toepassing aan:

* "A tentative account of the process of change is offered..." (Agnew et al., 1994, p. 155).

* "Further research using alternating treatments is recommended..." (Turnbull, 1993, p. 279).

Die volgende stelling van Benedict, Brandt en Bergey (1993, p. 38) dui aan hoe die navorsers dink oor die benutting van hul resultate: "Although the results of experimental single-case studies cannot be generalized to a population... [they] may yield useful information as the results from similar cases are collected over time... ." In hierdie geval is gepoog om deur middel van 'n geheueopleidingsprogram 'n 55-jarige vroulike postenkefalitispasiënt se geheue te verbeter. Die resultate van hierdie studie is nuttig vir enige neurosielkundige wat rehabilitasiewerk met amnesiepasiënte wil doen. Hierdie geval vorm 'n vergelykingsbasis en 'n vertrekpunt vir ander navorsers of terapeute deur so 'n geval gekonfronteer sou word. Indien hulle dieselfde resultate kry, dien dit dan verder as steun vir die navorsers se gevolgtrekkings.

7.2.5.2 Navorsing bied 'n verklaring van 'n verskynsel

Om 'n verskynsel te verklaar, verbreed eerstens die terrein van die basiese wetenskap en gee so meer insig. Tweedens bied dit aan praktisyns die nodige inligting om hul wetenskaplike praktykvoering daarby aan te pas. Uit die data het 19 (34%) van die

artikels 'n verklaringsmodel gebied. Die gebied van die neurosielkunde was hier sterk verteenwoordig met 14 (74%) uit die 19 artikels wat neurosielkundig van aard was. Die verklarings wat gebied is, kan nou weer deur ander navorsers en praktisyns gebruik word wanneer hul 'n soortgelyke geval het.

Die verklaringsmodelle word met verskillende grade van tentatieweit aangebied en toon verder die tendens dat die navorsers hul verklarende model uiteensit saam met vrae wat steeds rondom die verskynsel bestaan. Die volgende aanhalings illustreer die variasies in die graad van tentatieweit. Daar is baie tentatiewe uitsprake:

* "If valid, these notions could prove particularly useful to social workers..." (Reder, Duncan & Gray, 1993, p. 64).

* "This story may be totally wrong. But at least it serves to show that the existence of plasticity..." (Levy, Amir & Shalev, 1992, p. 27).

In laasgenoemde studie het die navorsers gepoog om verdere steun aan 'n reeds bestaande model te verskaf. Die aanname van kortikale hemisferiese plastisiteit is hier ondersoek deur middel van 'n longitudinale, naturalistiese studie. 'n Seun met ernstige linkerhemisferiese skade se taalontwikkeling is oor 'n tydperk gemonitor en daar is gevind dat sy taal ten spyte van die skade redelik normaal ontwikkel het. Die normale taalontwikkeling is vir die navorsers ondersteunend van die plastisiteitsmodel. Hulle bly egter steeds baie tentatief in hul aannames soos die direkte aanhaling hierbo illustreer.

Daar is ook uitsprake wat baie minder tentatief is. Die studie van Driver en Halligen (1991) wat voorheen genoem is, is 'n voorbeeld waarin die gevolgtrekking heelwat minder tentatief was. Die outeurs beweer die volgende: "The present case study firmly establishes that visual neglect can operate relative to object-centered principal axes..." (Driver & Halligan, 1991, p. 494). Hierdie studie se resultate bied dus 'n model van visuele verwaarlosing wat benut kan word deur verdere navorsers of teoretici om

visuele verwaarlosing verder te ondersoek en moontlik te behandel.

Baddeley (1993) is ook meer verseker van sy resultate en vind dit nie nodig om die slotgevolgtrekking té tentatief te maak nie: "... the results of this study reinforce the conclusions based on... patient P.V..." (Baddeley, 1993, p. 147). Baddeley bestudeer in hierdie studie vir S.R., 'n 23-jarige student, om te bepaal of die resultate van 'n vroeëre soortgelyke geval (P.V.) gerepliseer kan word. Hy vind dat S.R. se resultate ooreenstem met die vorige studie en so word die enkelgevalstudie 'n bevestiging van 'n reeds bestaande model. Hierdie resultate kan dan met redelike sekerheid aanvaar word. Die gepostuleerde model dat 'n gebrek in korttermyn- fonologiese geheue geassosieer kan word met gebrekkige fonologiese langtermynleer word so bevestig. Hierdie model kan nou met meer sekerheid deur latere navorsers en praktisyns benut word.

Uit die data blyk verder dat die verklaring wat aangebied word, gegrond kan wees op die aanpassing of kombinasie van reeds bestaande modelle of dat 'n heel nuwe model geskep kan word. Sekere studies het 'n nuwe verklaringsmodel daargestel en nege (47%) van die 19 verklarende studies het nuwe modelle daargestel. Uit die 19 verklarende studies het 10 (53%) bestaande verklaringsmodelle aangepas of gekombineer om met 'n nuwe verklaringsmodel na vore te kom.

7.2.5.3 Navorsers gee wenke vir verdere navorsing of terapie

In nege (16%) van die artikels het die navorsers hul studie afgesluit deur praktiese wenke vir verdere terapeute of navorsers te gee. Die meeste (8; 89%) van die wenke was terapeuties van aard en een van die agt artikels (12%) het 'n navorsingswenk bevat. Die volgende aanhalings illustreer die aard van die wenke vir terapeute:

* "In conclusion we would recommend that a combination of lithium and antidepressant may be considered..." (Kim, Delva & Lawson, 1990, p. 113).

* "[T]he therapeutic team needs to put as much effort into issues of boundaries, safety, power, trust and communication within their own team and with other agencies as they do with the family" (Cottrell, Jog & Jackson, 1990, p. 352).

In die studie van Maddocks en Bachor (1986, p. 72) sluit hulle die artikel af met die volgende wenk vir terapeute: "recognition and acknowledgement of a self-referral is the first crucial step toward successful treatment". In die studie word Kim, 'n 21-jarige bulimiese vrou, beskryf. Die proses waardeur sy gegaan het vandat sy begin vomeer het totdat sy hulp gaan soek het, asook die terapeutiese sessies word beskryf. Die navorsers beskou Kim as 'n verteenwoordigende of tipiese bulimielyer en daarom voel hulle dat hulle sekere aanbevelings vir terapie met bulimiese pasiënte kan maak. Hulle dui die belangrikheid van 'n selfverwysing as die eerste stap na 'n vrugbare terapieproses aan. Verder word aanbeveel dat die terapeut nie vasgevang moet word in besprekings rondom kos nie maar eerder moet fokus op positiewe stappe wat kan lei tot groter beheer van lewensomstandighede.

Die studie van Stevenson (1993, p. 222) het nie afgesluit met wenke aan terapeute nie maar met 'n paar idees vir latere navorsers: "The single case design provided a practical method of evaluating a course of work... ." In hierdie studie het Stevenson gepoog om die verloop van 'n terapieproses met 'n gesin te evalueer deur middel van die benutting van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes. Die studie word afgesluit met 'n aanduiding dat die enkelgevalstudie 'n nuttige evalueringstrategie van gesinsterapie is. Daar bly steeds vrae by hierdie navorser met betrekking tot die kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe metodologie.

7.2.5.4 Die navorsing bied evaluering of ontwikkeling van 'n meetinstrument

Die meetinstrumente wat in sielkunde gebruik word, moet ook nagevors word om die geldigheid daarvan te bevestig. Uit die artikels het 2 (4%) artikels meetinstrumente en

die gebruik daarvan geëvalueer. Die volgende aanhaling illustreer die resultate: "The single case study that follows is presented as further evidence in support of the validity of the Simulation Index" (Rawling & Coffey, 1994, p. 39).

7.2.5.5 Nuwe ontwikkeling in die navorser se eie praktyk op grond van die navorsing

Die voltooiing van 'n enkelgevalstudie hoef nie noodwendig slegs vir die leser nuttig te wees nie maar kan ook vir die navorser self van nut wees. In een (2%) van die artikels het die navorser se navorsing gelei tot 'n verandering in hul eie praktyk: "[T]his led to the development in this general practice of a team seeing families..." (Graham, 1990, p. 230). Na afloop van hierdie studie het die algemene praktisyn 'n gesinsterapiespan gevorm wat aan gesinne konsultasiedienste bied.

7.2.6 Samevatting van artikels in internasionale tydskrifte

Uit die data blyk dat enkelgevalstudies op kwalitatiewe of kwantitatiewe wyse gebruik word maar dat die sterkste verteenwoordiging aan die kwantitatiewe kant lê. Tweedens wil dit voorkom of daar heelwat meer enkelgevalstudies op die gebied van die neurosielkunde en gesinsterapie gepubliseer word as in ander spesialisasierigtings. Derdens blyk dit dat enkelgevallen gebruik word om drie breë navorsingsdoelstellings te bevredig en dat die meeste van die enkelgevalstudies toetsend van aard is. Hier gebruik navorsers die enkelgeval om spesifieke intervensies of teorieë te toets. Navorsers word dikwels gemotiveer om 'n enkelgevalstudie te publiseer nadat hulle 'n nuwe of suksesvolle intervensie geïmplementeer het of nadat hul 'n nuwe verklaringsmodel kon daarstel op grond van 'n enkelgeval. Hierdie twee motiveerders het die sterkste uit die data na vore gekom. Die nut en bruikbaarheid van enkelgevalstudies lê meestal in bruikbare intervensies wat beskryf word, in die verklaring van verskynsels en ook tot 'n mindere mate in wenke aan ander terapeute en navorsers.

Dit blyk dat internasionale navorsers die enkelgevalstudie op 'n verskeidenheid maniere gebruik en ook dat hierdie enkelgevalstudies vir verdere navorsers of praktisyns tot nut kan wees. In die volgende afdeling sal die navorsing vervat in Suid-Afrikaanse verhandelings en proefskrifte in sielkunde ontleed word aan die hand van dieselfde temas.

7.3 PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGS

Die tweede gedeelte van die data wat ontleed is, het die ontleding van Suid-Afrikaanse proefskrifte en verhandelings oor sielkundige onderwerpe behels. Die proefskrifte en verhandelings is aan die hand van dieselfde temas as die tydskrifartikels ontleed en sal nou daarvolgens bespreek word .

7.3.1 Tema 1: Kwalitatief of kwantitatief

Daar is 22 proefskrifte ontleed in hierdie studie en uit die ontleding daarvan blyk dat die oorgrote meerderheid kwalitatief van aard was. Uit die 22 proefskrifte was 21 (95%) kwalitatief en een (5%) het van 'n kombinasie van die twee benaderings gebruik gemaak. Hierdie meerderheid kwalitatiewe studies stem nie ooreen met die tendens wat in die artikels waargeneem is nie en wat verder hier opmerklik is, is die afwesigheid van enige kwantitatiewe studies. Dit blyk dat kwantitatiewe of eksperimentele enkelgevalstudies nie onder Suid-Afrikaanse navorsers en studieleiers oorweeg word as 'n moontlike navorsingsontwerp nie.

Die volgende aanhalings uit die studie van Van der Spuy (1995) illustreer die kwalitatiewe benadering: "The aim of this study is that of broadening psychotherapeutic knowledge by medium of meaningful qualitative enquiry" (Van der Spuy, 1995, p. 1). In hierdie studie poog die navorser om deur middel van kwalitatiewe navorsing die grenslynpersoonlikheidsversteuring te bespreek. Die studie

poog om aan te dui hoe 'n spesifieke objek-verhoudingsmodel van Cohen en Sherwood met sukses toegepas kan word in die geval van 'n grenslynpersoonlikheidsversteuring. Kwalitatiewe metodologie word gebruik om die terapeutiese proses grondig te bespreek en so die psigodinamiese aspekte van die model tot sy reg te laat kom.

In die studie van McDonald wil die navorser groter begrip vir die homoseksuele individu wat vigs het, bewerkstellig. Kwalitatiewe metodologie word hier gebruik om die data vir sigself te laat spreek: "The researcher allows the phenomena to 'speak for itself..." (McDonald, 1994, p. 101). Die kwalitatiewe aard van die studie is verder benut om die doelstelling van die studie, naamlik beskrywing in plaas van verklaring, te bereik. Die studie lewer 'n verkennende beskrywing van die wêreld van die individu.

Losinsky (1991) maak gebruik van 'n kombinasiemodel om 'n kognitiewe gedragsterapeutiese program vir hipertensie te evalueer. Hy maak gebruik van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe data om die effek van die program op Sandi, 'n 51-jarige suster met hipertensie, te evalueer en beskryf dit soos volg: "As such, both qualitative and quantitative data can be utilised as either a heuristic or definitive source" (p. 58). Sandi se vordering word deur middel van 'n A-B-ontwerp gemonitor en haar bloeddruk is twee maal 'n dag gemeet. Hierdie metings het gepaard gegaan met verskeie psigometriese toetse soos die Beck-angskaal en die Weiman-beroepstresskaal. Die terapiessessies is ook getranskribeer en 'n analise daarvan gemaak. Deur middel van al hierdie omvattende evaluering kon die navorser tot die slotsom kom dat die kognitiewe gedragsterapeutiese program waardevol is vir die hantering van hipertensie.

7.3.2 Tema 2: Spesialisierigting

Die spesifieke veld van belangstelling waarin die studies gedoen is, is ontleed om te bepaal of daar spesifieke denkraamwerke of areas van belangstelling is wat hul meer tot hierdie vorm van navorsing leen. Tabel 7.6 dui die verdeling aan.

TABEL 7.6 DIE SPESIALISASIERIGTING VERVAT IN SUID-AFRIKAANSE PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGS (n = 22)

Spesialisierigting	f	%
Psigodinamies	7	31
Sistemies/Ekosistemies	5	22
Konstruktivisme/Sosiale konstruktivisme	4	18
Ander minder bekende benaderings	3	14
Kognitiewe gedragsterapie	1	5
Geskiedenis van professionele sielkunde	1	5
Korttermynpsigoterapie	1	5

Waar die tydskrifartikels verskillende tendense in elke spesialisierigting getoon het, en waar elke spesialisierigting die enkelgevalstudie op unieke manier gebruik het, blyk dit dat die proefskrifte en verhandelings nie hierdie tendens getoon het nie. Die manier waarop die enkelgevalstudie gebruik is, het nie werklik verskil van een spesialisierigting tot 'n ander nie. In die meerderheid van studies is 'n geval grondig beskryf en hierdie dieptebeskrywing (hetsy die terapeutiese verloop daarvan of die konteks van die geval) dan aan die hand van die spesifieke teoretiese model ondersoek. Temas word uit hierdie beskrywings gehaal en aan die teorie gekoppel en so word die gevolgtrekkings gemaak. Die studie van Olivier (1991) kan hier as 'n voorbeeld genoem word. In hierdie studie is die onderwerp 'n jong man wat by die okkulte betrokke geraak het. Olivier doen die studie binne die psigodinamiese raamwerk. Die data wat hy verkry, word dan geïnterpreteer en sekere temas word na

vore gebring tot dat 'n psigodinamiese beskouing van die jong man se betrokkeheid geformuleer is.

Algemene onderwerpe van studie in die psigodinamiese studies was persoonlikheidsversteurings soos grenslyn- en narsissistiese persoonlikheidsversteuring. Ander onderwerpe wat ook bestudeer is, was die Oedipus-kompleks, bulimie en die okkulte. In die sistemiese studies het twee navorsers studies gedoen wat handel oor die opleiding van psigoterapeute. Onderwerpe onder die sistemiese studies was vigs en 'n ekosistemiese beskouing daarvan en ook disfunksionele gesinsisteme. Die studies wat op die gebied van die konstruktivisme of sosiale konstruksionisme geval het, het handel oor onderwerpe soos huweliksterapie, homoseksualiteit, groepsterapie en meetinstrumente wat moontlik gebruik kan word binne die sosiale konstruksionisme. Ander onderwerpe van studie wat ook voorgekom het, was kindermoord, psoriase, ouer-kind-psigoterapie en hipertensie.

Dit is ook opvallend dat daar geen neurosielkundige studies na vore gekom het onder die proefskrifte nie terwyl daar 'n groot aantal neurosielkundige studies onder die tydskrifartikels was. Hierdie verskynsel kan moontlik aan die aard van magisteropleiding in Suid-Afrika toegeskryf word aangesien die meeste neurosielkundiges eers na hul magisteropleiding op hierdie gebied spesialiseer. Spesialisasie in neurosielkunde lei moontlik tot die ontdekking van interessante en belangrike gevalle en daarom kan 'n mens verwag dat neurosielkundige enkelgevalstudies dalk na magisteropleiding sou voorkom.

7.3.3 Tema 3: Navorsingsdoelstellings

Die oorgrote meerderheid van proefskrifte het beskrywing as oorhoofse doelstelling gehad. Slegs drie (13%) van die 22 proefskrifte en verhandelings was nie beskrywend van aard nie. Hierdie verskynsel was teenstrydig met die tendens wat by die

tydskrifartikels waargeneem is. Die internasionale artikels het 'n min of meer eweredige verspreiding tussen toetsende, heuristiese en beskrywende navorsing opgelewer alhoewel toetsende navorsing die meeste aandag geniet het terwyl die oorgrote meerderheid van die proefskrifte beskrywend van aard is en daar bykans geen heuristiese of toetsende studies is nie. Tabel 7.7 gee die verdeling van die verhandelings en proefskrifte weer.

TABEL 7.7 DIE NAVORSINGSDOELSTELLINGS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE PROEF-SKRIFTE EN VERHANDELINGS (n = 22)

Navorsingsdoelstelling	f	%
Beskrywend	19	86
Toetsend	2	9
Heuristies	1	5

7.3.3.1 *Beskrywende studies*

Soos wat die geval was met die beskrywende artikels, kon die beskrywende proefskrifte ook in drie dele verdeel word, naamlik (i) beskrywing van 'n verskynsel (ii) beskrywing van 'n intervensie en (iii) beskrywing van 'n meetinstrument. Tabel 7.9 dui hierdie verdeling van die beskrywende studies aan.

TABEL 7.8 DIE INHOUD VAN BESKRYWENDE SUID-AFRIKAANSE PROEF-SKRIFTE EN VERHANDELINGS (n = 19)

Beskrywende studies	f	%
Beskryf 'n verskynsel	11	58
Beskryf 'n intervensie	7	37
Beskryf 'n meetinstrument	1	5

Die meeste van die beskrywende studies het 'n **verskynsel** beskryf (11; 57%). Hierdie

studies het ten doel gehad om 'n persoon, gesin, versteuring of sisteem noukeurig en akkuraat te beskryf. Hierdie navorsers is nie betrokke by die evaluering of beskrywing van 'n intervensie nie maar is eerder besig om die aard van die enkelgeval (nl. toegang tot volledige inligting omtrent een geval) te benut deur te poog om tot 'n begrip van die verskynsel te kom. Die volgende aanhalings illustreer hierdie soort beskrywings:

- * “Die doel van hierdie studie is om 'n diepte-sielkundige beskrywing te gee van 'n enkele subjek betrokke by die okkulte” (Olivier, 1991, p. 3).

- * “The goal of the research is to understand rather than to explain the phenomena” (McDonald, 1994, p. 101).

Ter verdere illustrasie van die studies wat verskynsels beskryf, kan die studie van Chrissopoulos (1994), Die leefwêreld van die psoriaselyer, gebruik word. Sy formuleer haar doelstelling soos volg: “Die doel van die ondersoek was om 'n beskrywing van die leefwêreld van die psoriaselyer saam te stel” (Chrissopoulos, 1994, Samevatting). In haar literatuurstudie vind sy dat daar 'n leemte in die inligting omtrent die ervaring van psoriase bestaan en beskryf haar studie as “'n poging om die begrip vir sy leefwêreld te verbeter” (Chrissopoulos, 1994, p. 2). Hieruit is dit duidelik hoe die doelstelling van beskrywing na vore kom.

Die tweede tipe beskrywing waarmee die navorsers besig was, was die beskrywing van 'n **intervensie**. Van al die beskrywende studies het die beskrywende studies oor 'n intervensie 37% (7; 37%) beslaan. In hierdie studies is daar nie 'n ingreep getoets om die effektiwiteit onomwonde te “bewys” nie, maar is 'n ingreep beskryf en is die toepassingsmoontlikheid van 'n spesifieke teorie aangedui. Die volgende aanhaling illustreer hierdie doelstelling: “[I]t will be shown how the theory... is made practically applicable to a case...” (Evans, 1992, p. 9).

Wright (1992, p. 59) se studie kan as 'n verdere voorbeeld van 'n intervensie-beskrywende studie genoem word: “Die doel van hierdie studie is om 'n beskrywing

te gee van hoe die MIM geïmplementeer is... .” Die navorser probeer hier vir die leser aandui hoe die Marschak-interaksiemetode as korttermyn terapie toegepas kan word. Sy onderwerp nie die MIM aan streng toetsing om sodoende die metode effektief te verklaar nie maar beskryf eerder die terapieproses grondig om aan te dui dat die MIM wel as korttermyn terapiemetode geïmplementeer kan word en vra verdere gevallestudies om haar resultate te verifieer.

Die derde vorm van beskrywing wat plaasgevind het, is die beskrywing van 'n **meetinstrument**. Hierdie vorm van beskrywing kom nie algemeen voor nie en slegs een (5%) van die 19 beskrywende studies het hierdie doelstelling gehad. Die navorser wil hier nie die effektiwiteit van 'n meetinstrument toets nie maar eerder aandui hoe 'n sekere instrument toegepas kan word. In hierdie spesifieke studie het die navorser aangedui dat die TAT deur konstruksionistiese terapeute op 'n alternatiewe manier gebruik kan word (Booyesen, 1990).

7.3.3.2 Toetsende studies

Uit die 22 proefskrifte was slegs twee (9%) toetsend van aard. In hierdie studies is die doelstelling om 'n teorie of intervensie te toets en so die effektiwiteit van 'n intervensie of die geldigheid van 'n teorie te toon. Een van hierdie twee studies het gepoog om 'n teorie te bevestig deur dit op 'n geval toe te pas: “Ofskoon die teorie bykans 100 jaar oud is, poog hierdie skripsie om te bewys dat dit vandag nog steeds geldig is” (Fumarola, 1993, p. 1). In hierdie studie poog die navorser om die teorie oor die Oedipus-kompleks te toets deur 'n 30-jarige vroulike pasiënt met grenslynversteuring te ondersoek. Aangesien die Oedipus-kompleks manifesteer in die pasiënt se bewuste (haar taalgebruik en algemene gedrag) en ook haar onbewuste (haar drome en fantasieë) beskou die navorser hierdie geval as verdere aanduiding van die geldigheid en bestaan van die Oedipus-kompleks.

Die ander toetsende studie het die effektiwiteit van 'n kognitiewe gedragsterapeutiese ingreep geëvalueer: “It was the aim of the study to document and assess the effectiveness of using a non-pharmacological approach...” (Losinsky, 1991, p. 63).

7.3.3.3 Heuristiese studies

Slegs een (5%) van die 22 proefskrifte was heuristies van aard en het gepoog om 'n verklaringsmodel daar te stel. Die navorser probeer hier om die verskynsel wat ondersoek word nie alleen deeglik te beskryf nie maar ook om die verskynsel te verklaar: “the formulation of an explanatory model adequate to the therapy data” (Ivey, 1989, p. 5). Ivey bespreek in hierdie studie 'n pasiënt met narsissistiese persoonlikheidsversteuring en vind dat daar 'n diskrepansie is tussen die bestaande teorieë van narsissistiese persoonlikheidsversteuring en die data wat hy in terapie bekom het. Hy stel dan 'n nuwe diagnostiese kategorie op van narsissistiese neurose en formuleer ook 'n eklektiese objek-verhouding-verklaringsmodel van hierdie kategorie. Die navorsing dra hier 'n nuwe model by tot die begrip van persoonlikheidsversteurings en spesifiek narsissistiese persoonlikheidsversteuring.

Die groot aantal beskrywende studies, en die klein aantal toetsende en verklarende studies, is 'n sterk aanduiding dat Suid-Afrikaanse navorsers nie enkelgevalstudies kies as navorsingsontwerp om teorieë daar te stel of te toets nie, maar eerder om mense en hul ervarings volledig te beskryf en sodoende beter begrip te bewerkstellig. Dit dui ook op 'n konserwatiewe toepassing van die enkelgevalstudie.

7.3.4 Tema 4: Noodsaaklikheid van of motivering vir die studie

In hierdie tema word die faktore wat die navorser gemotiveer het om die studie te doen, ondersoek. Soos reeds vroeër in die hoofstuk gemeld, gaan dit in hierdie tema om die praktiese faktore wat 'n studie motiveer. Tabel 7.9 dui aan hoe hierdie faktore

ingedeel kan word:

TABEL 7.9 MOTIVERING VIR 'N ENKELGEVALSTUDIE SOOS DIT VOORKOM IN DIE SUID-AFRIKAANSE PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGS (n = 22)

Motivering vir die navorsing	f	%
Praktiese toepassing van model of teorie	8	36
Verbetering van, voortbouing op of bevestiging van vorige studies	5	22
Nuwe of vollediger beskrywing van 'n verskynsel	3	14
Ondersoek die opleiding van sielkundiges	3	14
Uitbreiding en bevestiging van 'n teorie	2	9
Dokumentering van geskiedenis	1	5

7.3.4.1 *Praktiese toepassing van 'n model of teorie*

Hierdie motivering vir 'n studie het by die meerderheid studies voorgekom. Uit die studies is agt (36%) van die navorsers gemotiveer om aan te dui hoe 'n spesifieke teorie prakties toegepas kan word. Hier dui die navorsers aan dat die geval goed illustreer hoe 'n spesifieke model, benadering of tegniek gebruik kan word. Sommige van hierdie navorsers word verder spesifiek gemotiveer deur 'n tekort aan praktiese studies of 'n teorie wat nog nie in die praktyk benut is nie maar eerder nog in die konseptuele fase is. Ander weer vind hul geval van waarde aangesien dit 'n baie goeie praktiese toepassing uitbeeld. Soms word 'n bestaande model en tegniek prakties toegepas, aangepas en verander en so word die navorser gemotiveer om hierdie nuwe toepassing van die tegniek te illustreer.

In die studies van Booyesen (1990) en Venter (1992) word 'n betreklik nuwe teorie prakties toegepas en so word sekere aspekte van die onderskeie teorieë wat nog nie

prakties geïllustreer is nie, wel verhelder. Booysen probeer in die studie konstruksionisme met meting versoen en probeer die TAT op alternatiewe wyse gebruik om die teorie prakties te maak: "... bring ons by 'n kwelvraag in die debat of... navorsing, intervensies, meting, strategieë en beplanning met konstruksionisme versoenbaar is" (Booyesen, 1990, p. 5). Venter probeer tweede-orde-kubernetika as 'n beskrywende metafoor vir groepsterapie gebruik: "...considers the relevance of second-order cybernetics" (Venter, 1992, p. v) en vind dat hierdie teorie 'n waardevolle beskrywing van groepsprosesse bied wat nuttig is in groepsterapie.

Die navorsers wat spesifiek hul geval as goeie praktiese beskrywing beskou, stel dit soos volg: "the present study illustrates how this theoretical framework provides a relevant and useful medium for examining the case material..." (Watson, 1993, p. viii).

Die volgende aanhaling illustreer hoe die navorser 'n bestaande tegniek aanpas en hierdie nuwe toepassing dan wil bekend stel: In die studie van Wright (1992) wat reeds genoem is "word daar beoog om in verskeie opsigte van die metode af te wyk" (Wright, 1992, p. 59) en sodoende 'n nuwe toepassing van die MIM te illustreer wat nuttig deur ander terapeute gebruik kan word.

7.3.4.2 Verbetering van, voortbouing op of bevestiging van vorige studies

'n Ander vorm van motivering vir 'n studie behels dikwels dat 'n navorser te make het met 'n geval en dan vind dat daar leemtes in die bestaande literatuur is of dat daar op die bestaande literatuur uitgebrei kan word. Uit die 22 proefskrifte is 5 (22%) van die studies deur hierdie aspek gemotiveer. Die volgende aanhalings illustreer hoe die navorsers gemotiveer is:

* "Uit die literatuurstudie ontdek die navorsers dat 'n leemte in die inligting omtrent die ervaring van psoriase bestaan" (Chrissopoulos, 1994, Samevatting).

* “[S]tudies have subscribed to a logical, positivist epistemology and have therefore been reductionistic...” (First, 1995, p. 4).

In Michael (1992) se studie word kindermoord bestudeer en die navorser kan geen vorige groepstudies in Suid-Afrika opspoor nie: “No individual or group level studies could be traced in South Africa” (Michael, 1992, p. ii). Hier is die navorser gemotiveer deur die tekort aan inligting wat oor hierdie onderwerp bestaan en het besluit om die enkelgeval waarmee sy in aanraking gekom het, te dokumenteer as 'n bydrae tot kennis van die onderwerp. As gevolg van die navorser se noukeurige dokumentering en beskrywing van die geval kan sy verskeie aanbevelings maak vir verdere navorsing asook die hantering van aangeklaagdes van kindermoord.

7.3.4.3 Nuwe of vollediger beskrywing van 'n verskynsel

Navorsers word ook gemotiveer deur 'n behoefte om 'n verskynsel op 'n nuwe of alternatiewe manier te beskryf of om 'n meer volledige beskrywing daar te stel. Uit die 22 proefskrifte en verhandelings is drie (14%) deur hierdie aspek gemotiveer. In die studie van Capitani (1991, p. ii) word die doelwit soos volg geformuleer: “The aim of this thesis is to offer an additional view of a psychiatric locked ward... .” Hierdie navorser is gemotiveer deur die behoefte om 'n psigiatriese saal binne die sistemiese raamwerk te beskryf en 'n alternatiewe beskrywing van die konteks te bied. Hierdie studie het die psigiatriese saal vanuit 'n ander hoek beskou as wat dit normaalweg in die hospitaal beskou word en kon so binne die konteks van die psigiatriese hospitaal 'n bydrae lewer.

Steyn (1990) toon aan hoe leemtes in die beskrywing van bulimie as motiveerder opgetree het om die studie te doen. Die literatuur het veral tekort geskiet wat betref “... meer holistiese en komplekse beskrywings van die etiologie en psigodinamika van die siektebeeld” (Steyn, 1990, p. 5). Die navorser kon dus die geval gebruik om 'n

meer komplekse beskrywing van bulimie te produseer.

7.3.4.4 Opleiding

Uit die 22 proefskrifte en verhandelings het drie (14%) opleiding as hooftema gehad. Hierdie navorsers wou sekere aspekte van opleiding navors en het dan 'n kliniese geval of hulself as terapeut gebruik om sekere kernaspekte van opleiding uit te lig of te beskryf hoe hul die opleiding ervaar het. Kottler (1990, p. ii) beskryf in haar studie hoe sy in 'n Kleiniaanse model inbeweeg het: “The personal process of 'growing' into a Kleinian/Object Relations orientation is described.” Haar ontwikkeling word aan die hand van 'n enkelgeval weergegee. In hierdie studie beskryf die navorser haar opleiding as psigoterapeut en poog om deur hierdie beskrywing kommentaar te lewer oor en aanbevelings ten opsigte van die opleiding van psigoterapeute te doen. Waar Kottler (1990) 'n enkelgeval gebruik om haar ontwikkeling as terapeut te beskryf, gebruik Aarons (1995) slegs haarself om haar verandering van 'n intrapsigiese terapeut na 'n ekosistemiese terapeut te beskryf. Sy beskryf hierdie verandering as 'n reis. In haar vertelling sluit sy persoonlike inligting in. Haar vertelling neem 'n gepreksvorm aan en die stemme van haar opleier, Bateson en “die epistemoloog” word gebruik. “The dissertation's descriptive methodology mirrors a personal journey from intrapsychic to ecosystemic psychology...” (Aarons, 1995, p. vi).

7.3.4.5 Uitbreiding en bevestiging van 'n teorie

Slegs twee (9%) van die studies het gepoog om 'n bestaande teorie uit te brei. In die studie van Fumarola, 1993, p. 120) word die navorser deur die geval gemotiveer om 'n reeds bestaande teorie (in dié geval die Oedipus-toerie) te bevestig en ook om “'n nuwe wending... aan te toon”.

7.3.4.6 Dokumentering van geskiedenis

Een (5%) van die studies is gemotiveer deur die behoefte om 'n gedokumenteerde geskiedenis van 'n kliniek op te stel: "The aim of this study is to trace certain themes discernible in the work of the clinic..." (Hay, 1990, p. 6). In hierdie studie wou die navorser die geskiedenis van die Kaapstadse kinderleidingkliniek weergee.

Die enkelgevalstudies wat in Suid-Afrika gedoen word, word meestal gemotiveer deurdat navorsers die geval wil gebruik om 'n praktiese toepassing aan te dui. Verder blyk dit dat enkelgevalstudies ook dikwels gemotiveer word deur leemtes of tekortkominge in vorige studies. Hieruit kan afgelei word dat navorsers dikwels die behandeling van 'n geval beskou as 'n geleentheid om die bestaande kennis van 'n onderwerp uit te brei en sodoende dikwels hul situasie as praktisyn benut om as navorser op te tree. Dit stem ooreen met Edwards (1990) se bewering dat praktisyns hul in 'n ideale posisie bevind om dataversameling te onderneem.

7.3.5 Tema 5: Benutting van die resultate

In die debat rondom enkelgevalstudies kom hierdie aspek dikwels ter sprake wanneer teenstanders van enkelgevalstudies aanvoer dat die resultate van enkelgevalstudies geen nut het nie. In hierdie tema is ondersoek op watter manier die resultate van proefskrifte en verhandelings wat die enkelgevalstudie as metode gebruik het, benut kan word. Tabel 7.10 dui die verskillende gebruike aan:

TABEL 7.10 BENUTTING VAN DIE RESULTATE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGS (n = 55)

Benutting van die resultate	f	%
Wenke vir terapeute of behandelingskontekste	8	37
Toon aan dat teorie bruikbaar is in spesifieke konteks	4	18
Toon aan dat tegniek bruikbaar is in spesifieke konteks	3	13
Gee implikasies en wenke vir opleiding	2	9
Meer begrip vir 'n verskynsel	1	5
Verklaring van 'n verskynsel	1	5
Nut van resultate nie duidelik uiteengesit	3	13

Uit Tabel 7.10 blyk dat die meeste van die Suid-Afrikaanse verhandelings se resultate nuttig kan wees. Selfs die drie (13%) verhandelings wat nie eksplisiet noem waarvoor dit benut kan word nie, kan nie as nutteloos verklaar word nie. Dit was wel vir die navorser moeilik om die benutting van die resultate te klassifiseer en af te lei.

Die meerderheid van die studies (8; 37%) het afgesluit met eksplisiete wenke vir terapeute wat met soortgelyke gevalle sou werk of kontekste van soortgelyke aard. Die navorsers kon dan op grond van hul geval bruikbare idees en wenke aan ander terapeute gee. Die volgende aanhalings illustreer hierdie wenke:

- * “Terapeute moet die unieke aard van simptome altyd voor oë hou” (Liebenberg, 1994, p. 82).
- * “The acute locked wards should accommodate less patients and more nursing staff...” (Capitani, 1991, p. 89).

McDonald (1994) se studie van die konteks van die pasiënt met vigs sluit af met verskeie wenke vir terapeute van vigs pasiënte: “Therapeutic interventions have been suggested for counselling the gay infected person...” (McDonald, 1994, p. iv). Sy beklemtoon die belangrikheid daarvan om voldoende ondersteuning aan die pasiënt

se geliefde te gee. Die navorser dui ook aan dat dit belangrik is om te onderskei tussen die sielkundige gevolge van vigs en moontlike neurologiese probleme wat kan ontstaan soos vigsgekoppelde demensie. Sy beveel ook aan dat maatskaplike werkers en ander terapeute opgelei moet word om vigs pasiënte te hanteer.

Die tweede grootste aantal studies (4; 18%) het aangedui dat 'n spesifieke teorie of benadering op 'n bruikbare manier toegepas kan word. In die studies wou die navorsers die nuttigheid van relatief onbekende of nuwe teorieë toon en kon afsluit met die stelling dat die teorieë bruikbaar is vir daardie konteks en moontlik deur ander terapeute bruikbaar gevind kon word. Venter (1992) se studie is nuttig in die opsig dat dit aandui dat tweede-orde-kubernetika suksesvol in groepsterapie toegepas kan word: "It is the author's contention that the second-order cybernetic and evolutionary perspectives... can be successfully applied in the pragmatics and aesthetics of group therapy..." (Venter, 1992, p. 112).

Die derde grootste groep studies (3; 13%) kon duidelik aantoon dat 'n sekere tegniek of ingreep bruikbaar was in die konteks van die studies en moontlik ook vir ander terapeute nuttig sou wees. Hierdie studies impliseer nie noodwendig dat die intervensie in alle omstandighede nuttig sou wees nie maar gee wel 'n illustrasie van 'n konteks waarin dit nuttig was. So kan die studie van Losinsky (1991) byvoorbeeld nuttig gebruik word deur terapeute wat met kliënte met hipertensie te make het. Deurdat Losinsky 'n gedetailleerde beskrywing van die proses gegee het, kan ander navorsers en terapeute nou ook soortgelyke programme toepas en die resultate publiseer. "It seems that potential exists for the use of such a comprehensive cognitive-behavioural approach..." (Losinsky, 1991, p. 113). 'n Verdere voorbeeld van soortgelyke resultate en die benutting daarvan is te vinde in die studie van Ivey (1989, Opsomming): "Narcissistic neuroses may receive long term benefit from short term psychodynamic therapy."

Die vierde grootste groep studies (2; 9%) se resultate kan effektief deur opleiers gebruik word aangesien die studies sekere implikasies van die opleiding van psigoterapeute beskryf. So byvoorbeeld bespreek Kottler (1990) “thoughts for trainers” (p. 48) en “thoughts for supervisors” (p. 50). Sulke studies is eerstens nuttig in die spesifieke konteks waarin die navorsers opleiding ontvang het maar kan ook deur opleiers in ander kontekste suksesvol oorweeg word.

Slegs een (5%) van die studies was nuttig in die opsig dat dit 'n verklaringsmodel daargestel het. “n Geïntegreerde psigodinamiese model van Bulimia Nervosa... word... aangetoon...” (Steyn, 1990, p. 143). Hieruit kom dit dan duidelik na vore dat 'n studie nie net nuttig is indien dit 'n verklaringsmodel lewer nie maar dat resultate op 'n verskeidenheid maniere gebruik kan word.

Uit die 22 studies was een (5%) van die studies se spesifieke doel en ook spesifieke nut om 'n sindroom, in die spesifieke geval psoriasis, te begryp. Die studie gee vir die leser meer insig in 'n verskynsel en kan baie nuttig deur terapeute met soortgelyke gevalle gebruik word wat met 'n soortgelyke geval te make sou hê (Chrissopoulos, 1994). Die meeste van die ander studies het ook hierdie nut tot gevolg maar slegs Chrissopoulos het die doel so spesifiek uiteengesit.

Dit is die navorser se mening dat die meeste van die studies se resultate in 'n verskeidenheid kontekste bruikbaar sal wees maar slegs die hoofgebruik is in hierdie ontleding in ag geneem. Verder sou enige leser wat meer wou weet oor die onderwerp van die meeste van hierdie proefskrifte of verhandelings werklik iets nuttigs daaruit kon haal, of dit nou op die vlak van 'n praktiese wenk of nuwe denkwyse oor 'n spesifieke sindroom is. Indien 'n terapeut met 'n soortgelyke geval so 'n studie sou lees, is daar by hierdie navorser geen twyfel dat die studie op die een of ander manier die terapeut sou verryk en die kennisveld verbreed nie.

7.3.6 Samevatting van proefskrifte en verhandelings

Uit die data blyk dat enkelgevalverhandelings en -proefskrifte geneig is om meestal kwalitatief te wees met slegs een uitsondering wat van 'n kombinasie-model gebruik gemaak het. Die Suid-Afrikaanse gebruikers van enkelgevalstudies toon 'n definitiewe voorkeur vir kwalitatiewe enkelgevalstudies en benut hierdie metode oor die algemeen op min of meer dieselfde wyse. Tweedens blyk dat hierdie tipe studie baie populêr is onder die psigodinamiese navorsers asook sistemiese en konstruksionistiese navorsers. Dit is opvallend dat die gedragsterapeutiese en kognitiewe rigtings byna nooit van hierdie metode gebruik maak nie. Derdens is die oorhoofse doelstelling by hierdie navorsers oorwegend beskrywing eerder as verklaring of toetsing. Dit blyk dat Suid-Afrikaanse navorsers huiwerig is om teorieë of modelle daar te stel op grond van een geval en ook huiwer om teorieë of tegnieke te toets op grond van een geval. Hul sou dus glad nie van onverantwoordelike aannames en gevolgtrekkings beskuldig kon word nie maar eerder van konserwatisme. Vierdens is die motiverende aspekte vir enkelgevalstudies meestal om aan te dui hoe 'n teorie prakties toegepas kan word of aangewend kan word om op vorige studies uit te brei. Laastens kan die resultate van die meerderheid van studies gebruik word deurdat dit wenke vir verdere terapeute gee en bruikbare tegnieke of teorieë uitwys.

7.4 SAMEVATTING VAN ARTIKELS EN VERHANDELINGS

Die tendense wat by die internasionale artikels waargeneem is, is nie by die Suid-Afrikaanse proefskrifte en verhandelings waargeneem nie. Waar daar by die internasionale artikels 'n geneigdheid waargeneem is om die enkelgevalstudie op 'n verskeidenheid maniere en gebiede te gebruik, toon die Suid-Afrikaanse verhandelings die neiging om die enkelgevalstudie op min of meer eenvormige manier te gebruik.

As illustrasie van bogenoemde standpunt kan die resultate met betrekking tot "Tema

1: Kwalitatief of kwantitatief” gebruik word. Die internasionale artikels het 'n groter eweredige verdeling tussen kwalitatiewe of kwantitatiewe studies gehad waar Suid-Afrikaanse studies geen kwantitatiewe studies bevat het nie.

In “Tema 2: Spesialisierigting” was die afwesigheid van neurosielkundige studies onder die Suid-Afrikaanse studies opmerklik. Die Suid-Afrikaanse studies het ook baie psigodinamiese studies bevat waar psigodinamiese studies nie baie voorgekom het in die internasionale artikels nie. Kognitiewe- en gedragsielkunde was meer teenwoordig in internasionale artikels as in die Suid-Afrikaanse verhandelings.

“Tema 3: Navorsingsdoelstellings” het ook verskille aangetoon. Die Suid-Afrikaanse navorsers het meestal enkelgevalstudies gebruik ter wille van beskrywing waar die internasionale navorsers nie huiwer om teorie te toets of daar te stel met behulp van enkelgevalstudies nie. Die drie navorsingsdoelstellings was al drie goed verteenwoordig in die artikels waar daar byna geen toetsende of teorieskeppende studies onder die Suid-Afrikaanse studies teenwoordig was nie.

In “Tema 4: Motivering vir die studie” het die Suid-Afrikaanse studies hoofsaaklik gefokus op die demonstrering van praktiese toepassings vir bestaande teorieë terwyl die artikels hoofsaaklik gefokus het op die demonstrering van nuwe of suksesvolle intervensies. Hierdie twee motiveringsaspekte toon baie ooreenkomste.

“Tema 5: Die benutting van die resultate” stem tot 'n groot mate ooreen hoewel die persentasies verskil. Die Suid-Afrikaanse en internasionale artikels het albei baie wenke vir terapeute gebied en albei groepe beskryf ook bruikbare ingrepe en bruikbare wyses waarop teorieë toegepas kan word. Die navorsing wat opleiding betrek het, was opvallend in die Suid-Afrikaanse studies en nie teenwoordig in die artikels nie. Hierdie studies oor opleiding bied 'n terugvoeringsiklus vir die opleidingsinstansie aangesien die studie ook deel van die navorsers se opleiding is.

Samevattend kan aangevoer word dat enkelgevalstudies in Suid-Afrikaanse navorsing op 'n kleiner verskeidenheid van maniere gebruik word as in internasionale studies. Daarbenewens kan die resultate in albei groepe baie suksesvol benut word en die studies kan tot die verbreding van die kennis van 'n wye verskeidenheid onderwerpe bydra.

HOOFSTUK 8

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

8.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die navorsingsresultate saamgevat en gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak.

8.2 SAMEVATTING VAN DIE BEVINDINGE

8.2.1 Samevatting van internasionale tydskrifartikels

Die internasionale tydskrifartikels wat ontleed is, toon 'n neiging tot baie variasie en verskillende toepassings. Hierdie artikels verskil onderling so baie van mekaar dat daar nie 'n algemene tipiese toepassing geformuleer kan word nie. In hierdie samevatting sal die navorser wel poog om sekere algemene tendense uit te lig.

8.2.1.1 Kwalitatief of kwantitatief

Beide kwantitatiewe en kwalitatiewe studies het voorgekom onder die internasionale artikels sowel as kombinasiestudies wat kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe metodologie gebruik het. Die kwantitatiewe studies was in die meerderheid. Die kombinasiestudies was ver in die minderheid. In die kwantitatiewe studies het die navorsers dikwels van eksperimentele ontwerpe gebruik gemaak om die effektiwiteit van 'n intervensie te ondersoek. Ander kwantitatiewe studies het afleidings ten opsigte van die onderwerp van studie gemaak deur middel van kwantitatiewe metings soos psigometriese meting en die kwantitatiewe ontleding van onderhoude, gedrag en terapisessies. In die kwalitatiewe studies het die navorsers hul boodskap oorgedra deur middel van vertelling, anekdotes, chronologiese beskrywings en

kwalitatiewe analises. Die kombinasiestudies het diepte-kennis gegeneer en dit gekombineer met kwantitatiewe meting. Sodoende probeer hierdie navorsers om hul studie vir beide kwantitatief en kwalitatief georiënteerde navorsers geloofwaardig te maak.

8.2.1.2 Spesialisierigting

Die algemeenste spesialisierigting waarin die studies voorgekom het, was neurosielkunde. Gesinsterapeutiese studies was die tweede mees algemene studie en die derde algemeenste was studies in die psigopatologie. Ander spesialisierigtings wat voorgekom het, alhoewel in veel kleiner getalle, was kognitiewe sielkunde, psigodinamiese benaderings, gedragsterapie, gesondheidsielkunde en psigometrie. Dit is opvallend dat die verskillende spesialisierigtings die enkelgevalstudie verskillend toepas. Neurosielkundige studies steun sterk op psigometriese evaluering wat gevolg word deur 'n logiese argument wat poog om die toetsresultate te verklaar en tot 'n model te vorm. Daar is ook in die neurosielkunde 'n tradisie betreffende die benutting van enkelgevalstudies wat begin het met Broca (1861) se ontdekking van die spraakgebied op grond van een pasiënt. Gesinsterapiestudies steun op die kwalitatiewe ontleding van onderhoude, observasies en terapisessies om tot 'n gevolgtrekking te kom. Die psigoanalitiese studies het almal kombinasie-modelle gebruik en die gedragsterapeutiese studies het eksperimentele ontwerpe gebruik. Hieruit lei die navorser af dat die spesialisierigting van die navorser 'n bepalende faktor is in die keuse van 'n navorsingsontwerp. Die keuse van 'n navorsingsontwerp kan ook aandui wat vir die navorser belangrik is. Die navorser lei hieruit af dat dit vir neurosielkundige navorsers belangrik is om 'n studie af te sluit met 'n verklaringsmodel. Daarom gebruik hierdie navorsers hul toetsresultate om 'n model of verklaring te formuleer. Gesinsterapienavorsers wil moontlik eerder kennis opdoen wat steeds inligting voortbring oor mense se werklike belewing en kontekste en daarom kies hul dikwels kwalitatiewe metodologie. Psigoanalitiese navorsers beskou

ook die beleving van mense as belangrik maar verkies om kwalitatiewe en kwantitatiewe metodologie te kombineer. Een moontlike verklaring hiervoor is dat psigoanalitici in reaksie op positivistiese navorsers se kritiek poog om hul raamwerk en bevindings geloofwaardig in die oë van ander teoretici te maak. Verder kan dit 'n reaksie wees op die groot vraagtekens wat agter die effektiwiteit van psigoanalise geplaas word. Gedragsterapeutiese navorsers streef daarna om kennis te genereer wat gegrond is op waarneembare en gekontroleerde veranderlikes; daarom kies hulle ook eksperimentele ontwerpe wanneer hulle enkelgevalstudies gebruik.

8.2.1.3 Navorsingsdoelstellings

Die tydskrifartikels het ook variasie getoon ten opsigte van die derde tema van analise, naamlik die oorhoofse navorsingsdoelstelling. Die artikels het 'n eweredige verspreiding getoon alhoewel die meeste studies toetsend van aard was. Beskrywende studies was die tweede meeste en heuristiese studies die minste. Die toetsende studies het die enkelgevalstudie gebruik om 'n intervensie of teorie te toets. Hieruit kan moontlik afgelei word dat hierdie navorsers wou vasstel of 'n spesifieke teorie van toepassing sal wees op hulle geval en of 'n spesifieke tegniek daarvoor bruikbaar sou wees. Hierdie navorsers ag dus hul geval belangrik en deurslaggewend. 'n Enkelgevalstudie wat die effektiwiteit van 'n tegniek of akkuraatheid van 'n teorie bevestig, gee aan ander navorsers en terapeute 'n gedetailleerde beskrywing van die proses (aangesien enkelgevalstudies by uitstek geleentheid skep vir volledige, detailbeskrywings). Hierdie beskrywing gee aan ander terapeute 'n goeie vertrekpunt en vergelykingsraamwerk. 'n Studie wat aandui dat 'n raamwerk en tegniek effektief was, dui op die potensiaal van die tegniek en regverdig ook verdere ondersoek en gebruik. Die beskrywende studies wat voorgekom het onder die tydskrifartikels het nie ten doel gehad om ingrepe of teorieë te toets nie maar eerder om dit sodanig te beskryf dat die leser van die studie meer begrip vir die onderwerp sal ontwikkel. So kry die leser kans om verskynsels te ontdek wat realtief

onbekend is en nie gereeld voorkom nie, om bewus te raak van onbekende tegnieke en om detailbeskrywings van komplekse prosesse te lees. Die navorsers wat heuristiese studies gepubliseer het, gebruik 'n enkele geval om 'n teorie of verklaringsmodel op te bou en maak op grond van die geval aannames en afleidings wat tot die formulering van 'n nuwe teorie lei. Hierdie navorsers volg die tradisie van teoretici soos Freud (1955) Watson en Rayner (1920) en Pavlov (1958) wat ook teorieë en verklaringsmodelle op grond van een geval ontwikkel het.

8.2.1.4 Noodsaaklikheid van of motivering vir die studie

Maar wat motiveer navorsers om 'n enkelgevalstudie te publiseer? Indien navorsers of praktisyns 'n geval suksesvol hanteer het, voel hul dikwels dat ander praktisyns kan baat vind by 'n beskrywing van die proses. Hierdie motiveerder was die basis van die meeste van die onderhawige studies. Dikwels vind navorsers ook dat die bestaande literatuur en bestaande teorieë 'n geval waarmee hulle te make het, nie suksesvol verklaar nie. Daardie geval bied dan 'n uitstekende geleentheid aan navorsers om die bestaande teorieë met betrekking tot die verskynsel uit te brei of 'n nuwe verklaringsmodel te vorm. Hierdie tweede motiveerder was ook algemeen. 'n Derde motiveerder vir navorsers is uitbreiding op vorige studies: dikwels vind navorsers dat 'n sekere studie sekere leemtes het of sekere aspekte van 'n verskynsel nie aanspreek nie. Indien navorsers te make het met 'n geval wat so 'n uitbreiding sou toelig, is dit die ideale geleentheid om op vorige studies uit te brei. Soms word vorige studies ook gerepliseer, veral as 'n sekere model of beskrywing berus op 'n beskrywing van een vorige geval. Onbekende verskynsels of verskynsels wat relatief min voorkom, soos meervoudige persoonlikheidsversteuring, dien as 'n vierde motiveerder. Hierdie soort motiveerder was minder algemeen as die eerste drie.

8.2.1.5 Benutting van die resultate

Die benuttingswaarde van die internasionale artikels het ook 'n verskeidenheid sake betrek. Die algemeenste gebruik van die studies is dat die navorsers 'n doeltreffende tegniek voorstel en so aan ander terapeute 'n aanduiding gee dat die intervensie wel suksesvol kan wees. So 'n enkelgevalstudie gee aan ander praktisyns agtergrondinligting oor 'n tegniek asook 'n voorbeeld van 'n praktiese toepassing van 'n tegniek. Praktisyns gaan na die literatuur om te sien watter hanteringstrategieë potensiaal het en kom dus sodoende met die bydrae van enkelgevalstudies in aanraking. Die tweede gebruik van die resultate van enkelgevalstudies wat na vore gekom het, is die verskaffing van 'n verklaring vir 'n verskynsel. Hierdie verklaringsmodelle kan vir ander sielkundiges waardevolle insette oor hul kliënte gee. Hierdie verklaringsmodelle word met verskillende grade van tentatiewiteit aangebied. Die derde wyse waarop die resultate van die internasionale enkelgevalstudies gebruik kan word, is as 'n bron van wenke aan ander terapeute of navorsers wat met soortgelyke gevalle te make het. Verdere gebruike is dat enkelgevalstudies evaluering van meetinstrumente kan bied of ook die navorser se eie lewe en praktyk kan verander.

Die internasionale enkelgevalstudies lewer beslis 'n belangrike bydrae tot die gebied van die sielkunde. Die enkelgevalstudie vind binne elke spesialisasierigting 'n verskillende toepassingsvorm.

8.2.2 Samevatting van Suid-Afrikaanse proefskrifte en verhandelings

Die bevindinge met betrekking tot die Suid-Afrikaanse enkelgevalstudies soos gevind in die proefskrifte en verhandelings sal in hierdie gedeelte saamgevat en bespreek word.

8.2.2.1 Kwalitatief of kwantitatief

Die Suid-Afrikaanse enkelgevalstudies was meestal kwalitatief, met slegs een studie wat van 'n kombinasie-model gebruik gemaak het. Daar was geen kwantitatiewe enkelgevalstudies onder die Suid-Afrikaanse studies nie. Die navorsers wat in Suid-Afrika van die enkelgevalstudie gebruik maak, wil 'n bydrae tot die kennisarena lewer sonder om hul te laat bind deur die vereistes van positivistiese navorsing. Daar is by hierdie navorsers eerder 'n geneigdheid om van detailbeskrywing, diepte-analise, anekdotes, verhale en stories gebruik te maak. Hierdie groep Suid-Afrikaanse navorsers het dus 'n spesifieke beskouing van navorsing en sielkunde as wetenskap wat ook waarde heg aan die unieke en individuele kontekste van mense en nie slegs deur die soeke na universeel geldige wette gerig is nie. Ander beginsels, soos om die fenomene vir hulself te laat spreek en om kontekstueel geldige kennis te verkry, rig ook hierdie navorsers in hul studies.

Uit die tekort aan kwantitatiewe enkelgevalstudies blyk dit dat daar onder Suid-Afrikaanse navorsers 'n persepsie bestaan dat enkelgevalstudies slegs 'n kwalitatiewe metode is. Die kwantitatiewe navorsers oorweeg duidelik nie hierdie studie as 'n moontlikheid nie, waarskynlik omdat die bevraagtekening van die enkelgevalstudie binne kwantitatiewe kringe groter is. Kwantitatiewe navorsers kan wel enkelgevalstudies gebruik om unieke of rare verskynsels te bestudeer en sodoende in gekontroleerde omstandighede en deur gekwantifiseerde metings meer inligting oor hierdie verskynsels in te samel wat steeds aan die vereistes van kwantitatiewe navorsing voldoen.

8.2.2.2 Spesialisierigting

Die meeste van die Suid-Afrikaanse enkelgevalstudies het voorgekom binne die psigodinamiese, sistemiese en sosiaal-konstruksionistiese raamwerke. Hierdie drie

kennisraamwerke het al drie een faktor gemeen, naamlik dat al drie fokus op die waarnemer se invloed op die proses. Die psigodinamiese denkers fokus op teenoordrag; die sistemies- en sosiaal-konstruksionistiese denkers fokus op die waarnemer wat deel van die sisteem word, op selfrefleksiwiteit en ook op die onmoontlikheid van objektiwiteit. Hierdie raamwerke is nie positivisties nie, ondersoek nie objektief kontroleerbare gedrag nie en plaas groter klem op die unieke en individuele. Teoretici in hierdie raamwerke is gemaklik met anekdotiese inligting. Die denkraamwerke wat meer klem plaas op kontroleerbare aspekte en universeel geldende beginsels soos gedragsterapie sal dan meer geneig wees tot kwantitatiewe enkelgevalstudies en die een kognitiewe gedragsterapeutiese studie wat wel onder die Suid-Afrikaanse enkelgevalstudies voorgekom het, het van 'n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes gebruik gemaak.

8.2.2.3 Navorsingsdoelstellings

Wat die oorhoofse doelstelling van die Suid-Afrikaanse studies betref, was die oorgrote meederdheid van die studies gemoeid met beskrywing en slegs 'n klein persentasie met toetsing of teorieskepping. Hierdie beskrywende studies fokus op begrip in teenstelling met verklaring. Groter begrip word vir 'n spesifieke probleem, situasie of sindroom bewerkstellig deur middel van noukeurige en akkurate beskrywing. Deur die beskrywing van 'n intervensie dui die navorsers ook op verskillende toepassingsmoontlikhede van sekere ingrepe. Deur van die enkelgevalstudie as metode gebruik te maak, kry die navorsers uitstekende geleentheid vir detailbeskrywing, wat 'n moontlike verklaring vir die groot aantal beskrywende studies kan wees. Verder dui dit ook op 'n konserwatiewe benutting van die enkelgevalstudie en sensitiwiteit vir die kritiek dat geen universele stellings gemaak kan word op grond van 'n enkele geval nie. In 'n postmoderne era, wat in elk geval universeel geldende beginsels bevraagteken, ontstaan die vraag of enkelgevalstudies nie meer dikwels vir heuristiese doeleindes gebruik kan word nie?

8.2.2.4 Noodsaaklikheid van of motivering vir die studie

Die Suid-Afrikaanse enkelgevalstudies is meestal gemotiveer deur die behoefte om die praktiese toepassing van 'n teorie en nuwe aanwendingsmoontlikhede te illustreer. Tweedens is die navorsers, soos in die geval van die internasionale tydskrifartikels, deur vorige studies gemotiveer. Hier wil die navorsers die leemtes van vorige studies aanspreek, of op vorige studies uitbrei. Derdens is die navorsers gemotiveer deur die behoefte om 'n nuwe of vollediger beskrywing van 'n verskynsel daar te stel en so 'n alternatiewe fokus en siening te genereer. Die vierde motiveerder wat na vore gekom het, is die behoefte by verskeie navorsers om hul opleiding by die studie te betrek deur daarop kommentaar te lewer. Ander minder algemene motiveerders wat voorgekom het, was die behoefte om 'n bestaande teorie uit te brei of die behoefte om die geskiedenis van 'n spesifieke terapeutiese instansie te dokumenteer.

8.2.2.5 Benutting van die resultate

Soos in die geval van die internasionale artikels, het 'n groot persentasie van die studies afgesluit met wenke vir ander terapeute en navorsers. Hierdie wenke sou deur terapeute met soortgelyke gevalle gevolg kon word of deur navorsers wat dieselfde verskynsel wou bestudeer of navorsers wat ook van die enkelgevalstudie as metode gebruik wil maak. Van die studies se resultate is ook nuttig aangesien dit aandui dat 'n spesifieke teorie of tegniek bruikbaar was in die spesifieke konteks en moontlik ook bruikbaar sal wees in ander kontekste. Hierdie navorsers beweer nie dat die ingreep in alle kontekste toepaslik is nie maar wel dat die resultate van die studie moontlik deur ander praktisyns/navorsers as 'n vertrekpunt gebruik kan word. 'n Kleiner persentasies van die studies kan deur die opleidingsinstansies van die navorser gebruik word aangesien die studie die opleidingsproses ondersoek. Sulke studies bied resultate wat vir die navorsingsgemeenskap direk terugvoering gee. So word die kennis wat deur die studie genereer is eerstens direk teruggevoer na die gemeenskap waarin dit

gedoen is en tweedens bied dit kontekstueel bruikbare resultate.

8.3 VERGELYKING VAN TYDSKRIFARTIKELS EN PROEFSKRIFTE

TABEL 8.1 DIE VERGELYKING TUSSEN INTERNASIONALE ARTIKELS EN SUID-AFRIKAANSE PROEFSKRIFTE EN VERHANDELINGS (n=77)

Tema	Internasionale enkelgevalstudies	Suid-Afrikaanse enkelgevalstudies
Kwalitatief of kwantitatief	Byna eweredige verspreiding tussen kwantitatief en kwalitatief. Meestal kwantitatief	Hoofsaaklik kwalitatief
Spesialisierigting	Algemeen: Neurosielkunde; Psigopatologie Minder algemeen: Kognitief; Psigodinamies; Gedragsterapie	Algemeen: Psigodinamies; Sistemies; Sosiaal-konstruksionisties Minder algemeen: Kognitief; Korttermyn psigoterapie
Doelstelling	Byna eweredige verspreiding tussen toetsend, beskrywend en heuristies. Meestal toetsend en beskrywend en dan heuristies	Hoofsaaklik beskrywend. Byna geen toetsende of heuristiese studies nie
Motivering	<ul style="list-style-type: none"> • Intervensie bekenstel (25%) • Nuwe verklaring van verskynsel (25%) • Uitbrei op vorige studies (16%) • Rare of unieke verskynsels (15%) • Nuwe beskrywing van verskynsel (7%) 	<ul style="list-style-type: none"> • Illustreer die toepassing van 'n teorie (36%) • Verbetering van vorige studies (22%) • Nuwe of vollediger beskrywing (14%) • Terugvoer oor opleiding (14%) • Uitbreiding van teorie (9%) • Dokumentering van geskiedenis (5%)
Benutting van die resultate	<ul style="list-style-type: none"> • Stel doeltreffende tegniek bekend (44%) • Bied verklaring vir verskynsel (34%) • Gee wenke vir terapeute en navorsers (16%) • Bevestig die geldigheid van instrument (4%) • Verander eie praktyk (2%) 	<ul style="list-style-type: none"> • Gee wenke vir terapeute en navorsers (37%) • Bied bruikbare teorie (18%) • Bied bruikbare intervensie (13%) • Gee implikasies vir opleiding (9%) • Verklaar verskynsel (5%) • Bewerkstellig begrip vir verskynsel (5%)

Tabel 8.1 bied 'n kernagtige opsomming van die vergelyking tussen die tydskrifartikels en proefskrifte of verhandelings. Na aanleiding van hierdie samevatting van die resultate en die vergelyking van die tydskrifartikels en proefskrifte kan die navorsingsvraag nou beantwoord word.

8.4 NAVORSINGSVRAAG

In antwoord op die navorsingsvraag "*Hoe word enkelgevalstudies in die algemeen in Suid-Afrika gebruik?*" is gevind dat enkelgevalstudies in Suid-Afrika op 'n redelik eenvormige manier gebruik word. Die meeste van die studies is beskrywende studies wat poog om 'n verskynsel volledig te bespreek. Navorsers poog egter nie dikwels om verskynsels te verklaar of teorieë te toets nie. Hulle maak veral gebruik van 'n kwalitatiewe benadering en Suid-Afrikaanse enkelgevalstudies is oor die algemeen nie kwantitatief van aard nie. Die sistemiese, sosiaal-konstruksionistiese en psigodinamiese benaderings was sterk in die enkelgevalstudies verteenwoordig. Enkelgevalstudies het die meeste in die psigodinamiese rigtings voorgekom en verskeie onderwerpe soos persoonlikheidsverstourings, bulimie en selfs die okkulte is bestudeer deur psigodinamiese temas uit die data te ekstrapoleer. Die sistemiese of ekosistemiese studies het die fokus geplaas op disfunksionele gesinsisteme en het die temas op 'n meer insluitende en sikliese wyse ondersoek. Die sosiale-konstruksionisme het onderwerpe soos groepsterapie en homoseksualiteit bestudeer. Enkelgevalstudies in Suid-Afrika is dus volledige beskrywings van 'n verskynsel wat meestal van kliniese aard is, met die oog op beter begrip van die verskynsel.

Suid-Afrikaanse navorsers benut nie enkelgevalstudies op dieselfde manier as internasionale navorsers nie. Die internasionale studies het 'n veel groter verskeidenheid van toepassings gebruik. Daar was nie slegs beskrywende studies nie maar ook verklarende en toetsende studies. Kwantitatiewe studies was sterk verteenwoordig en 'n groot verskeidenheid van spesialisierigtings was

verteenwoordig. Die Suid-Afrikaanse navorsing toon veral min toetsende en heuristiese studies. Hierdie verskynsel kan geïnterpreteer word as 'n versigtige en konserwatiewe ingesteldheid wat by Suid-Afrikaanse universiteite teenwoordig is. Die vraag ontstaan of 'n groter blootselling aan verskillende soorte enkelgevalstudies hierdie situasie moontlik sal verander en sal lei tot 'n groter verskeidenheid van toepassings van hierdie soort studie.

8.5 DIE ROL VAN ENKELGEVALSTUDIES

Suid-Afrikaanse enkelgevalstudies kan 'n waardevolle rol in die wetenskap speel. Die studies wat bestudeer is, bevat 'n rykdom van spesifieke gekontekstualiseerde inligting wat sielkundiges se begrip kan verbreed. Benewens hierdie ryk beskrywings van mense in hul kontekste, bied hierdie enkelgevalstudies ook baie nuttige wenke en toepassings van teorieë. Hierdie studies gee aan terapeute wat met soortgelyke gevalle te make sou hê, bruikbare beskrywings en wenke. Navorsers dui effektief aan hoedat 'n teorie toegepas kan word op 'n gebied waar dit nog nie vantevore benut is nie. Enkelgevalstudies bied aan die leser verdere denkwyses oor 'n probleem of nuwe hanteringsmeganismes. Sommige van die enkelgevalstudies wat deur magisterstudente gedoen word, is ook vir hul opleidingsinstansies van nut deurdat hulle terugvoering oor die opleidingservaring gee en so nuwe idees vir opleiers en supervisors kan bied. Die meeste van die studies sal by die leser meer begrip vir 'n sekere persoon, proses of instansie wek, wat dui op die baie belangrike rol wat enkelgevalstudies in die sielkunde kan speel.

Die navorser wil nie hiermee suggereer dat beskrywing die enigste waardevolle aspek van navorsing is nie, maar wil uitwys dat enkelgevalstudies 'n baie belangrike bydrae tot die sielkunde lewer in die vorm van goeie, waardevolle beskrywings (Christensen, 1985). Die volgende kan as voorbeeld dien: indien enige persoon meer inligting wil bekom oor 'n verskynsel soos moord, kan statistiek rakende die verskynsel verkry

word (bv. die aantal moorde per stad per jaar) of stories oor mense se ervaring van verlies kan bekom word. Albei hierdie vorme van inligting is belangrik maar elkeen lei tot 'n spesifieke vorm van verstaan en speel 'n verskillende rol. Die waarde van enkelgevalstudies lê juis daarin dat die ingesamelde data nie konteksloos is nie en verskynsels dus kontekstueel verhelder word.

Daar sou slegs bespiegel kon word oor die invloed wat die gepubliseerde enkelgevalstudies op die skrywers daarvan sou gehad het! Daar word dikwels in kritiese evaluering van navorsing gevra watter nut die studie vir die wetenskaplike gemeenskap het. Dit is inderdaad 'n sinvolle vraag, maar sou navorsing nie ook 'n invloed op die navorser kon hê nie? In 'n enkelgevalstudie raak die navorser baie betrokke by die data, met ander woorde, by een geval en meestal een persoon. Hierdie skrywer wonder op watter manier hierdie eensydige belewenis en betrokkenheid 'n navorser kan beïnvloed. Die proses van navorsing verander enige navorser. En die vraag bly: watter rol speel 'n enkelgevalstudie in die navorser se lewe? Beïnvloed die intensiewe bestudering van een subjek die navorser op enige manier? Wat is die invloed daarvan om langdurig en grondig oor 'n terapeutiese proses met 'n kliënt en oor 'n terapeut se eie invloed daarop na te dink? Het 'n enkelgevalstudie 'n ander invloed op 'n navorser as wat 'n groepstudie sou gehad het?

8.6 DIE NAVORSER-PRAKTISYN-SKEIDING

Een aspek waarin die enkelgevalstudie die navorser beïnvloed, is in die ontwikkeling van praktiese vaardighede. Die wenke wat die navorsers vir terapeute gee asook die beskrywings van waardevolle praktiese toepassings wat uit enkelgevalstudies voortspruit, dra vanselfsprekend ook tot die navorser se eie praktiese vaardighede by. Enkelgevalstudies behels meestal 'n beskrywing van 'n praktiese situasie. Navorsers lewer dikwels kommentaar op dit wat hulle as terapeute uit die geval geleer het en so speel die navorsing 'n rol in die ontwikkeling van die terapeut. Deur die neerskryf van

'n enkelgeval gebeur daar dus twee dinge: 'n bydrae word tot die publieke arena en die gebied van die sielkunde gelewer en tweedens word die terapeut of praktisyn se vaardighede verryk. Enkelgevalstudies bied aan praktisyns dus geleentheid om navorsers te wees en aan navorsers om ook op hul praktiese ervaring te fokus. Enkelgevalstudies bied ook aan praktisyns geleentheid om die kennis wat hul op grond van ervaring opdoen, in die publieke arena bekend te stel en die reaksie daarop te kan beskou. Praktisyns se kennis op grond van ervaring is in wese kennis wat opgedoen is deur middel van opeenvolgende gevalle of meervoudige gevallestudies. Deur hierdie gevallestudies met ander te deel, kan praktisyns ook terugvoering oor hul eie kenniswêreld kry. Enkelgevalstudies kan 'n metode word om die groot verdeling tussen navorsers en praktisyns, wat in die literatuuroorsig bespreek is, te oorbrug (Kendall & Norton Ford, 1982; Polkinghorne, 1992). Verskeie van die studies wat ondersoek is, het ook getoon hoedat die navorsers hul praktyk aangepas het as gevolg van hul navorsing of hoedat die navorsers nuwe idees oor die verskynsel in hul raamwerk geïnkorporeer het.

Die konstruksionistiese studies het ook aangedui hoe enkelgevalstudies aan navorsers geleentheid gee om oor hulself en hul bydrae tot die proses te besin. Hierdie selfrefleksiwiteit is nie alleen 'n waardevolle aspek van navorsing nie maar ook baie waardevol in terapie (Kvale, 1992). In sommige van die konstruksionistiese studies het die navorsers hulself en hul eie opleidingsproses as onderwerp van studie gebruik en sodoende 'n uitstekende geleentheid geskep vir selfrefleksie.

8.7 LEEMTES VAN DIE STUDIE

